

**Die vertaling van die teenwoordige deelwoord in Augustinus
se *Confessiones***

deur

Anna Maria Grobler, Hons. B.A., H.O.D.

**Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Magister
Artium (Engels) aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër
Onderwys.**

Studieleier: Dr. M.E. Nelson, D.Litt., M.A., S.O.D.

Hulpleier: Prof. A.L. Combrink, D.Litt., H.O.D.

November 1998

Aan my man

Finansiële steun verleen deur die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling word
dankbaar erken. Alle gevolgtrekkings is dié van die skrywer en moet nie aan die SWO
toegeskryf word nie.

DANKBETUIGINGS

In nederige erkentlikheid is dit 'n behoefte van die hart om die volgende persone hartlik te bedank vir hulle besondere bydraes:

- My studieleier, dr. M.E. Nelson, wie se welwillendheid en simpatieke leiding oneindig baie vir my beteken het. Die besonder tegemoetkomende gebaar om 'n rekenaar tot my beskikking te stel tydens die finale afrondingsproses verdien 'n spesiale woord van dank. Ook aan Prof. H.D. Nelson vir sy bereidwilligheid om hoofstukke per e-pos te ontvang.
- Die hulpleier, Prof. A.L. Combrink, vir positiewe en inspirerende akademiese vorming wat reeds op voorgraadse vlak begin het en deur die loop van jare 'n besondere indruk gelaat het.
- My ouers: wyle Prof. A.G.P van der Walt, wat van kindsbeen af 'n liefde vir die klassieke laat bloei het deur sy inspirasie en leiding, en Martie Penning, wie se volgehoue aanmoediging en finansiële steun 'n geweldige aansporing was.
- My skoonsus Corli vir haar geduld en gasvryheid tydens ons verblyf in Potchefstroom met die finale afrondingsfase.
- My man Hans, sonder wie se gewaardeerde bystand en ondersteuning dit vir my prakties onmoontlik sou wees om te studeer. Ook ons kinders Jorica, Francine en Nicky wat elkeen opofferings moes maak om die studie moontlik te maak.

Aan God al die eer en dank.

ABSTRACT

This study examines obstacles presented by the present participle when one is translating from an ancient inflected language (Latin) to a modern language (Afrikaans). It is based on Book I of the *Confessiones* by Augustine. To start with, Book I had to be translated into Afrikaans. The complete Latin text, together with the translation into Afrikaans, is provided in the Addendum. All present participles and their translations are underlined.

In this study all present participles in the original Latin text are compared to the Afrikaans translation of the text. In the examination of the present participles in the Latin text, it was found that the vast majority of present participles had been lost in the Afrikaans version. This points to a much higher frequency of the use of the present participle in Latin, suggesting that the translator had to find other ways in which to represent those phrases originally represented by present participles. It transpired that there is a predictable preference regarding the translation of present participles. A grammatical rephrasing with an adjectival function was seen to have the highest frequency, closely followed by those with an adverbial function. The remaining cases were provided for by way of grammatical rephrasing with a substantival or verbal function. In a small number of cases (mostly stereotyped) present participles were available in Afrikaans, making it possible to retain the present participle in the translation. In the conclusion, a number of suggestions are made towards assisting translators dealing with source languages that

contain grammatical structures that are unavailable to or less frequently applied by the *target language*.

OPSOMMING

Hierdie studie ondersoek die probleem van die teenwoordige deelwoord wanneer 'n teks vertaal word uit 'n antieke verboë taal (Latyn) na 'n moderne taal (Afrikaans). Hierdie studie is gebaseer op Boek I van die *Confessiones* van Augustinus. Ter aanvang moes 'n Afrikaanse vertaling van dié boek geskep word. Die volledige Latynse teks met die vertaling is vervat in die bylaag. Alle teenwoordige deelwoorde en hul vertalings is onderstreep.

Al die teenwoordige deelwoorde in die Latynse teks is vergelyk met die Afrikaanse vertaling van die teks. Wanneer die vertaling van die teenwoordige deelwoord uit die Latynse bronteks nagegaan word, blyk dit dat heelwat van die teenwoordige deelwoorde in die Afrikaanse teks verlore gegaan het, wat impliseer dat die vertaler ander maniere moes vind om die betrokke frases weer te gee. Dit blyk dat daar 'n voorspelbare voorkeur is ten opsigte van die vertaling van teenwoordige deelwoorde na Afrikaans. Die grammatikale omstelling met 'n byvoeglike funksie het die hoogste frekwensie gehad, terwyl omstellings met 'n bywoordelike funksie, substantiewiese funksie en werkwoordelike funksie vir die ander gevalle voorsiening maak. In 'n klein aantal gevalle bestaan daar (meestal geykte vorme van die) teenwoordige deelwoord wat dan in die Afrikaanse vertaling behou kan word. Ten slotte word 'n aantal wenke aan die hand gedoen vir vertalers wat te make het met brontekste wat 'n taalkonstruksie bevat wat nie in soortgelyke mate voorkom in die doeltaal nie.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

Dankbetuigings	i
Abstract	ii
Opsomming	iv
Inhoudsopgawe	v
HOOFSTUK 1: KONTEKSTUALISERING	2
1.1 Augustinus vandag	2
1.2 Doel van die studie	3
1.3 Motivering	5
1.4 Literatuur	7
1.4.1 Beskikbare literatuur	7
1.4.2 Bestaande vertalings van die <i>Confessiones</i>	8
1.4.3 Verdere navorsing	9
1.5 Metode gevolg	10
VERTAALKUNDE KONTEKSTUALISERING	11
1.6 Probleme rondom die vertaling van 'n teks	12
1.6.1 Kultuur	12
1.6.2 Die fokus van die vertaler	17
1.6.3 Verskillende benaderings tot vertaling	18
HISTORIESE KONTEKSTUALISERING	22
1.7 Augustinus se lewensgeskiedenis	22
1.8 Die <i>Confessiones</i>	26
1.8.1 Redes vir die skryf van die <i>Confessiones</i>	26
1.8.2 Die betekenis van die <i>Confessiones</i>	27
1.8.3 Die titel <i>Confessiones</i>	28
1.9 Augustinus en Hieronymus oor vertaling	32
1.10 Slot	33

HOOFSTUK 2: OORSIG OOR DIE TEENWOORDIGE DEELWOORD 35

2.1	Teenwoordige deelwoorde in Latyn	35
2.1.1	Hoe die deelwoord gevorm word	36
2.1.2	Die betekenis van die teenwoordige deelwoord	36
2.1.3	Teenwoordige deelwoord en adjektief	38
2.2	Teenwoordige deelwoorde in Afrikaans	39
2.2.1	Die aard van die Afrikaanse onvoltooide deelwoord	40
2.2.2	Funksies van die onvoltooide deelwoord in Afrikaans	42

HOOFSTUK 3: KATEGORISERING EN BEPREKING VAN VERTAALWYSES VIR TEENWOORDIGE DEELWOORDE 44

3.1	Statistiek	44
3.2	Kategorisering van vertaalwyses vir die Teenwoordige Deelwoord	44
3.2.1	Vertaling met 'n byvoeglike funksie	45
3.2.2	Vertaling met 'n bywoordelike funksie	51
3.2.3	Vertaling as werkwoorde	57
3.2.4	Vertaling met substantiwiese funksie	58
3.2.5	Voorsetsel	60
3.3	Teenwoordige deelwoorde in die Afrikaanse Teks	61
3.3.1	Teenwoordige deelwoorde as vertaling vir teenwoordige deelwoorde	61
3.3.2	Geykte vorme van die teenwoordige deelwoord	63
3.3.3	Teenwoordige deelwoorde wat in die vertaling bygekom het	64
3.4	Statistiek	65
3.4.1	Vergelyking van vertaalwyses van teenwoordige deelwoorde in Afrikaanse teks	65
3.4.2	Bespreking van statistiek	66
3.4.3	Frekwensie van vertaalwyses wat gebruik is	70

HOOFSTUK 4: RESULTATE, GEVOLGTREKKINGS EN SLOT	71
4.1 Resultate van ondersoek	71
4.2 Gevolgtrekkings	71
4.3 Vertaalstrategieë	74
4.4 Ten slotte	76
VERWYSINGS	78

HOOFSTUK 4: RESULTATE, GEVOLGTREKKINGS EN SLOT	71
4.1 Resultate van ondersoek	71
4.2 Gevolgtrekkings	71
4.3 Vertaalstrategieë	74
4.4 Ten slotte	76
VERWYSINGS	78

Aanhangsel:

Vertaling van die Confessiones deur AM Grobler

*Translation is concerned with moral and with factual truth.
This truth can only be effectively rendered if it is grasped by the reader,
and that is the purpose and the end of translation
(Newmark, 1993:36).*

HOOFSTUK 1

KONTEKSTUALISERING

Hierdie hoofstuk bevat ter inleiding drie hoofafdelings :

Motivering (1.1-1.5);

Vertaalkundige kontekstualisering (1.6); en

Historiese kontekstualisering(1.7-1.9).

MOTIVERING

1.1 Augustinus vandag

Aurelius Augustinus is oorlede in 430 n.C. Vandag, 15 eeue later, geniet sy werke nog steeds die aandag van teoloë - Rooms-Katolieke sowel as Protestante - én van gewone mense, in soverre dit beskikbaar is in vertaling. Sommige van sy werke was afgestem op geleerdes - soos die bekende *De civitate Dei* - terwyl ander werke ook en veral spreek tot gelowiges met geen besondere teologiese skoling nie. Die *Confessiones* val in albei hierdie kategorieë. Dit het diepsinnige dimensies wat meer tot die teologie behoort, maar die hoogs persoonlike styl, die eg-menslike worstelinge waarvan dit vertel en die realiteit van die alledaagse lewe wat tussen die reëls deurskemer, maak dit by uitstek 'n boek wat elke gelowige se aandag trek en wat deur die eeue heen die vermoë bly behou het om tegelyk te betower en te boei. Dit is die kwaliteit wat die vertaler/vertaalteoretikus ook inspireer om met die tekste in gesprek te tree en aspekte daarvan oop te dek en breër bekend te stel.

1.2 Doel van die studie

Dit is nie die bedoeling van hierdie studie om 'n breedvoerige oorsig te verskaf oor vertaalteorie soos dit deur verskeie skrywers uiteengesit is nie. Die fokus van hierdie studie is eerder baie meer spesifiek van aard en lê primêr op die terrein van die (ver-) taalkunde: die problematiek rondom die vertaling van 'n bepaalde taalkonstruksie na 'n taal waaraan dit in 'n groot mate vreemd is.

Wanneer 'n vertaler spesifiek 'n Latynse bronteks na Afrikaans toe vertaal, hou die feit dat die taalstrukture verskil interessante struikelblokke in. Latyn word beskou as 'n sintetiese taal wat verskeie kompakte vorme gebruik, waarvan werkwoordwyses en -tye 'n baie breë en algemene kategorie uitmaak. Hieronder kan die gebruik van deelwoorde (*participia*) gevoeg word: verlede deelwoorde, teenwoordige asook toekomstige deelwoorde. Dit is eie aan die aard van Latyn dat deelwoorde dikwels, en tot pragtige beeldende gevolg, ingespan word om die situasie ten beste op die tipies bondige wyse van Latyn te verwoord. In Afrikaans is veral die gebruik van die teenwoordige deelwoord uiters beperk, hoofsaaklik tot 'n aantal gekte vorms. Wanneer 'n teks dus uit Latyn in Afrikaans vertaal moet word, skep die vertaling van die deelwoorde - en spesifiek die teenwoordige deelwoord - 'n vertaalprobleem wat eie is aan vertaling in Afrikaans.

Heel dikwels gebeur dit dat daar nie in Afrikaans 'n direkte ekwivalent vir die teenwoordige deelwoord van die Latynse bronteks bestaan nie, of as een gevorm sou word deur (e)nd agteraan die werkwoord te voeg, dit geforseerd en onnatuurlik klink. Net somtyds is daar wel 'n aanvaarbare toepaslike deelwoord - dan is die vertaler

gelukkig! Alhoewel die vertaler van 'n Latynse teks tipies poog om eerder by Newmark se konsep van 'n semantiese vertaling (kyk onder 1.6.2) te hou, word dit in so 'n geval nodig om nader aan die kommunikatiewe vertaalwyse te beweeg ten einde 'n vertaling te skep wat eenvoudig, vlot en idiomaties in die doeltaal lees. Newmark stel dit dat die vertaler dus eerder sal *ondervertaal* deur van neutrale, algemene terme gebruik te maak (1981:39). Dit wil gevolglik voorkom of die vertaler geen ander keuse gelaat word nie as om heel dikwels 'n ander manier, of soms selfs maniere, te vind of te skep om die teenwoordige deelwoord mee weer te gee in die doelt eks. Aangesien taal 'n dinamiese en dikwels onvoorspelbare medium is, mag dit in 'n uitsonderlike geval selfs gebeur dat daar in die doeltaal 'n teenwoordige deelwoord beskikbaar is terwyl dit nie in die bronteks voorkom nie.

Dit is die oogmerk van hierdie studie om na te gaan op watter maniere die Latynse teenwoordige deelwoord in 'n Afrikaanse vertaling weergegee kan word. My uitgangspunt vir die vertaling van 'n Latynse teks na Afrikaans is die ideaal van formele teksgetrouheid. Soos hierbo gestel, bestaan die vermoede dat daar 'n aantal alternatiewe maniere is om die teenwoordige deelwoorde wat in 'n Latynse bronteks voorkom, in Afrikaans te vertaal. Hierdie probleem ressorteer onder die "vertaalbaarheid" van 'n teks (vergelyk Postma, 1995:55) omdat die vertaler gedwing word om alternatiewe maniere te vind en selfs te skep om die betekeniswaarde van die teenwoordige deelwoord in die bronteks te weerspieël in die vertaling. In die proses sal ook aangetoon word dat die frekwensie van teenwoordige deelwoorde in 'n Afrikaanse vertaling beduidend laer sal wees as in die oorspronklike Latynse teks.

Die doelstellings van hierdie studie is dus die volgende:

1. Om self 'n vertaling te skep van Boek I van Augustinus se *Confessiones*, en dit as korpus¹ te gebruik in die daaropvolgende studie;
2. om die aard en funksie van die teenwoordige deelwoord te definieer sodat dit sinvol uit Latyn in Afrikaans vertaal kan word;
3. om 'n klassifikasie en beskrywing te bied van die wyses waarop die teenwoordige deelwoord in die betrokke vertaling van die betrokke werk weergegee is. Dit behels dat statistiek gehou word van die frekwensie van teenwoordige deelwoorde in beide bronteks en vertaling, en die kategorisering van die wyses waarop dit vertaal is; en
4. om 'n bydrae te lewer tot die formulering van 'n vertaalstrategie wat tot nut kan wees vir vertalers van tekste waarin die teenwoordige deelwoord ekstensief voorkom.

1.3 Motivering

Soos reeds gesê, word Augustinus se werke oor die aard van geloof en verwante religieuse temas vandag nog ywerig bestudeer deur sowel kerkhistorici as teoloë², in beide die Rooms-Katolieke en Protestantse tradisie. Ook die studieverde van geskiedenis³ en etiek vind sy uitsprake wetenswaardig. Dit word trouens aanvaar dat

¹ Hierdie vertaling is afgehandel en deur die studieleiers "gesertifiseer" as 'n afgehandelde teks vir doeleindes van die bereiking van die doelwitte van die studie.

² Ter staving van hierdie opmerking kan mens noem dat Coetzee (1998:7) na Augustinus verwys as die enigste ware kerkleier van formaat wat uit Afrika kom. In die Rooms-Katolieke tradisie het Augustinus 'n onbetwisbare gesag, aangesien hy gereken word as een van die vier Vaders van die Kerk (Delisle, 1995:169).

³ In terme van die geskiedenis, verwys Brown (1967:31) na drie studies oor Augustinus wat poog om geskiedenis met psigoanalise te kombineer.

Augustinus se *Confessiones* 'n onbetwisbare plek het te midde van die groot meesterstukke van Westerse letterkunde (Chadwick, 1991:ix). Aktuele onderwerpe waaroor daar spesifiek in die *Confessiones* besin word, is die begin van lewe (wat vir die huidige debat oor aborsie van belang is), erfsonde en predestinasie. Daar is selfs 'n teoloog wat reken dat Augustinus beskou kan word as die enigste Christelike politieke leier van faam uit Afrika (Coetzee, 1998:7).

Aangesien daar soveel aktualiteit in die werke van Augustinus opgesluit lê, is dit van belang dat die tekste deur vertaling vir die algemene publiek ontsluit word. Dit is waarskynlik die beste oplossing vir die feit dat Latyn vandag nie meer so toeganklik is as wat dit byvoorbeeld vir die geletterde leser was ten tyde van die teboekstelling van die *Confessiones* nie.

In die tweede instansie is daar ruimte vir 'n studie betreffende die vertaling van teenwoordige deelwoorde na Afrikaans, juis omdat deelwoorde 'n onmisbare deel van Latyn uitmaak. Wanneer 'n Latynse teks dus na Afrikaans vertaal moet word, word die vertaler gekonfronteer met die realiteit van 'n bronteks wat 'n taalkonstruksie bevat wat hoofsaaklik beperk is tot 'n aantal geykte vorme in die doeltaal. Ongeag die vertaalbenadering wat gevolg word, moet die vertaler maniere vind om te vertaal, en hierin kan die resultate van hierdie studie voorsien. Aangesien daar nie baie tersaaklike navorsingsresultate beskikbaar is nie, en dit tog waarskynlik lyk dat vertalers in die toekoms met dieselfde probleem te make sal hê, lyk dit vrugbaar om

Dit is belangrik in die algemeen om te let daarop dat die *Revue des études augustiniennes*, viii, 1962, pp 1-124 lys 988 titels oor Augustinus; dit word jaarliks bygewerk met ongeveer 400 titels. Daar is ook 'n publikasie van T. van Bavel, *Répertoire bibliographique de S. Augustin, 1950-1960* (Instrumenta Patristica, III), 1963, wat nie minder nie as 5502 hedendaagse titels oor Augustinus bevat.

so 'n studie te onderneem. In die breë gesien, behoort vertalers die navorsingsresultate te kan benut wanneer daar sprake is van 'n brontaal wat baie teenwoordige deelwoorde bevat en 'n doeltaal (soos Afrikaans) wat nie in dieselfde mate gebruik maak van dié konstruksie nie.

1.4 Literatuur

1.4.1 Beskikbare literatuur

Uit literatuursoektogte blyk dit dat 'n groot leemte bestaan rakende die vertaling van vreemde taalkonstruksies. House bied 'n bruikbare model aan vir die toets van die kwaliteit van 'n vertaling (1977:37), en bespreek ook die moontlikheid van ekwivalensie breedvoerig (1977:244) maar meld nie eksplisiet die kwessie van spesiale konstruksies soos teenwoordige deelwoorde nie. Conradie (1979) ondersoek die diachronie van die verlede deelwoord in Afrikaans, maar die teenwoordige deelwoord val nie binne die studieveld nie. Bosman (1986) bestudeer die vertaling van die Griekse teenwoordige deelwoord na Afrikaans, en spits dit veral toe op die Bybel.

Die verklaring vir die gebrek aan navorsing spesifiek ten opsigte van die teenwoordige deelwoord is miskien daarin geleë dat die taalkonstruksie eie is aan sekere tale en vreemd is aan ander - in die besonder dan aan Afrikaans. Dit wil dus voorkom of daar spesifiek gelet sal moet word op navorsing van wetenskaplikes wat betrekking het op Afrikaans, of Afrikaans-identiese konstruksies. In hierdie verband lewer Nelson twee bydraes. In haar proefskrif (1991) word onder andere gehandel oor die probleem van

die vertaling van die teenwoordige deelwoord uit Nederlands na Afrikaans. Hierdie vertaalsituasie verskil tog in 'n mate van die een wat ontstaan wanneer 'n teks uit Latyn na Afrikaans vertaal moet word. Tweedens het 'n artikel uit die pen van dieselfde skrywer, in samewerking met Boonzaai (1993) verskyn, wat twee Afrikaanse vertalings van een Latynse bronteks (die *Aeneis* van Vergilius) vergelyk ten opsigte van die frekwensie en vertaalwyses van teenwoordige deelwoorde in twee verskillende Afrikaanse vertalings. Hieruit word die gevolgtrekking gemaak dat daar 'n aantal alternatiewe wyses bestaan om die teenwoordige deelwoord nader aan die Afrikaanse idioom te vertaal, en die strukture wat in twee Afrikaanse vertalings gebruik is om die teenwoordige deelwoorde te vertaal, word statisties vergelyk (1993:147). Hierdie artikel bevat waardevolle en relevante gegewens, alhoewel die teks onder bespreking klassieke Latyn is, en dit heelwat verskil van die kerklatyn van Augustinus (waarop hierdie studie betrekking het) ten opsigte van woordeskat en literêre styl.

Dit is dus duidelik, uit hierdie baie klein omvang van beskikbare literatuur, dat die veld relatief onbeskryf is, en dat dit moontlik is vir 'n navorser om 'n bruikbare bydrae te maak in hierdie geval. Die klein hoeveelheid spesifiek-toepaslike literatuur stel uiteraard ook dan 'n uitdaging aan die navorser, omdat soveel werk oorspronklik gedoen moet word.

1.4.2 Bestaande vertalings van die *Confessiones*

Sover vasgestel kon word deur literatuursoektogte is daar geen gepubliseerde Afrikaanse vertaling van die *Confessiones* nie, alhoewel die werk as een van

Augustinus se bekendstes gereken word. (Daar is 'n ongepubliseerde vertaling deur Blanckenberg, soos gemeld deur Smuts [1986].) Vertalings het wel in Engels, Nederlands en Frans verskyn. Die hedendaagse Engelse vertaling van Chadwick (1991) en die Nederlandse vertaling van Sizoo (1948) bied 'n interessante punt van vergelyking, aangesien die twee tale heelwat gemakliker as Afrikaans omgaan met die teenwoordige deelwoord, en beide vertalers dus ruimskoots gebruik maak van teenwoordige deelwoorde in hul vertalings. Ter aanvang is dit dus gebiedend dat 'n eie Afrikaanse vertaling geskep word van 'n gedeelte van die *Confessiones* - te wete Boek I - ten einde die studie te kan maak. Die vertaling van Boek I van die *Confessiones* lewer dus reeds 'n spesifieke bydrae tot die korpus Afrikaanse lesers van Latynse werke.

Die teks van die *Confessiones* wat vir die doeleindes van hierdie studie gebruik is, is dié van Skutella, wat in 1934 by Teubner in Leipzig verskyn het. Dieselfde teks word ook deur Sizoo (1948:5) aanvaar as basis vir sy vertaling. Ook Chadwick (1991) se vertaling is daarop gebaseer. Skutella se teks is hoofsaaklik saamgestel uit negende-eeuse manuskripte (Chadwick, 1991:xxvi). (Kyk ook O'Donnel [1992] vir sy aanpassings van Skutella & Verheijen se teks.)

1.4.3. Verdere navorsing

Alhoewel hierdie studie nie wil voorgee dat die laaste woord oor die vertaling van die teenwoordige deelwoord in Afrikaans gesê is nie, is dit tog die gevoel van die skrywer dat die onderwerp homself nie leen tot *intensiewe* voortgesette studie nie. Die motivering hiervoor is tweeledig: eerstens omdat die teenwoordige deelwoord nie 'n

uiters prominente posisie in Afrikaans beklee nie, en tweedens omdat die vertaalbenadering waarvolgens die vertaler te werk gaan, tot 'n groot mate gaan bepaal of dit werklik 'n probleem is om 'n ekwivalent te vind vir die konstruksie uit die brontaal.

Met bogenoemde in ag geneem, bestaan daar myns insiens tog ruimte vir verdere navorsing oor die vertaling van die Latynse *voltooide* deelwoord na Afrikaans. Net soos by die teenwoordige deelwoord, is dié konstruksie in Afrikaans in 'n groot mate verouderd en skep dit dus vir die vertaler 'n struikelblok. Globaal gesproke kan die voortgesette ontwikkeling van 'n vertaalstrategie of vertaalbenadering, spesifiek met betrekking tot taalverskille, ook van nut wees vir vertalers wat 'n teks uit enige taal moet vertaal na 'n doeltaal wat nie beskik oor 'n kongruente of ekwivalente konstruksie nie.

1.5 Metode gevolg

Die studie bestaan uit vier afdelings, naamlik

1. Die oorspronklike teks en **vertaling** van Boek 1 van Augustinus se *Confessiones*.
2. Verskeie **verkennende ondersoeke**:
 - na die aard van die teenwoordige deelwoord, sowel in Latyn as Afrikaans;
 - na die invloed van vertalingsteorie op die praktiese vertaalproses van 'n teks uit Latyn in Afrikaans.

3. Die **studie en interpretasie van gegewens** met betrekking tot die teenwoordige deelwoord wat verkry word vanuit die oorspronklike vertaling van Boek 1 van Augustinus se *Confessiones*.

4. Gevolgtrekkings en vertaalstrategieë

Die volgende is as uitgangspunte geneem:

- Die metode van ondersoek is empiries van aard.
- Die Afrikaanse vertaling van Boek 1 sal dien as korpus vir die onderhawige studie.⁴
- As vertrekpunt sal 'n studie gemaak word van die aard en funksie van die Latynse én Afrikaanse teenwoordige deelwoord, en die funksionering daarvan in beide Afrikaans en Latyn sal ondersoek word.
- Daarna word die verskillende wyses waarop teenwoordige deelwoorde van die brontaal na die doeltaal oorgedra is, geklassifiseer en statisties vergelyk. Die beginsel waarvolgens **klassifikasie** plaasgevind het, berus op die **funksie van die teenwoordige deelwoord of frase in die doeltaal**.
- Die frekwensie van teenwoordige deelwoorde in brontaal en doeltaal word ook vergelyk.
- Let daarop dat die semantiese benadering tot vertaling voorkeur geniet, alhoewel die vertaling van veral teenwoordige deelwoorde waarskynlik daarvan sal afwyk.
- Ten slotte word 'n aantal gevolgtrekkings gemaak en die moontlike oplossings vir die probleme rondom die vertaal van teenwoordige deelwoorde in die algemeen

gelys en bespreek as strategieë wat vertalers van dergelike tekste van hulp kan wees.

VERTAALKUNDIGE KONTEKSTUALISERING

1.6 Probleme rondom die vertaling van 'n teks

Uit beide 'n praktiese en filosofiese oogpunt is daar 'n magdom sake waarom die vertaalkunde kan besin. Verskillende praktiese en filosofiese probleme kompliseer die daargestelling van 'n goeie, getroue, effektiewe, ekwivalente of funksionele vertaling van die bronteks. Lederer formuleer die (ideale) afwesigheid van die spektrum van probleme treffend:

Théoriquement, aucun obstacle d'ordre linguistique, culturel, stylistique, thématique ou terminologique ne s'oppose à elle (1994:111).

In die praktyk blyk dit natuurlik egter alles behalwe probleemloos te wees.

1.6.1 Kultuur

Een van die primêre kwessies waarmee die vertaler rekening moet hou, is dié van kultuur, omdat dit verskil van brontaal tot doeltaal (Nida, 1988:167). Dis moeilik bepaalbaar of taal kultureel gedetermineer is, en of kultuur deur sy taalgebruikers gedefinieer word. Beide taal en kultuur oefen myns insiens 'n wederkerige invloed uit

⁴

Die kwessie van 'n kontrolevertaling deur 'n ander vertaler is ondersoek, maar in die lig van die feit dat daar nie 'n volledige gepubliseerde vertaling van die teks beskikbaar is nie, is hierdie metode gevolg.

op die kollektiewe lewensbeskouing van 'n taalgemeenskap, wat op sy beurt weer beïnvloed word deur faktore soos wetenskaplike ontwikkeling en moderne insigte. Soos Bell (1991:161) tereg verklaar dat taal nie in isolasie van sy gebruikers kan bestaan nie, word dit algemeen aanvaar dat enige taaluiting ingebed is in 'n kultuur (vergelyk Postma, 1995:54). Hoe meer kulturele elemente dus in 'n teks te vinde is, hoe moeiliker word dit vir die leser van 'n vertaling om dit te volg, tensy die vertaler moeite doen om die kultuurgebonde elemente te eksplisiteer. Snell-Hornby (1988:41) noem literêre tekste wat in 'n antieke kultuur ingebed is as 'n voorbeeld van tekste wat moeiliker vertaal word in 'n moderne taal en kultuur, juis vanweë die afstand ten opsigte van temporele en ruimtelike faktore.

Uit hoofde van die rol wat Latyn dwarsdeur die Middeleeue en daarna vervul het as draer van wetenskaplike, filosofiese en teologiese kennis (Baker, 1998:495) is dit te verstane dat Latyn as die dominante kultuurtaal tot aan die einde van die agtiende eeu gefunksioneer het. Gevolglik het vertaling *in Latyn* 'n belangrike rol gespeel in die vorming van westerse kultuur (Baker [red.], 1998:495). Ironies genoeg was die uiteindelijke effek van die algemene praktyk om tekste uit ander tale in Latyn te vertaal tot nadeel van Latyn, aangesien die wyse van vertaling 'n lomp en onduidelike teks tot gevolg gehad het (Kelly, 1979:76). Tymoczko (1985:78) verduidelik dat die logika van vertalings die doekultuur se siening van die bronskultuur (positief óf negatief) kan beïnvloed. Dis begryplik dat die onus op die vertaler rus om te verseker dat die vertaling nie daartoe lei dat logiese gevolgtrekkings verduister word nie. Weliswaar het die vertalers in Latyn eerder ten doel gehad om 'n sekere prestige aan hul brontaal (en die kultuur waarbinne dit funksioneer) te verskaf deur inheemse literatuurskatte te “verhef” tot die invloedryke Romeinse taal en kultuur. Kelly (1979:84) noem dat

vertalers die funksie van vertaling vroeg reeds beskou het as 'n vakmanskap, waardeur 'n mens alles wat van waarde was in die ander kultuur, kon leer. Dit moes noodwendig lei tot die verryking van die doeltaal en sy kultuur.

Gentzler (1993:117) haal Even-Zohar aan in verband met die invloed van vertaling op die kultuur van die doeltaal. Hy noem drie gevalle wanneer vertaling 'n primêre plek in die ontwikkeling en/of vorming van die doeltaal sal hê, naamlik

- in die geval van 'n jong tradisie wat nog gevestig moet word;
- wanneer 'n tradisie swak of periferaal (of albei) is; en
- wanneer 'n tradisie 'n keerpunt ondervind.

('n Afrikaanse vertaling van die *Confessiones* kan voorsien in 'n leemte wat 'n mens onder die tweede van bogenoemde gevalle sou kon klassifiseer, vergelyk die stelling van Baker wat hieronder aangehaal word.)

Die teenoorgestelde sosiale toestande het 'n situasie tot gevolg waarin vertaling 'n sekondêre rol speel, aangesien die oorspronklike skeppings onafhanklik van vertalings funksioneer en vermeerder (Gentzler, 1993:118).

Wanneer vertaling dus uit die oogpunt van die doeltaal en -kultuur benader word, meen Toury (in Gentzler, 1993:129) dat vertaling 'n deursigtige term word wat afhanklik is van die kragte van die geskiedenis en die semiotiese web wat kultuur genoem word. In dié verband stel Toury dat vertalers hulle keuses ondergeskik (moet) stel aan kragte wat die besluitnemingsproses op daardie oomblik beheer. Die

wisselwerking tussen bronkultuur en doelkultuur spreek ook uit Toury se hipotese dat geen vertaling ooit die doelkultuur ten volle sal tevrede stel nie vanweë die vervreemdende strukturele en verbale elemente, terwyl dit ook ewe min ekwivalent aan die bronteks kan wees as gevolg van die nuwe kulturele konteks waarbinne die vertaling homself bevind (*in* Gentzler, 1993:131). Dit blyk dus dat die vertaling ‘n nuwe ruimte beklee op ‘n intermediêre vlak wat waarskynlik ooreenstem met wat Baker (1998:127) oor die vertaler se identiteit te sê het:

(a literary translator) ...thus inhabits a landscape which is not mapped by conventional geographies; (s/he) is at home in the flux that is contemporary culture, where migration is constant across artificial political boundaries.

Gentzler (1993:79) meld die diachroniese effek van vertaalde werke op die literêre tradisie van sowel die bronkultuur as die doelkultuur. Baker (1998:127) beaam die invloed wat vertalers uitoefen:

Literary translators are involved at a keen point in cultural convergence because they translate those works, which for whatever reason, are selected for translation and which now exist where otherwise there would have been silence.

Lederer (1994:115) merk op dat ‘n vertaler dikwels eers die taaluiting moet “deverbaliseer” ten einde by die gewenste betekenisnuanse uit te kom. Dus stel sy dit dat vertaling méér is as wat sy noem “transcodage” (1994:123), wanneer dit teoreties voldoende sou wees om letterlik te vertaal, sonder die inagneming van kulturele

wisselings tussen die brontaal en doeltaal. Lederer (1994:114) en Newmark (1993:36) is dit met mekaar eens dat *faux amis* kan meewerk om die bedoelde betekenis te verduister. Myns insiens sou 'n vertaler meer geneig wees om in só 'n slagkat te trap indien sy woordeliks getrou probeer vertaal. Lederer stel dit duidelik dat sy ten gunste is van 'n vertaalwyse wat as kommunikatief geïdentifiseer sou kon word:

Il appartient donc au traducteur de donner au lecteur étranger des connaissances supplémentaires, minimum mais suffisantes pour entr'ouvrir la porte qui mène à la connaissance de l'autre (Lederer, 1994:123).

Tog beklemtoon Lederer die belang van getrouheid aan die teks. Terwyl die vertaler altyd so na as moontlik aan die bronteks moet vertaal, hoef sy nie gedwonge te voel om *woordeliks* getrou te wees nie, want "*on sait intuitivement en traduisant que le mot n'est pas l'unité de traduction*" (Lederer, 1994:117). Op die vertaler se skouers rus die geweldige taak om in die doeltaal beide die kognitiewe en affektiewe betekenis van die teks weer te gee (Lederer, 1994: 111).

Delisle en Woodsworth voeg hierby dat vertaling altyd binne 'n konteks plaasvind, en in verhouding tot ander gebeure en tipes diskoerse (sosiaal, polities en ideologies). Die hoogtepunte van vertaling deur die eeue word gesien in die konteks van die geskiedenis. Die bedoeling hiervan is om aan te toon dat die vertalingsaktiwiteit sentraal staan ten opsigte van intellektuele ontwikkeling waardeur kulture aan mekaar gebind word (1995:69).

1.6.2 Die fokus van die vertaler

Dit bring ons onmiddellik by die kwessie van die vertaalwyse, of dan die benadering tot vertaling as proses. Indien die behoeftes van die **eindgebruiker** bepalend is vir die tipe vertaling wat gemaak moet word, sal die eindresultaat myns insiens verskil van die vertaling wat die eise van die **bronteks** as prioriteit stel. Delisle en Woodsworth noem die Florentynse geleerde Leonardo Bruni, ook bekend as Aretino (1374-1444), wat 'n waterskeiding veroorsaak het in die vertaalwyse van Griekse tekste van Plato en Aristoteles in Latyn. Hy het aangevoer dat

...good taste in Latin was more important than literalist fidelity to Greek
(1995:152).

Een aspek van die fokus van die vertaler is die **eenheid** waarvolgens daar vertaal word, omdat dit die tipe vertaling wat gemaak word, sal beïnvloed. Myns insiens poog die gemiddelde vertaler om binne redelike perke 'n balans te handhaaf tussen die eise van formele en inhoudelike getrouheid aan die bronteks. Newmark (1981:12) beveel aan dat die vertalingseenheid so *klein as moontlik* en so *groot as nodig* moet wees. Aangesien 'n teks waarskynlik op hierdie kontinuum sal rondbeweeg, is dit myns insiens nie moontlik om altyd dieselfde eenheid as basis vir die vertaling te neem nie.. Trouens, Newmark som self sy teorie betreffende semantiese en kommunikatiewe vertaling in 'n latere werk (1993) op:

1. *the more important the language of a text, the more closely it should be translated*
(met ander woorde des te nader word daar aan 'n woord vir woord vertaling beweeg);
2. *the less important the language of a text or any unit of text at any rank, the less closely that too need be translated;*
3. *the better written a unit of the text, the more closely it too should be translated*
(1993:36-37)(my beklemtoning).

1.6.3 Verskillende benaderings tot vertaling

Verskillende fokusse by vertaling loop onvermydelik uit op verskillende benaderings: Nida (1988:31) verkies dat formele gelykheid van taalstrukture sekondêre belang geniet teenoor die behoefte van die reseptor. Newmark (1981) onderskei tussen twee benaderingswyses tot vertaling, geskoei op die fokus van die vertaler. Die benamings *semantiese* en *kommunikatiewe* vertalings definieër hy as progressiewe verfynings van die oudmodiese onderskeid tussen letterlike en vrye vertaling. In dieselfde asem noem hy dat die een die ander nie uitsluit nie, en dat 'n vertaler wat 'n *kommunikatiewe* vertaling tot stand wil bring, haarself eers deeglik moet vergewis van die semantiese samestelling van die teks (1981:23).

Waar 'n semantiese vertaling poog om die presiese aanslag van die oorspronklike bronteks weer te gee, sal 'n kommunikatiewe vertaling dit weergee in die styl en wyse van die tyd en tydsgees van die doeltaalleser se wêreld. Om hierdie rede beweer Newmark dat daar byna altyd 'n betekenisverlies plaasvind by 'n semantiese vertaling (1981:47). Hierteenoor mag 'n kommunikatiewe vertaling volgens hom selfs beter

wees as die bronteks, omdat die kragtigheid en helderheid wat dit bykry, kompenseer vir die verlies aan semantiese inhoud (1981:42). Gevolglik doen hy aan die hand dat die kommunikatiewe benadering vir die meerderheid tekste die mees geskikte metode van vertaling is, alhoewel letterkundige tekste soos drama (waar dit aanvaar word dat die skrywer elke woord en frase geweeg het) eerder met 'n semantiese aanslag hanteer moet word (1981:45). Volgens Newmark blyk die semantiese dan die voorkeurbenadering te wees vir die vertaling van klassieke tekste, wat uit hoofde van die taalstrukture van Latyn en Grieks, reeds baie kompak en genuanseerd is.

'n Probleem ontstaan op die grammatikale vlak as daar sekere taalkonstruksies in die brontaal voorkom wat vreemd is aan die doeltaal. Indien die vertaler poog om 'n semantiese vertaling te skep, word sy in probleemgevalle genoop om die oorspronklike teks te "herskryf" - 'n riskante onderneming. Nie verniet nie dat die vertalersberoep in jare her gebuk gegaan het onder die spottende benaming - in Italiaans - *traduttore traditore* - vertaler verraaier! Bell (1991:161) steun ook op die werk van Biguenet en Schulte wanneer hy beweer dat die vertaalde teks eerder beskou moet word as 'n *rekonstruksie* en nie bloot 'n vertaalde weergawe van die oorspronklike teks nie. Lederer (1994:117) doen aan die hand dat die teks "gedeverbaliseer" moet word tydens die proses van vertaling deur frases los te maak van die grammatikale struktuur. Die bedoeling hier is om sodoende die affektiewe betekenis - "*le contenu émotionnel*" - so getrou as moontlik weer te gee binne die raamwerk van die reseptortaal en sy kultuur. Delisle en Woodsworth merk op dat "*translation*" en "*creation*" deur die eeue waarin vertaling plaasgevind het, beskou is as ineengestrengelde begrippe. Dus het bewondering vir die oorspronklike teks hand

aan hand gegaan met 'n gevoel dat iets nuuts tot stand gebring word deur vertaling (1995:68).

Kelly (1979) merk op dat sogenaamde “*sacred texts*” besondere vereistes aan die vertaler stel. Newmark (1993:39) beaam die siening dat die vertaling van wat hy noem 'n “*authoritative text*” in alle opsigte nader en meer getrou aan die oorspronklike behoort te wees as sogenaamde “*non-authoritative texts*”, in welke geval dit korrek sou wees om slegs die betekenis van die frase getrou weer te gee. Eeue vantevore het Hieronymus homself uitgespreek oor die vertaling van die Bybel, waarvoor hy 'n uitsondering maak ten opsigte van die vertaalwyse wat gevolg moet word. In sy Brief 57 sê hy dat dit betekenis eerder as woorde is wat vertaal moet word behalwe in die geval van die Bybel, waar “selfs die woordorde 'n misterie bevat” - “*absque Scripturis sanctis, ubi et verborum ordo mysterium est, non verbum e verbo, sed sensum exprimere de sensu*”.

Wanneer die ideaal 'n kommunikatiewe of dinamies-ekwivalente vertaling is, word 'n krisis omseil deur veral te steun op die kreatiwiteit en insig van die vertaler ten opsigte van die doeltaal. Nida en Taber voeg hierby dat die reseptortaal nie in enige mate minderwaardig tot die brontaal is nie, en daarom mag die reseptortaal in geen omstandighede gedwing word om die brontaal op enige wyse formeel na te volg nie. Volgens hul stelsel van prioriteite, wat in die eerste instansie vir Bybelvertalers neergelê word, is dit dan vir die vertaler makliker om die ideaal van dinamiese ekwivalensie na te streef:

1. Kontekstuele betekenis het prioriteit bo verbale getrouheid (1988:20)

2. Dinamiese ekwivalensie het prioriteit bo formele getrouheid(1988:22)
3. Gesproke taal geniet voorrang bo geskrewe vorms (1988:29)
4. Die behoefte van die reseptor kry voorkeur bo die taalstruktuur (1988:31)

Dit blyk dus dat Nida en Taber hulle beywer vir 'n vertaling waarvan die *betekenis* in die eerste plek ekwivalent moet wees aan die bronteks, omdat dit veel meer behels as woordelikse ooreenstemming (1988:163). In dié opsig wil dit dus voorkom of hulle ten gunste is van 'n vertalingseenheid wat groter is as slegs die woord. Volgens Nida is dit onvermydelik dat uitbreiding van die teks sal plaasvind ten einde dinamiese ekwivalensie te bewerkstellig, juis omdat kulture verskil en sekere konsepte vreemd aan die doeltaal kan wees (1988:167). Hier lyk dit weer asof Newmark 'n ander houding huldig, want volgens hom is die kortste vertaling (wat dan ook die mees oortuigende klink in die doeltaal), gewoonlik die beste vertaling (1981:17).

Myns insiens het beide Newmark en Nida teoretiese fasette van die ideale waarheid beet. Waar Newmark geprys moet word vir sy doelstelling om die vertaling kompak en idiomaties te formuleer, gebeur dit in die praktyk dikwels dat uitbreiding van die teks tog onvermydelik plaasvind juis ten einde dinamiese ekwivalensie te bewerkstellig. Die redes hiervoor kan gevind word op verskeie vlakke – taalstrukture wat verskil, stelwyses waarvoor daar moeilik ekwivalente gevind word, idiomatiese uitdrukkings wat deur middel van parafraserings verduidelik moet word. Die vertaler moet immers ook daarteen waak om ter wille van kompaktheid 'n kriptiese vertaling daar te stel. Dit wil dus voorkom of daar nie blindelings aan slegs een metode of vertaalwyse vasgehou moet word nie, maar dat die vertaler eerder die

waarheidselemente inbeide moet uithaal en as't ware tussen die semantiese en kommunikatiewe benaderings moet rondbeweeg.

HISTORIESE KONTEKSTUALISERING

1.7 Augustinus se lewensgeskiedenis

Aurelius Augustinus is gebore op 13 November 354 n.C. in die klein dorpie Tagaste in die Romeinse provinsie Numidia, tans Souk-Ahras in oostelike Algerië (Chadwick, 1991:xiii). Sy ouers Patricius en Monnica (Sizoo, 1948:13) was nie welgesteld nie; hulle het wel 'n aantal landerye besit. In Tagaste en Madaura het Augustinus, klaarblyklik 'n enigste kind, sy skoolopleiding gehad; daarna vertrek hy na Kartago vir verdere onderwys. Daar het hy onder die invloed van die Manicheërs gekom (Sizoo, 1948:12). Volgens Chadwick is daar bewyse dat die Manicheërs nie uit die geleedere van onopgevoede armes gekom het nie. Trouens, in sommige gevalle was hulle selfs redelik gekultiveerde persone. Augustinus self noem dat hul geskrifte nie slegs luuks gebinde eksemplare was nie, maar ook geskryf in 'n gekultiveerde styl (Chadwick, 1991:xv). Tog kon die leringe van die Manicheërs slegs diegene aantrek wat op die rand van die Christendom gestaan het (Chadwick, 1991:xv). Dit is ironies, want Augustinus self het grootgeword onder die geklank van Christelike liederes – sy moeder was 'n toegewyde Christen wat ook uit 'n Christelike huis gekom het (Chadwick, 1991:xiii). Sy vader Patricius was die enigste lid van die huishouding wat eers op sy sterfbed in 372 n.C. gedoop is (Chadwick, 1991:xiii).

Augustinus was 'n briljante student, geseënd met 'n gawe van welsprekendheid, en ook 'n gebore onderwyser (Chadwick, 1991:xv). Na afloop van sy studies hou hy vir 'n jaar skool in Tagaste, en in 376 in Kartago (Sizoo, 1948:12). Hy verhuis na Rome vanweë die oproerigheid van die Kartaagse studente, waarskynlik omdat die studente in Rome rustiger en onderwysfooie hoër was (Chadwick, 1991:xv). Hiervandaan trek hy (waarskynlik in 384 n.C.) na Milaan vir 'n hoogleraarspos in retoriek. (Sizoo, 1948:12). Milaan het die verdere aantrekkingskrag gehad dat dit die setel was van Valentinianus II, keiser van die Wes-Romeinse Ryk (Chadwick, 1991:xv).

Met sy koms na Milaan het Augustinus nog sy oog gehad op 'n loopbaan in diens van die Romeinse regering. Aangesien heelwat poste te koop was vir kandidate wat ook oor die gewenste gawes van welsprekendheid beskik het (Chadwick, 1991:xvi), was daar slegs een saak wat Augustinus se ambisie gekortwiek het: aan sy sy was nog steeds die houvrou van ongewenste oorsprong uit Kartago, by wie hy 'n seun (Adeodatus, oorlede op 17) gehad het. Ten einde 'n *fiancée* uit 'n welgestelde familie te bekom, was dit noodsaaklik dat eersgenoemde na Kartago teruggestuur moes word. As gevolg van Monnica se bemiddeling is 'n verloofde bekom, maar die huwelik moes uitgestel word omdat sy volgens wet nog te jonk was (Chadwick, 1991:xvi). Die persoonlike krisis van die moontlike huwelik, tesame met die vernederende proses om besoeke te bring aan welgestelde en invloedryke persone in die hoop dat hulle sou kon besluit om hom te borg (Chadwick, 1991:xvi), het saamgeval met 'n intellektuele krisis vir Augustinus. In Milaan het Augustinus al meer skepties geword oor die bygelowige inhoud van die Manicheïsme en heelwat begin oplees oor die Neo-Platoniste. Chadwick sê dan ook in hierdie verband:

The psychological transition from radical scepticism to faith is sufficiently common to make it likely that his sceptical period on arriving at Milan prepared the ground for the coming conversion (Chadwick, 1991:xix).

Die oënskynlike ooreenkomste tussen die Neo-Platoniese werke van Plotinus asook sy biograaf Porphirius het waarskynlik daartoe bygedra dat Augustinus die Manicheïsme afgesweer het, en deur sommige beskou is as 'n welsprekende Neo-Platonis. Op sommige plekke klink die *Confessiones* soos niks minder nie as 'n weldeurdragte Neo-Platoniese betoog (Brown, 1979:165). Chadwick merk op dat dit een van die teenstellings van Augustinus is dat hy in die *Confessiones* 'n totale afkeer het van heidense godsdienstige kultes terwyl hy tegelyk 'n beduidende hoeveelheid Neo-Platoniese teologie aanvaar (1991:xxiii).

In Milaan ontmoet hy die plaaslike biskop, Ambrosius. Die invloed wat Ambrosius op Augustinus se geloofsgroei gehad het, kan nie oorskat word nie. Hier het hy, onder die geklank van Ambrosius se preke, besef "*how different Christian faith was from what he had supposed*" (Chadwick, 1991:xx). In Noord-Afrika het die preke wat Augustinus gehoor het, nie 'n noemenswaardige rasionele struktuur gehad nie. Hierteenoor het Ambrosius daarin uitgeblink. Boonop was Ambrosius se preke 'n gemaklike vermenging van Neo-Platonisme aan die een kant, met 'n weersin teen heidense godsdienste aan die ander kant. Dat Augustinus aanklank gevind het by Ambrosius se Christelike teologie spreek duidelik uit die afkeer van heidense godsdienste in die *Confessiones* (Chadwick, 1991:xxi).

Sy bekering vind plaas na 'n buitengewone ervaring in 'n tuin in Milaan, in die somer van 386 n.C. Volgens Augustinus se eie beskrywing in Boek VIII van die *Confessiones* het 'n kinderstem herhaaldelik gesê “*Tolle lege, tolle lege*” – tel op en lees (die Bybel). Hierna het Augustinus begin om die Bybel te bestudeer, en algaande het hy tot bekering gekom. As uitvloeisel van sy bekering het Augustinus aan die einde van die termyn sy hoogleraarstoel sonder enige dramatiese ophef ontruim en vertrek na Cassiciacum, die landgoed van een van sy vriende, waar hy hom voorberei het op sy doop. Op Paassondag 387 n.C. laat hy hom in Milaan deur Ambrosius doop (Sizoo, 1948:13). Hy besluit om met sy familie, waarby sy moeder Monnica ingesluit was, na Afrika terug te keer. Onderweg na Afrika vertoef hulle 'n wyle te Ostia naby Rome, en daar kom Monnica te sterwe.

Ná Monnica se dood vertoef Augustinus vir 'n jaar in Rome om verskeie geskrifte die lig te laat sien. In 388 n.C kom hy aan in Tagaste en verkoop die grootste deel van die landerye wat sy vader Patricius (oorlede in 372 n.C.) aan hom nagelaat het. Augustinus deel die opbrengs uit onder die armes. Omdat hy aangetrokke voel tot die kloosterlewe en selfs die ideaal van asketisme in sy geskrifte bevorder - soos Hieronymus (Kritzinger, 1995:4) - vergader hy 'n groepie vriende rondom hom in 'n eie klein gemeenskap wat hulleself ten doel stel om hul lewe te wy aan die bestudering van die Woord van God (Sizoo, 1948:13).

Biskop Valerius van die nabygeleë dorp Hippo Regius was teen 391 n.C. al 'n ou man en het die gemeente versoek om te oorweeg dat 'n presbiter aangestel word om hom in sy ampswerk by te staan. Onbewus van die toedrag van sake het Augustinus hom by geleentheid in dié kerk bevind, en voordat hy kon keer, het die gemeentelede

hom deur Valerius as presbiter laat inseën. Alhoewel sy toetrede tot die kerklike amp dus teensinnig was, het Augustinus homself nietemin met ywer ingestel om sy amp te vervul. Hy het sonder verwyd 'n klooster daar ingerig en sy hele lewe verder saam met die broeders in alle eenvoud in Hippo geleef (Sizoo, 1948:14). In 395 n.C. word Augustinus tot mede-biskop van Valerius gewy. Na Valerius se dood in 396 n.C. volg Augustinus hom op as biskop van Hippo – Augustinus was toe 42 jaar oud (Sizoo, 1948:15). Die datering van die *Confessiones* word aangegee as tussen 397 en 400 n.C. (Chadwick, 1991:xxix). Dit is dus geskryf kort nadat hy biskop geword het. Tot sy dood in 430 n.C. het hy 'n druk bestaan gehad as prediker, pastor en skrywer.

1.8 Die *Confessiones*

1.8.1 Redes vir die skryf van die *Confessiones*

Brown (1979:163) noem die feit dat Augustinus op die vooraand van die middeljare gestaan het as die mees voor-die-hand-liggende rede vir die skryf van so 'n introspektiewe boek. As nuwe biskop beskou Augustinus klaarblyklik sy vorige ervarings as opleiding vir sy huidige taak. Die kern van 'n biskop se bestaan was vir Augustinus die verstaan en uitleg van die Bybel. Dit word dan ook een van die deurlopende temas in die *Confessiones* (Brown, 1979:162). Verder lyk dit ook asof die *Confessiones* 'n soort *apologia* is betreffende Augustinus se lewensverloop. Vanaf sy jeug het die ideale wat hy vir homself ten doel gestel het, immers baiekeer drasties verander (Brown, 1979:164). Deur sy lewe só op die keper te beskou, het Augustinus klaarblyklik probeer om homself met behulp van sy verworwe insigte te herevalueer. Dit was egter nie bloot 'n persoonlike *mémoire* nie. Augustinus het wel deeglik bedoel

dat sy *Confessiones* gelees moet word deur sy vriende, die *servi Dei* wat hy rondom hom vergader het in die klooster by Hippo Regius (Brown, 1979:160).

1.8.2 Die betekenis van die *Confessiones*

Smuts (1986:44) wys daarop dat die *Confessiones* as literêre werk meegewerk het aan 'n ingrypende vernuwing in die destydse literêre tradisie. Brown (1979:165) stel dit só:

...a Late Roman man...would have found them a startling book: traditional forms of literary expression, that he had taken for granted, would flow into it only to be transformed beyond recognition.

Dit is deels te wyte aan die gebruik van die gebed – in Brown se woorde – “*a recognized vehicle for speculative enquiry*” (1979:166). Augustinus gebruik die gebed in 'n heel nuwe gedaante dwarsdeur die *Confessiones* om 'n intieme maar lewendige gesprek met sy Skepper tot stand te bring (Brown, 1979:167).

Verder is die manier waarop die Psalms geïntegreer word met Augustinus se eie woorde ook 'n literêre nuwigheid (Brown, 1979:174). Smuts (1986:40) beskryf die liriese Latynse prosa van die *Confessiones* as iets wat

nuwe lewe in die Latynse taal en letterkunde geblaas het deur dit te laai met 'n godsdienstige emosionaliteit wat wegbreek van die meer sobere klassisisme.

In die derde plek was die intens outobiografiese karakter van die *Confessiones* ook iets wat dit duidelik laat uitstaan het binne die heersende literêre tradisie van sy tyd, en dan juis 'n biografie waarin die skrywer self 'n drastiese keuse uitgeoefen het ten opsigte van dit wat relevant en van belang is (Brown, 1979:169) - met ander woorde, Augustinus het die biografiese gegewens geselekteer. Dit is juis dié bewussyn van die vryheid van keuse wat sy werk in hierdie sin baie modern laat voorkom (Brown, 1979:173). Daarom moet die hedendaagse leser haar nie laat mislei deur die impak van die *Confessiones* op die destydse wêreld uit die oog te verloor nie. Dit wil dan voorkom of die outobiografiese aard van die *Confessiones* wel 'n nuwigheid was, maar dat die destydse leserskring alreeds op só 'n werk voorberei is deur ander geskrifte in 'n intiem-persoonlike biografiese styl (Brown, 1979:159). Brown noem twee voorbeelde van sulke geskrifte: die outobiografie van ene S. Perpetua, 'n vrou wat in haar outobiografie haar ervarings binne die tronk beskryf, en tweedens 'n insident wat Augustinus self noem (*Confessiones VIII.6*) toe hy in Milaan bekoor is deur die verhaal van 'n sekere Ponticianus wat vertel het watter impak 'n beskrywing van Antonius (die Egiptiese monnik) se lewe gehad het op 'n groep hofdiensars tydens 'n middagwandeling buite Trier.

1.8.3 Die titel *Confessiones*

Vir 'n vertaler is die titel van hierdie werk op sigself al 'n moontlike bron van struikeling. *Confessio* is by uitstek 'n voorbeeld van 'n *faux ami* omdat dit presies lyk soos die Engelse *confession*. Dit behels egter heelwat meer as dit.

By die nagaan van die betekenisse wat vir *confessio* aangegee word in die *Thesaurus Linguae Latinae* blyk dat dié omvattende woordeboek eerstens die betekenisse in twee groot klasse skei, naamlik

A *sensu profano* en

B *sensu ecclesiastico*.

Vir die doeleindes van hierdie verhandeling sal ek my beperk tot laasgenoemde kategorie. Hier word ook vier betekenisvelde onderskei:

1. *peccatorum* (belydenis van sonde)
2. *fidei confessio, praecipue ea quae ad iudices paganos atque in tormentis fiebat, martyrrium*, i.q. *doctrina, fides confessa* ('n belydenis van die geloof, in besonder wat voor heidense regters onder marteling gemaak word, martelaarskap, dit wil sê die leer [van die kerk], die geloof soos dit bely word.)
3. *de martyrum sepulcris* (met verwysing na 'n martelaarsgraf, gedagteniskerk)
4. *laudis confessio, laudatio* ('n uiting van lof, lofprysing)

As teenoorgesteldes van *confessio* gee die *Thesaurus* *negatio, silentium* (ontkenning, stilswye). Vir laasgenoemde vergelyk Augustinus se eie woorde in *Confessiones* I (IV.4): *Et vae tacentibus de te, quoniam loquaces muti sunt* - En wee hulle wat swyg oor U, aangesien hulle pratende stom is.

Wanneer 'n soektog gedoen word op die teks van Boek I van die *Confessiones*, blyk dit dat die selfstandige naamwoord *confessiones* glad nie voorkom. Die werkwoord *confiteri* word egter sewe keer gebruik. Van die vier betekenisse hierbo uit die *Thesaurus* aangehaal (maar werkwoordelik uitgedruk) kom slegs die derde betekenis nie voor onder hierdie sewe voorbeelde nie. Indien ons die numering van die *Thesaurus* vir die betekenismoontlikhede behou, kan dié voorbeelde kortliks soos volg geklassifiseer word:

1. XI.17; XIII.22; XIX.30 (in twee van hierdie gevalle word *confiteor* gebruik saam met verwysing na sonde - *peccatorum, malarum viarum mearum* [van sondes, van my verkeerde weë])
2. XV.24 (Hy vertel hoe God hom gered het)
3. -
4. VI.9; VI.10; VII.12 (in alle gevalle in jukstaposisie met *laus* [lof] of *laudare* [om te loof], en in die laaste voorbeeld ook nog met *psallere* [om lof te sing, psalm te sing])

Dit blyk dus dat Augustinus in die *Confessiones* die begrippe “bely” en die geïmpliseerde “belydenis” in ‘n baie wyer sin gebruik as die Afrikaanse woord. Hierdie ontleding gee ‘n baie goeie samevatting van die gees en inhoud van die *Confessiones*.

Confessio het in Augustinus se tyd die algemene betekenis van ‘n belydenis gehad (Smuts, 1986:37). Die aard van die werk is dus baie persoonlik, soos dit duidelik na vore kom in Boek I waar hy sy kindertyd in besonderhede onthou en ontleed in ‘n

soeke na die ontwikkeling van sy geloof. Smuts (1986:37) wys daarop dat Augustinus self maan dat dit nie bloot skuldbelydenisse is nie, maar ook lofprysinge - "*Confessio enim non peccatorum tantum dicitur, sed et laudis*" ("Die woord *confessio* word immers nie slegs gebruik van sonde nie, maar ook van lof" in *Ps* 145:10). Chadwick voeg hierby dat die polemiese karakter van die werk alreeds na vore kom in die dubbelsinnige titel, naamlik *confessio* as lofprysing maar ook skulderkenning (1991:ix). Dit lei die leser tot die gevolgtrekking dat Augustinus tóg bedoel het dat sy *Confessiones* nie vir die publieke oog verberg moes bly nie. Chadwick beaam hierdie siening wanneer hy opmerk dat die genre daarvan buitengewoon is, naamlik 'n prosagedig gerig aan God, maar "*intended to be overheard by anxious and critical fellow-Christians*" (1991:ix). Indien dit só is, dat Augustinus gehoop het om sy Here en God te loof met hierdie werk, dan moet dit inderdaad gepubliseer word en deur vertaling aan 'n wye leserskring beskikbaar gestel word!

Hierin lê natuurlik 'n argument ten gunste van 'n kommunikatiewe vertaalbenadering, want 'n suiwer semantiese weergawe sal die kontemporêre leser waarskynlik verloor. Dit is moontlik so dat Augustinus se styl vir baie mense breedsprakerig en langdradig sal voorkom, en in alle waarskynlikheid sou die lesers van sy eie tyd dit ook so gevind het, want dit is 'n kenmerk van sy geleerde werke. Dit beteken dat in hierdie geval, ironies geonoeg, die semantiese vertaalwyse die mees kommunikatiewe vertaling tot gevolg sal hê, soos Tymoczko (in Hermans, 1985:79) inderdaad beweer, dit kan gebeur: "*formal equivalence can become dynamic equivalence*". Augustinus self het toegegee dat hy sy diskoers sou aanpas by die bevatlikheid van die gewone volk wanneer hy vir hulle preek. Dit is egter vanselfsprekend dat soveel jare retoriese

skoling 'n neerslag moet vind in 'n mens se styl. Chadwick verklaar die hoogdrawende styl van Augustinus as 'n onvermydelike gevolg van sy tyd, want

...he wrote for an age... for which a well-turned phrase gave more pleasure than a cogent argument for the truth (1991:x).

1.9 Augustinus en Hieronymus oor vertaling

Hieronymus (331-419 n.C.) was min of meer 'n tydgenoot van Augustinus, en tesame met Gregorius en Ambrosius is hulle benoem tot kerkvaders (*doctores*) van die Roomse kerk (Kritzinger, 1990:5; Delisle, 1995:169). Augustinus en Hieronymus was by verskeie geleenthede in korrespondensie met mekaar, veral ten opsigte van hulle standpunte betreffende die vertaling van die Bybel. Hieronymus se brief 57 spruit juis uit 'n voorval van onenigheid (egter nie met Augustinus nie) waarna hy homself genoop gevoel het om sy standpunte oor vertaling duidelik uit te spel en te verdedig. Waar Hieronymus se belang gelê het by die *Hebraica veritas*, het Augustinus gefokus op die reaksie van sy gemeentelede (Kelly, 1979:109). In teenstelling met Hieronymus se beginsel van teksgetrouheid, het Augustinus 'n standpunt ingeneem wat ten doel gehad het om die vrede in sy gemeente voort te sit deur te hou by die teks van die Septuaginta, wat orals bekend was en aanvaar is (Labriolle, 1968:359). Delisle (1995:169) noem die (moontlik anekdotiese) geleentheid in 405 v.C (*sic*) waar Augustinus homself teen 'n nuwe vertaling van die Bybel deur Hieronymus uitgespreek het, omdat dit sy gemeentelede sou ontwrig en ontstel.

Die nuwe vertaling van Hieronymus was in baie opsigte verkiesliker as die destyds aanvaarde en bekende Bybel, omdat Hieronymus sy hersiening en vertaling op die oorspronklike Hebreeus (*Hebraica veritas*) gebaseer het, en nie die gerieflike maar lomp vertaalde en somstyd onbetroubare Griekse weergawe (*Septuaginta*) gebruik het nie. Hieronymus se benadering tot vertaling gee blyke van getrouheid aan die betekenis van die teks, (vergelyk Brief 57: “*me semper non verba, sed sententias transtulisse*” - “dat ek altyd betekenis, en nie woorde nie, vertaal het”). Hierdie feit blyk ook daaruit dat hy verkies om die *Hebraica veritas* - waarin God immers self aan die woord kom - te volg en die bestaande vertalings oor die hoof te sien (Labriolle, 1968:356). In hierdie opsig kan dit by nabaat gesê word dat die Roomse kerk Hieronymus gesteun het, aangesien sy hersiening en vertaling van die Ou en Nuwe Testament, bekend as die *Vulgata*, vir eeue lank in gebruik was. Tydens die konsilie van Trente in 1546 is die Vulgaat verklaar tot die Kerk se amptelike weergawe van die Bybel (Delisle, 1995:169).

1.10 Slot

In hierdie hoofstuk is die konteks waarbinne hierdie studie onderneem word, kortliks gedefinieer. Dit blyk uit die voorafgaande dat daar wel ‘n probleem bestaan rakende die vertaling van teenwoordige deelwoorde na Afrikaans. Die uitgangspunt vir die vertaling van Boek I van Augustinus se *Confessiones* is uitgespel, naamlik ‘n semantiese vertaalwyse in soverre dit moontlik is, terwyl daar op die kommunikatiewe vertaalbenadering gesteun sal word by die vertaling van teenwoordige deelwoorde na Afrikaans. Vervolgens word die aard van teenwoordige deelwoorde in Latyn en Afrikaans kortliks nagegaan in hoofstuk 2. Hoofstuk 3 bevat die klassifisering en

groepering van die vertalings van teenwoordige deelwoorde soos dit uit die vertaling van Boek I onttrek is, asook 'n bespreking van die resultate soos dit blyk uit die statistiek. Hoofstuk 4 bevat die gevolgtrekkings waartoe daar geraak is uit die navorsingsresultate, tesame met wenke vir vertaalstrategieë wat deur ander vertalers gebruik kan word. Die Bylaag bevat die volledige Latynse teks tesame met die oorspronklike Afrikaanse vertaling van Boek I van Augustinus se *Confessiones*.

HOOFSTUK 2

OORSIG OOR DIE TEENWOORDIGE DEELWOORD

2.1 TEENWOORDIGE DEELWOORDE IN LATYN

Die drie deelwoorde (verlede, teenwoordige en toekomende deelwoorde) wat in Latyn voorkom *deel* die eienskappe van werkwoorde en naamwoorde. Hulle dra die karakter van byvoeglike naamwoorde, alhoewel hulle uit 'n werkwoordstam gevorm word. Gonin (1971:131) stel dit dat die teenwoordige deelwoord dus *tegelyk werkwoord en adjektief* is. Nelson en Boonzaaier noem die teenwoordige deelwoord 'n *verbale adjektief* wat sowel verbale as adjektiwiese eienskappe vertoon. Hulle merk op dat die deelwoord in Latyn dikwels gebruik word as 'n adverbiale bepaling by die selfstandige naamwoord (1993:134).

Die teenwoordige deelwoord sowel as die toekomende deelwoord verskil van die verlede deelwoord in Latyn in die opsig dat eersgenoemdes gewoonlik 'n aktiewe vorm en betekenis het en laasgenoemde 'n passiewe vorm en betekenis.

Gildersleeves en Lodge (1963:23) merk op dat die substantiwiese gebruik van deelwoorde eintlik eers begin algemeen raak het in na-Klassieke Latyn.

Bosman en Heyneke (1963:155) volstaan daarmee om te beweer dat deelwoorde in Latyn byvoeglike naamwoorde is. Hulle verskaf wel 'n bruikbare uiteensetting met behulp van voorbeelde om die onderskeid tussen die teenwoordige deelwoord en die ablativus absolutus te illustreer, en waar elkeen gebruik sou word.¹

2.1.1 Hoe die deelwoord gevorm word

Die teenwoordige deelwoord word gevorm deur die praesensstam van die infinitief af te lei, en dan na gelang van die vervoeging waartoe die werkwoord behoort, die uitgang – (e)ns aan te voeg:

ama(re) = amans, amantis

doce(re) = docens, docentis

reg(ere) = regens, regentis

audi(re) = audiens, audientis

2.1.2 Die betekenis van die teenwoordige deelwoord

Die boeke wat hierbo in 2.1 aangehaal is, is almal skoolhandboeke, maar ook die meer indringende boeke oor die Latynse taal, soos Hammond (1976) en Palmer (1954) se

¹ Die teenwoordige deelwoord is dikwels die deelwoord wat in 'n ablativus absolutis gebruik word. Die funksie van die deelwoord (teenwoordig, verlede en toekomstig) wat kongruer met 'n s.n.w. wat deel vorm van die kernstruktuur van 'n sin verskil nie van die funksie van die deelwoord as deel van die ablativus absolutis nie.

gegewens oor die teenwoordige deelwoorde is maar skraal. Palmer (1954:325) konstateer dat in Ou Latyn die teenwoordige deelwoorde in die praktyk beperk was tot adjektiewiese funksies, en hoofsaaklik in die nominatief gebruik is. Hy meen dat dit ook waar is van gesproke Latyn (colloquial Latin) dwarsdeur die geskiedenis, en dat dit die rede is waarom die oorblyfsels van die teenwoordige deelwoorde in Romaanse tale slegs adjektiewe is.

Bostaande gegewens word ook deur Hammond (1976:195-7) herhaal, met die byvoeging dat aktiewe teenwoordige deelwoorde dikwels in Latyn voorkom in 'n posisie waar Engels 'n newegesikhte sin of 'n ondergesikhte bysin (a coordinate or subordinate clause) sou gebruik. Dat dit ook op Afrikaans van toepassing is, word bewys deur die navorsing wat verder in hierdie verhandeling beskryf word.

Gonin (1971:130) verduidelik dat die handeling vervat in die teenwoordige deelwoord in Latyn **gelyktydig met die hoofwerkwoord** plaasvind, ongeag of die hoofwerkwoord in die hede, verlede of toekomstige tyd is.

In ooreenstemming met Gonin verduidelik Kennedy (1981:167) dat die handeling wat in die teenwoordige deelwoorde vervat is, gelyktydig is met dié van die hoofwerkwoord in die sin, terwyl die verlede deelwoord 'n voorafgaande tyd aandui, en die toekomstige deelwoord 'n daaropvolgende tyd.

Gildersleeve en Lodge (1963:181) wys daarop dat die Latynse teenwoordige deelwoord dui op voortsetting; hierteenoor dui die verlede deelwoord in Latyn op voltooiing en/of afhandeling.

Deelwoorde dra die karakter van byvoeglike naamwoorde in die opsig dat hulle ooreenstem met die selfstandige naamwoord of voornaamwoord wat daardeur gekwalifiseer word ten opsigte van getal en geslag. Wanneer 'n teenwoordige deelwoord adjektiwies funksioneer, geld die gebruikelike reëls vir trappe van vergelyking (Gildersleeve & Lodge, 1963:45).

2.1.3 Teenwoordige deelwoord en adjektief

Gildersleeve verduidelik dat sommige teenwoordige deelwoorde in Latyn die genitief neem wanneer hulle hul verbale aard verloor, en voeg dan by dat die onderskeid tussen die teenwoordige deelwoord en adjektiewe gegrond moet word op die feit dat die deelwoord verbygaande is en die adjektief 'n blywende karakter het (1963:240). Myns insiens is sodanige onderskeid soms betwisbaar. Gevolglik is die selekteer van teenwoordige deelwoorde uit 'n teks in 'n mate arbitrêr. Daarom sal daar in hierdie studie uitgegaan word van die veronderstelling dat alle woorde in die Latynse teks wat (geoordeel aan hulle vorm) lyk of hulle teenwoordige deelwoorde mag wees, as sulks beskou sal word totdat dit by nadere ondersoek anders blyk.

Bostaande gegewens word ook deur Hammond (1976:195-7) herhaal, met die byvoeging dat aktiewe teenwoordige deelwoorde dikwels in Latyn voorkom in 'n posisie waar Engels 'n newegesikhte sin of 'n ondergesikhte bysin (a subordinate or coordinate clause) sou gebruik. Dat dit ook op Afrikaans van toepassing is, word bewys deur die navorsing wat verder in hierdie verhandeling beskryf word.

Enkele voorbeelde van Latynse teenwoordige deelwoorde, wat eintlik bloot selfstandige naamwoorde geword het in Latyn, kom die teks voor, nl. **parens:** *a parentibus*, (VI.7) en **infans:** *infantes* (VI.8). Aangesien die betekenis waarmee hierdie woorde hier en oor die algemeen weergegee word (ouer, suigeling / baba) nie meer direk verbind word met die werkwoorde (om geboorte te gee, om te praat) waarvan die deelwoorde afgelei is nie, is hulle dus bloot as Latynse selfstandige naamwoorde behandel in hierdie studie, en nie meegetel by die teenwoordige deelwoord nie.

2.2 TEENWOORDIGE DEELWOORDE IN AFRIKAANS

Nelson en Boonzaaiër kom uit hul navorsing tot die konklusie dat die teenwoordige deelwoorde wat wel in Afrikaans voorkom, dikwels beperk is tot geykte vorme (1993:149). Navorsingsresultate oor die teenwoordige deelwoord in Afrikaans is baie skaars, en bestaan merendeels uit 'n kleiner gedeelte binne 'n groter geheel. In Afrikaanse grammatikas bekleed die bespreking van teenwoordige deelwoorde eweneens 'n beskeie plekkie, wat myns insiens 'n redelik betroubare spieël is van die werklikheid van hedendaagse Afrikaans en sy vraagstukke in die taalkunde en verwante terreine. Dit gee

ook 'n aanduiding van die relatiewe onbelangrikheid van teenwoordige deelwoorde in Afrikaans.

2.2.1 Die aard van die Afrikaanse onvoltooide deelwoord

Van Schoor (1983:218) verduidelik dat die Afrikaanse onvoltooide deelwoord nagenoeg onveranderd uit Nederlands oorgeneem is. Van der Merwe (1972:270) wys daarop dat Afrikaans eerder beskik oor tydsbegrippe en nie formele werkwoordstye soos in die Grieks-Latynse taalstrukture nie. Volgens hom is dit daaraan te wyte dat *aspek van handeling* in Afrikaans groter prioriteit geniet. Aspek is gemoeid met die begin, duur of voltooiing van 'n handeling en dit word onderskeidelik die ingressiewe, duratiewe en perfektiewe aspek genoem (Van der Merwe, 1972:270).

In sy bespreking van aspek dui Van der Merwe aan dat die teenwoordige deelwoorde wat wel in Afrikaans voorkom, in sekere gevalle verskillende aspekte van handeling kan aandui, bv *lopende* water (duratief) teenoor *vallende* siekte (effektief-perfektief). Van der Walt (1969:71) noem dat die teenwoordige (onvoltooide) deelwoord 'n verskeidenheid woordsoortlike betekenisse kan aanneem, nl dié van voorsetsel, bywoord, selfstandige naamwoord, byvoeglike naamwoord (attributief en predikatief). Beide die bronne suggereer dat die deelwoord beskou kan word as 'n verkleurmannetjie in grammatikale terme. Nelson en Boonzaier (1993:134) beklemtoon voorts die feit dat die aantal sintaktiese verhoudings waarin die teenwoordige deelwoord in Latyn homself kan bevind, potensieel veel meer is as die moontlikhede in Afrikaans.

Die idee van gelyktydigheid van handeling soos dit tot uiting kom in die teenwoordige deelwoord, vind in Afrikaans 'n weerklank in die benaming (wat Van der Walt ook gebruik): die *onvoltooide* deelwoord, waarmee hy myns insiens suggereer dat die handeling wat uitgedruk word deur die deelwoord onafgehandel is, en dus voortduur (1969:71).

Van Schoor beweer dat die onvoltooide deelwoord in Afrikaans heeltemal sy werkwoordelike funksie verloor het, omdat dit nie as predikaat of as deel van 'n predikaat voorkom nie. In gevalle waar dit wel nog só voorkom, is hy van mening dat dit uiters hinderlik is “omdat dit ‘n gemaakte praatwyse is” (1983:218). Die gebruik van die onvoltooide deelwoord as ‘n predikatiewe byvoeglike naamwoord in kombinasie met *al* is vir Van Schoor besonder hinderlik en kunsmatig. Hy noem twee voorbeelde:

- *Die kind, al huilende oor sy ma, het daar rondgedwaal.
- *Die kinders stap al geselsende die straat af.

Vir die Afrikaanse taalgevoel val sinne soos die volgende beter op die oor:

- Die kind het daar rondgedwaal terwyl hy oor sy ma huil.
- Die kinders stap gesels-gesels die straat af (Van Schoor, 1983:220).

Een geval waar dit 'n soort werkwoordelike waarde behou, is met *synde* (bv *synde iemand wat weet*) wat 'n verouderde of Nederlands-georiënteerde gevoel het (Van Schoor, 1983:219).

Ponelis (1991:144) word algemeen aanvaar as 'n standaardwerk oor Afrikaans. Afgesien van 'n aantal voorbeelde van die teenwoordige deelwoorde in Afrikaans wat sy werk verskaf, word geen bespreking gewy aan die teenwoordige deelwoord in Afrikaans nie.

2.2.2 Funksies van die onvoltooide deelwoord in Afrikaans

Die funksies waarin onvoltooide deelwoorde in Afrikaans die meeste voorkom is volgens Van Schoor (1983:219) in volgorde van frekwensie dié van:

- *byvoeglike naamwoord* (mees algemeen) – verwoestende brand, jaende perde
- *bywoorde* - verregaande onbeskof, ontsettend moeilik, onsamehangend praat, niksvermoedend binnestap
- *selfstandige naamwoord* - insittendes, hulpbehoewendes
- *voorsetsels* - Ek sal jou inlig aangaande/betreffende die saak; Hy help nieteenstaande sy eie behoeftes.

Ponelis (1991:144) verskaf vier kategorieë waarvolgens teenwoordige deelwoorde ingedeel kan word, sonder om verder ondersoek in te stel oor die frekwensie waarin dit in Afrikaans voorkom:

- *Naamwoordstukke in verbinding met teenwoordige deelwoorde* – bestaande metodes; lopende water, kronkelende paadjies

- *Werkwoorddeeltjies wat die teenwoordige deelwoord vergesel* – aftredende sekretaris; oprukkende leer
- *Voorwerpe* – belangstellende hoof; grasetende diere
- *Verskeie tipes disjunkte* – vinnig-bewegende voorwerp; laag-vlieënde vliegtuie; skerp-kwynende bates (Ponelis, 1991:145).

Alhoewel Ponelis dit nie self eksplisiet so noem nie, blyk die eerste twee kategorieë wat hy verskaf, te voldoen aan die beskrywing van *byvoeglike naamwoorde*. Hierdie feit sal in hoofstuk drie weer ter sprake kom by die kategorisering van vertaalopsies van teenwoordige deelwoorde in Afrikaans.

Aangesien die ondersoek dus nog *hangende* is, sal die saak verder gevoer word in hoofstuk drie, wat in besonderhede ingaan op die frekwensie van teenwoordige deelwoorde in die Latynse teks, die wyses of strategieë waarvolgens hulle in Afrikaans vertaal is, en die implikasies daarvan vir die vertaler.

HOOFSTUK 3

KATEGORISERING EN BESPREKING VAN VERTAALWYSES VIR TEENWOORDIGE DEELWOORDE

3.1 STATISTIEK

By die eerste oogopslag is dit opmerklik dat die Afrikaanse teks (vertaling) slegs 26 teenwoordige deelwoorde bevat, teenoor die 124 in Augustinus se Latynse teks. Hier is dus reeds 'n aanduiding dat Afrikaans beduidend minder gebruik maak van die teenwoordige deelwoord as stelwyse.

3.2 KATEGORISERING VAN VERTAALWYSES VIR DIE TEENWOORDIGE DEELWOORD

Verwysings en numerings word gebaseer op die teks van Sizoo soos dit in die Bylaag weergegee word, en die Afrikaanse vertaling op die teenoorstaande bladsy. Aangesien elke paragraaf sy eie bladsy beslaan, word dit voldoende geag om die *hoofstuk* en die *paragraaf* (byvoorbeeld III.3) te verskaf. Binne die Latynse teks is alle teenwoordige deelwoorde onderstreep. In die Afrikaanse vertaling is die ooreenstemmende frase onderstreep, en teenwoordige deelwoorde wat in die Afrikaans voorkom maar nie in die

bronteks nie, is met 'n asterisk* aangedui. In hierdie hoofstuk word die omringende frase in die Latyn ook aangehaal, ten einde die Afrikaanse vertaling in die regte konteks te plaas. Indien die Afrikaanse vertaling ('n) woord(e) moes veronderstel wat nie in die Latynse teks voorkom nie, word dit in hierdie hoofstuk met hakies () aangedui. Die kategorisering neem as uitgangspunt die verskillende grammatikale funksies van die woorde/frases/sinne wat in die vertaling gebruik is vir die Latynse teenwoordige deelwoord.

3.2.1 Vertaling met 'n byvoeglike funksie

3.2.1.1 Betreklike (byvoeglike) bysin

Hierdie vertaalwyse vir die Latynse teenwoordige deelwoord het geblyk 'n baie gewilde een te wees. Uit die 124 teenwoordige deelwoorde in die Latynse teks is 'n totaal van 47 as betreklike bysinne vertaal. Hierdie vertaalwyse aksentueer die adjektiewiese funksie van die teenwoordige deelwoord - vergelyk onder 2.1.3.

- *et homo circumferens mortalitatem suam* - die mens wat sy sterflikheid in homself ronddra (I.1)
- *innovans omnia* - wat (alles) vernuwe (IV.4)

- *et in vetustatem perducens superbos* – (U) wat die hooghartiges voortlei na hul ouderdom(IV.4)
- *colligens et non egens*- U wat bymekaarmaak en wat geen gebrek het nie (IV.4)
- *portans et implens et protegens*- U wat dra en wat volmaak en wat beskerm (IV.4)
- *liberis non servientibus...vindicabam* – ek was gewoon om my te wreek op vry mense wat my nie wou bedien nie (VI.8)
- *sed quia reprehendentem intellegere non poteram* - omdat ek nie in staat was om een wat tereg gewys het te verstaan nie (VII.11)
- *sed escae congruenti¹ annis meis ita inhians* – (dan is dit) spyse volgens my ouderdom wat ek verlang (VII.11)
- *multisque praeterea prudentioribus non ad nutum voluntatis obtemperantibus* – en teenoor baie(mense) wat wyser is wat nie (aan sy wil) toegee nie (VII.11)
- *sed iam puer loquens eram* – maar ek was reeds ‘n seun wat kon praat (VIII.13)
- *et sonitu vocis indicante affectionem animi* – deur die klank van die stem wat die gemoedstoestand te kenne gee (VIII:13)
- *et multi ante nos vitam istam agentes* –baie mense wat voor ons daardie lewe deurgemaak het (IX.14)
- *homines rogantes te* - mense wat U aangeroept het (IX.14)
- *Estne quisquam, domine, tam magnus animus, praegrandi affectu tibi cohaerens* – is daar iemand, o Here, met so ‘n groot gees, wat U met ‘n buitengewone groot liefde aankleef (IX.15)

- *libera nos iam invocantes te* – verlos ons wat U reeds aanroep (X.16)
- *...per humilitatem domini dei nostri descendentis ad superbiam nostram* - ...deur die lyding van ons Here God, wat neergedaal het tot ons hoogmoedigheid (XI.17)
- *quia et in hoc tibi utique id iubenti serviebat* – omdat sy ook U hierin gedien het wat haar immers daartoe beveel het (XI.17)
- *ita non de bene facientibus tu bene faciebas mihi* – so het U aan my goed gedoen deur hulle wat nie goed gedoen het nie (XII:19)
- *...et de peccante me ipso iuste retribuebas mihi* – ...en het U my, wat sonde gedoen het, op 'n regverdige wyse vergeld (XII:19)
- *terra iens in terram* - terwyl ek stof was wat tot stof terugkeer (XIII.21)
- *...spiritus ...non revertens* – 'n gees wat nie terugkeer nie (XIII.20)
- *Quid enim miseri misero non miserante* – Want wat is ongelukkiger as 'n ellendeling wat nie huil (oor homself nie)(XIII.21)
- *et virtus maritans mentem meam* – en die krag wat my gemoed bevrug (XIII.21)
- *cur ergo graecam etiam grammaticam oderam talia cantantem* – waarom dus het ek die Griekse letterkunde wat dergelike dinge besing, so gehaat? (XIV.23)
- *didici vero illa sine poenali onere urgentium* – so het ek dit geleer sonder die las van straf deur hulle wat (my) gedwing het (XIV.23)
- *valentibus legibus tuis miscere salubres amaritudines revocantes nos ad te* – U wette wat sterk maak om heilsame smarte toe te voeg wat ons terugroep na U (XIV.23)

¹ Gelys onder 3.2.5

- *quis autem... ex eodem pulvere hominem clamantem et dicentem* – want wie ...hoor ‘n mens uit dieselfde stof wat uitroep en sê: (XVI.25)
- *nonne ego in te legi et tonantem Iovem et adulterantem?* – want het ek nie in jou gelees van Jupiter nie, wat tegelyk donder en hoereer? (XVI.25)
- *ut haberet auctoritatem imitandum verum adulterium lenocinante falso tonitru*– sodat dit die gesag sou hê om die ware hoereerdery na te boots deur ‘n valse donderaar wat koppelaar speel (XVI.25)
- *in conspectu legum supra mercedem salaria decernentium* ...in die aangesig van die wette, wat bo-op die loon ook nog ‘n verdienste toeken (XVII.27)
- *et nunc eruis de hoc inmanissimo profundo quaerentem te animam et sitientem delectationes tuas* - selfs nou ontruk U uit hierdie verskriklike diepte die siel wat tot U roep en wat dors na U genietinge (XVIII.28)
- *cum homo eloquentiae famam quaeritans* - wanneer ‘n man wat die roem van welsprekendheid najaag (XVIII.29)
- *ut haberem pueris...ludum suum mihi...tamen vendentibus* – sodat ek iets sou hê om aan die seuns te gee wat hulle daardeur laat omkoop het om met my te speel (XIX.30)

3.2.1.2 Betreklieke bysin wat nie in Latyn ‘n antesedent gehad het nie

Aangesien Latyn die teenwoordige deelwoord tipies ook substantiwies gebruik, is dit dikwels nodig om by vertaling deur middel van ‘n betreklieke bysin in Afrikaans ‘n antesedent in te voeg. Daarvan is die volgende voorbeelde gevind. (Die ingevoegde antesedent word telkens in hakies geplaas.)

- *sine praedicante* - sonder (een) wat preek (I.1)
- *laudabunt eum invenientes* – (diegene) wat (God) vind, sal Hom loof. (I.1)
- *et vae tacentibus de te* – en tog: wee (hulle) wat swyg oor U (IV.4)
- *obtemperare monentibus* – deur (hulle) te gehoorsaam wat gewaarsku het (IX.14)
- *non facientibus invidere* – om nie (diegene) wat dit nie gedoen het nie, te beny nie (XIX.30)
- *inter... ioca adludentium* – onder die lawwigheide van (hulle) wat saamspeel (XIV.23)
- *non a docentibus* – nie deur (hulle) wat onderwys nie (XIV.23)

3.2.1.3 Byvoeglike naamwoord

Aangesien die teenwoordige deelwoord deels werkwoordelike en deels adjektiwiese eienskappe besit (vergelyk 2.1), is vertaling deur middel van ‘n adjektief ‘n besonder gunstige opsie. Die volgende voorbeelde van hierdie vertaalstrategie is in die vertaling gevind:

- *potentissime, omnipotentissime, miserricordissime et iustissime, secretissime et praesentissime* – O, ... magtigste en almagtigste, genadigste en regverdigste, mees verborge en alomteenwoordigste (IV:4)
- *creans et nutriens et perficiens* – (U is) skeppend en versorgend en voleindigend (IV.4)

- *et me talem fuisse magis mihi ipsi indicaverunt nescientes² quam scientes nutritores mei-* en dat ek self ook so was, het hulle my beter aangetoon in hul onwetendheid as my wetende voedsters (VI.8)
- *et praegnantes ipse vidi feminas* – en self het ek verwagtende vroue gesien(VI.9)
- *nam extirpamus et eicimus ista crescentes* - want in die groeierende (jare) roei en pluk ons sulke dergelike dinge uit (VII.11)
- *ita inbecillitas membrorum infantilium innocens est, non animus infantium* – só onskuldig is die swakheid van die kinderledemate, maar nie die gees van die kind nie. (VII.11)
- *vidi ego et expertus sum zelantem parvulum* - ekself het ‘n jaloerse kleintjie gesien en ervaar (VII.11)
- *egentissimum et illo adhuc uno alimento vitam ducentem³ consortem non pati* –om nie sy broer wat so uiters behoeftig is en tot hiertoe slegs met een voedsel aan die lewe bly, te verdra nie.(VII.11)
- *quia deus es omnipotens et bonus* - omdat U, o God, almagtig en goed is(VII.12)
- *qua caro eram et spiritus ambulans et non revertens⁴* – waardeur ek vlees was en ‘n wandelende gees wat nie weer terugkeer nie (XIII.20)
- *...esse magnum aliquem, qui posses etiam non adparens sensibus nostris exaudire nos et subvenire nobis* – dat U ‘n groot Wese is wat ons kan verhoor en help, alhoewel nie sigbaar vir ons sintuie nie (IX.14)

² Geklassifiseer onder 3.2.4.3

³ Geklassifiseer onder 3.2.3

⁴ Bespreek onder betreklike bysin, 3.2.1.1

- *non enim... inoboediens eram* – ek was nie on gehoorsaam nie (IX.15)
- *ut dicerem verba Iunonis irascentis et dolentis* – dat ek die woorde van ‘n woedende en treurende Juno moes opsê (XVII.27)
- *sed figmentorum poeticorum vestigia errantes sequi cogebar* – maar ek is gedwing om die kronkelende spore van digterlike versinsels na te volg (XVII.27)
- *si autem libidines suas integris et rite consequentibus verbis copiose ornateque narrarent* – as hulle onverbloemde begeertes op uitvoerige en kleurryke wyse sou oorvertel met (wel)geordende woorde (XVIII.28)
- *circumstante multitudine* – met ‘n omringende skare (XVIII.29)
- *haec ipsa omnino succedentibus maioribus aetatibus transeunt* – want hierdie selfde dinge is nie meer ... wanneer ‘n mens by ‘n volgende ouderdom aangekom het nie (XIX.30)

3.2.2 Vertaling met ‘n bywoordelike funksie

Omdat die onderskeid tussen die Afrikaanse bysinne van tyd en rede myns insiens redelik arbitrêr is (vergelyk die betekenis van die Afrikaanse woord *terwyl*) sou ‘n mens ook alle bywoordelike bysinne wat as vertaling gebruik is, saam kon groepeer. Dit blyk dat 34 uit die 124 teenwoordige deelwoorde so weergegee is. Hieronder word onderskei tussen bywoordelike bysinne van tyd, rede en plek:

3.2.2.1 Bywoordelike bysin van tyd

Uit die aard van die teenwoordige deelwoord wat handeling aandui wat gelyktydig met die werkwoord plaasvind (vergelyk 2.1.2) is dit begryplik dat een van die gewilde vertaalwyses waarmee die teenwoordige deelwoord geëksplisiteer word, ‘n tydsin is. ‘n Totaal van 31 uit 124 teenwoordige deelwoorde is dan ook so vertaal:

- *circumferens testimonium peccati sui* - terwyl hy die erfenis van sy sonde rondra (I:1)
- *sed quis te invocat nesciens te?* – Maar wie roep U aan terwyl hy U nie ken nie (I:1)
- *aliud enim pro alio potest invocare nesciens?* -want dit is moontlik om ‘n ander in U plek aan te roep wanneer hy (U) nie ken nie? (I.1)
- *quaeram te, domine, invocans te et invocem te credens in te* – laat my U soek, Here, terwyl ek U aanroep, en laat my U aanroep terwyl ek in U glo (I.1)
- *mutans omnia* - terwyl U alles verander (IV.4)
- *quaerens, cum nihil desit tibi* - terwyl U soek, hoewel U niks kortkom nie (IV.4)
- *reddis debita nulli debens* – U betaal die skulde terug, terwyl U niks skuld nie (IV.4)
- *quod animadverti postmodum clamante te mihi* – hiervan het ek heelwat later bewus geword, toe U (tot my) uitgeroep het (VI.7)

- *post et ridere coepi, dormiens⁵ primo, deinde vigilans* - later het ek begin om te lag, aanvanklik in my slaap en vervolgens ook wanneer ek wakker was (VI.8)
- *an irrides me ista quaerentem teque de hoc* – of lag U my uit wanneer ek hierdie dinge van U vra (VI.9)
- *confiteor tibi...laudem dicens tibi de primordiis* - ek bely U...terwyl ek die lof besing voor U oor my ontstaan (VI.10)
- *gaudeat et ipse dicens* – laat hy homself verbly terwyl hy sê (VI.10)
- *non enim docebant me maiores homines praebentes mihi verba* – dit was nie grootmense wat my geleer het terwyl hulle woorde vir my aanbied nie (VIII.13)
- *sic...altius ingressus sum pendens* – so het ek dieper ingedring terwyl ek afhanklik was (VIII.13)
- *diligens eos qui haec acerbissime formidant*–terwyl hy dié liefhê wat hierdie dinge met die skerpste vrees bejeën (IX.15)
- *amans in certaminibus superbas victorias* - terwyl ek (dit) geniet het om in gevegte trotse oorwinnings (te behaal)(X.16)
- *eadem curiositate magis magisque per oculos emicante in spectacula* - terwyl dieselfde nuuskierigheid meer en meer uit my oë uitstraal tydens die vertonings (X.16)
- *te, domine Iesu, confitens in remissionem peccatorum* - terwyl ek U, Here Jesus, bely tot die vergiffenis van sondes (XI.17)

⁵ Gelys onder 3.2.4.3

- *et flente Didonis mortem, quae fiebat amando Aenean, non flente autem mortem suam, quae fiebat non amando te, deus* - ook terwyl hy treur oor die dood van Dido, wat teweeg gebring is deur liefde vir Aeneas, terwyl hy daarenteen nie huil oor sy eie dood nie, wat teweeg gebring is deur U nie lief te hê nie (XIII.21)
- *et fornicanti sonabat undique* – en terwyl ek hoereer het, het dit van oraloer geklink (XIII:21)
- *sequens ipse extrema condita tua relicto te-* terwyl ek self die geringste ding van U skepping gesoek het hoewel ek U agtergelaat het (XIII.21)
- *quia, si proponam eis interrogans* – want, as ek dit aan hulle sou voorlê, terwyl ek hulle ondervra (XIII:22)
- *et saxa tua percutis et sonas dicens* - en U slaan die rotse en U stem weerklink wanneer U sê: (XVI.26)
- *nisi Terentius induceret nequam adolescentem proponentem sibi Iovem ad exemplum stupri* – as Terentius nie ‘n nikswerd jongman aan die woord gestel het nie terwyl hy Jupiter voorstel as voorbeeld van ontug (XVI:26)
- *verbis sententias congruenter vestientibus* - terwyl hulle op getroue wyse die gevoelens met woorde inklee (XVII.27)
- *quid mihi recitanti adclamabatur* - Watter nut was dit vir my dat ek toegejuig word terwyl ek opsê (XVII.27)

- *ut in longinqua regione vivens prodige dissiparet quod dederas proficiscenti⁶ dulcis pater* - sodat hy dit kon uitmors wat U as 'n liefdevolle vader aan hom gegee het by sy vertrek terwyl hy spandabel lewe in 'n afgeleë land (XVIII.28)
- *lege infatigabili spargens poenales caecitates*– wanneer U volgens U onverganklike wet die straf van blindheid uitstrooi (XVIII.29)
- *cum homo...inimicum suum odio inmanissimo insectans* - soos wanneer 'n man sy vyand met onmenslike haat beskuldig (XVIII.29)

3.2.2.2 Bywoordelike bysin van rede

Daar is twee voorbeelde gevind van die vertaling van 'n teenwoordige deelwoord wat as bywoordelike bysinne van rede geklassifiseer kan word:

- *non enim meliora eligens inoboediens⁷ eram* – want ek was nie ongehoorsaam omdat ek iets beters verkies het nie (IX.15)

vel gula imperitante – of omdat my gulsigheid my daartoe aangepor het (XIX.30)

3.2.2.3 Bywoordelike bysin van plek

Hiervan is slegs een voorbeeld gevind:

- *habitans in excelsis in silentio* – waar U woon in die hemele in stilte (XVIII.29)

⁶ Teenwoordige deelwoord gelys onder 3.2.4.3

3.2.2.4 Teenwoordige deelwoorde vertaal as bywoord

In die volgende gevalle is die teenwoordige deelwoord vertaal as 'n uitbreiding by die handeling. Dit kom daarop neer dat die Latynse teenwoordige deelwoord wat 'n gelyktydige handeling aandui in Afrikaans omgestel word tot 'n bywoord wat die wyse van handeling aandui:

- *nec vidi quemquam scientem cum aliquid purgat, bona proicere* – en ek het ook nie iemand gesien wat bewustelik, wanneer hy iets skoonmaak, die goeie weggooi nie (VII.12)
- *an quia uberibus inhiabam plorans?* – was dit daarin dat ek, al skreeuende na die moederbors verlang het? (VII.11)
- *Nonne ab infantia huc pergens veni in pueritiam?* – Het ek nie, van my babajare onderweg hierheen, by die seunstyding aangekom nie? (VIII.13)
- *ego vero illud feci ac libens* – intendeel, ek het dit met graagte gedoen (XVI.26)
- *in fonte lactis ubertim manante atque abundante* – wanneer die fontein van melk so standhoudend en oortloedig vloei (VII.11).

Die laaste van bogenoemde voorbeelde sou ook geklassifiseer kon word as 'n vertaling van die deelwoorde as werkwoorde wanneer 'n mens die woorde *standhoudend* (*vloei*) en *oortloedig* vloei opneem as werkwoorde. Dit is enigszins 'n grensgeval, en daarom word

⁷ Gelys onder byvoeglike naamwoorde - 3.1.2.3

dit ook onder die volgende hoof aangehaal, hoewel dit in die statistiek slegs by die bywoordelike vertalings gereken is.

3.2.3 Vertaling as werkwoorde

Soms kan die gebrek aan 'n aanvaarbare Afrikaanse teenwoordige deelwoord oorbrug word deur die Latynse teenwoordige deelwoord as 'n volwaardige werkwoord weer te gee in Afrikaans (en dit lyk asof dit dikwels die mees leservriendelike Afrikaans is). Die volgende voorbeelde is hiervan gevind:

- *in fonte lactis ubertim manante atque abundante* – wanneer die fontein van melk so standhoudend en oorvloedig vloei (VII.11)
- *nihil perdens* - en u verloor niks (IV.4)
- *didicimus ab eis, sentientes te, ut poteramus* - ons het van hulle geleer en het begryp, vir soverre ons in staat was (IX.14)
- *et illo adhuc uno alimento vitam ducentem* - en hy tot hiertoe slegs met een voedsel aan die lewe bly (VII.11)

3.2.4 Vertaling met substantiewiese funksie

3.2.4.1 Teenwoordige deelwoorde weergegee as selfstandige naamwoord

Soos reeds genoem in 3.2.1.2 word die Latynse teenwoordige deelwoord ook substantiwies gebruik, in die betekenis van *iemand wat (werkwoord)*. In plaas van “wat + werkwoord” is sommige van hierdie gevalle in Afrikaans ook weergegee met ‘n selfstandige naamwoord:

- *quaerentes enim inveniunt eum* – want die soekendes vind Hom (I.1)
- *et nutrientibus me dare mihi velle quod eis dabas* – en aan my voedsters om te verkies om dit vir my te gee wat U vir hulle gee (VI.7)
- *proque eius universitate atque incolumitate omnes conatus animantis insinuasti* – en U het tot sy geheel en behoud al die neiginge van ‘n lewende (wese) ingeplant (VII.12)
- *ut in hoc saeculo florerem et excellerem linguis artibus ad honorem hominum et falsas divitias famulantibus* – sodat ek in hierdie lewe sou vooruitgaan en ek sou uitblink in die kuns van welsprekendheid tot die eer van mense en tot diens aan bedrieglike rykdomme (IX.14)
- *ioca adridentium*: grappies van my toelagters (XIV.23)
- *quid in tali animante non mirabile atque laudabile?* – wat in so ‘n lewende wese is nie wonderbaar en prysenswaardig nie? (XX.31)

3.2.4.2 Voorwerpsin

Hierdie strategie is slegs in een geval gebruik, naamlik om 'n uitbreiding van die voorwerp (aangedui met 'n antesedent *dit*) aan te dui:

- *cum interea me ipsum in his a te morientem ...siccis oculis ferrem* – terwyl ek dit ondertussen met droë oë verdra het ...dat ek besig was om van U af te sterwe terwyl ek besig was met hierdie dinge (XIII.20)

3.2.4.3 Voorsetsel + gesubstantiveerde werkwoord

Naamvalle in Latyn moet meestal in Afrikaans met 'n voorsetsel vertaal word ten einde die verhouding tussen die woorde aan te toon. Vir doeleindes van hierdie studie word die onvermydelike voorsetselgebruik in Afrikaans nie beskou as die kruks van die frase nie maar wel die feit dat die teenwoordige deelwoord nou weergegee word as 'n gesubstantiveerde werkwoord. Die volgende gevalle beantwoord almal aan die formule *voorsetsel + lidwoord/ besitlike byvoeglike naamwoord (sy/haar) + gesubstantiveerde werkwoord*:

- *semper agens, semper quietus* – altyd aan die beweeg, altyd rustig (IV.4)
- *post et ridere coepi, dormiens primo* - later het ek begin om te lag, aanvanklik in my slaap (VI.8)

- *tales esse infantes didici, quos discere potui, et me talem fuisse magis mihi ipsi indicaverunt nescientes* - ek kon leer dat klein kindertjies so is, en dat ek self ook so was, het hulle my beter aangetoon in hul onwetendheid (VI.8)
- *quod dederas proficiscenti dulcis pater* - dit wat U aan hom as 'n liefdevolle vader gegee het by sy vertrek (XVIII.28)
- *quia dederas, et egeno redeunti dulcior* - omdat U nog liefdevoller dit gegee het, ook aan die behoeftige by sy tuis-koms (XVIII.28)

3.2.5. Voorsetsel

In een geval is die teenwoordige deelwoord self as integrale eenheid met behulp van 'n voorsetsel vertaal, nl.

- *sed escae congruenti annis meis*- maar na spyse volgens my ouderdom (VII.11)

3.3 TEENWOORDIGE DEELWOORDE IN DIE AFRIKAANSE TEKS

3.3.1 Teenwoordige deelwoorde as vertaling vir teenwoordige deelwoorde

Ter wille van interessantheid word hierdie groep apart gelys, alhoewel elkeen afsonderlik reeds in die voorafgaande groepering ingedeel is. By die berekening van die globale statistiek moet hierdie groep dus buite rekening gelaat word.

- *quaerentes enim inveniunt eum* – want die soekendes vind Hom (I.1)
- *creans et nutriens et perficiens* – (U is) skeppend en versorgend en voleindigend (IV.4)
- *et me talem fuisse magis mihi ipsi indicaverunt nescientes quam scientes nutritores mei*- en dat ek self ook so was, het hulle my beter aangetoon in hul onwetendheid as my wetende (voedsters)(VI.8)
- *et praegnantes ipse vidi feminas* – en self het ek verwagtende vroue gesien(VI.9)
- *an quia uberibus inhiabam plorans?* – was dit daarin dat ek, al skreeuende na die moederbors verlang het? (VII.11)
- *nam extirpamus et eicimus ista crescentes* - want in die groeierende (jare) roei en pluk ons sulke dinge uit (VII.12)

- *in fonte lactis ubertim manante atque abundante* – wanneer die fontein van melk so standhoudend en oorvloedig vloei (VII.11)
- *proque eius universitate atque incolumitate omnes conatus animantis insinuasti* – en U het tot sy geheel en behoud al die neiginge van ‘n lewende (wese) ingeplant(VII.12)
- *qua caro eram et spiritus ambulans et non revertens* – waardeur ek vlees was en ‘n wandelende gees wat nie weer terugkeer nie (XIII.20)
- *ut dicerem verba Iunonis irascensis et dolentis*- dat ek die woorde van ‘n woedende en treurende Juno moes opsê(XVII.27)
- *sed figmentorum poeticorum vestigia errantes sequi cogebar* – maar ek is gedwing om die kronkelende spore van digterlike versinsels na te volg (XVII.27)
- *si autem libidines sus integris et rite consequentibus verbis copiose ornateque narrarent* - as hulle onverbloemde begeertes op uitvoerige en kleurrike wyse sou oorvertel met welgeordende woorde (XVIII.28)
- *circumstante multitudine* – met ‘n omringende skare (XVIII.28)
- *haec ipsa omnino succedentibus maioribus aetatibus transeunt* – want hierdie selfde dinge is dit wanneer ‘n mens by ‘n volgende ouderdom aangekom het(XIX.30)
- *quid in tali animante non mirabile atque laudabile?* – wat in so ‘n lewende wese is nie wonderbaar en prysenswaardig nie? (XX.31)

3.3.2 Geykte vorme van die teenwoordige deelwoord

Wanneer die groep teenwoordige deelwoorde wat in die Afrikaanse vertaling voorkom, van naderby bekyk word, blyk dit dat die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* die volgende oor hulle te noem het. Van die 26 teenwoordige deelwoorde is daar 7 wat 'n selfstandige lemma het. (Een hiervan word drie keer gebruik.) Hulle is: *skreeuende*, *lewende* (3 keer), *woedende*, *treurende*, *volgende*, *verskillende*, *vreesaanjaende*, *aangaande*. Die volgende groep van 10 word nie selfstandig onder 'n eie lemma genoem nie, maar kom wel voor binne 'n inskrywing as 'n voorbeeldsin: *skeppend*, *verwagtenende*, *groeienende*, *standhoudend*, *wandelende*, *kronkelende*, *omringende*, *huilende* (2 keer), *belowende*. Aangesien die HAT dié groep wel as voorbeeldsinne verskaf, wil dit tog lyk asof hulle as geykte teenwoordige deelwoorde beskou kan word. Laastens is daar 'n aantal teenwoordige deelwoorde wat glad nie as sulks genoem word nie, naamlik *soekendes*, *versorgend*, *voleindigend*, *wetende*, *welgeordende*, *pratende*.

Dit beteken dan dat minstens 60% van die teenwoordige deelwoorde in die Afrikaanse teks so algemeen gebruik word dat hulle in die HAT aangegee word. Omgekeerd impliseer dit dat Afrikaans meestal nie die vorming van teenwoordige deelwoorde as 'n lewende sisteem ervaar in die sin dat dit van enige werkwoord gevorm word nie.

3.3.3 Teenwoordige deelwoorde wat in die vertaling bygekom het

Hierdie groep van agt (wat ingesluit is in die bespreking onder 3.3.2) bestaan ook meestal uit geykte Afrikaanse teenwoordige deelwoorde. Hul korrelate in die bronteks is hoegenaamd nie teenwoordige deelwoorde nie. Dit vorm dus nie deel van die statistiek rakende die vertaling van teenwoordige deelwoord nie, maar word interessantheidshalwe⁸ hier gelys:

- *quoniam loquaces muti sunt* - aangesien hulle pratende stom is (IV.1)
- *et me de illis flendo vindicabam* – en ek was gewoond om my huilend te wreek (VI.8)
- *unde hoc tale animal nisi abs te?* - waarvandaan kom so ‘n lewende wesentjie indien nie van U? (VI.10)
- *flendo petere etiam quod noxie daretur* - om al huilende te vra om dit wat skadelik mag wees, gegee te word. (VII.11)
- *cum gemitibus et vocibus variis* - wanneer ek deur kreune en verskillende stembuigings... (VIII.13)
- *in salute corporis* - aangaande die behoud van die liggaam (XI.18)
- *Quousque volves Evae filios in mare magnum et formidulosum?* - tot wanneer sal jy die seuns van Eva wegvoer na die groot en vreesaanjaende see? (XVI.25)
- *ob hoc bonae spei puer appellabar* - om hierdie rede is ek ‘n belowende jongman genoem (XVI.26).

⁸ Mens nou hieruit byvoorbeeld kon aflei dat gerundia idiomaties in Afrikaans deur teenwoordige deelwoorde weergegee word.

3.4 STATISTIEK

3.4.1 Vergelyking van vertaalwyses van teenwoordige deelwoorde in Afrikaanse teks

Die frekwensie waarin die verskillende vertaalopsies gebruik is, kan soos volg getabuleer word:

Vertaalopsie	Aantal	%
Betreklike bysin + sonder antesedent	47	37.9
Byvoeglike naamwoord	22	17.7
Bywoordelike bysin: tyd	31	25.0
Bywoordelike bysin: rede	2	1.6
Bywoordelike bysin: plek	1	0.8
Bywoord	5	4.0
Werkwoord	3	2.4
Selfstandige naamwoord	6	4.8
Voorwerpsin	1	0.8
Gesubstantiveerde werkw.+ voorsets	5	4.0
Voorsetsel	1	0.8
Totale aantal deelwoorde in Latyn	124	100

3.4.1.1 Analise van teenwoordige deelwoorde in Afrikaanse teks

Soort teenwoordige deelwoord	Aantal
Teenwoordige deelwoorde uit teks behou	18
Nuwe teenwoordige deelwoorde	8
Totale aantal deelwoorde in vertaling	26

3.4.2 Bespreking van statistiek

Uit die voorafgaande blyk dit dat die vertaling met 'n **byvoeglike funksie** die hoogste prioriteit geniet met 'n totale persentasie van nagenoeg 56% (69 uit 'n moontlike 124 gevalle). Hiervan verteenwoordig die **betreklike bysin** verreweg die meerderheid van posisies as 'n manier om die teenwoordige deelwoord mee weer te gee. Uit 'n moontlike 124 gevalle is die betreklike bysin in 47 gevalle gebruik, met ander woorde 37.9%. In 7 van hierdie gevalle was daar geen antesedent in die bronteks nie. Ten einde 'n verstaanbare en idiomatiese Afrikaanse vertaling te skep, moes die vertaler noodwendig 'n antesedent in die Afrikaans veronderstel. Dit is die gevolg daarvan dat die deelwoord in die bronteks substantief gebruik is, terwyl die Afrikaanse vertaling tipies 'n frase soos *hulle wat..../ diegene wat ...* moes invoeg. Dit blyk ook dat al die betreklike bysinne in die aktiewe wyse vertaal is – die praesens participium is immers aktief.

Die **byvoeglike naamwoord** is gebruik in 19 gevalle, dus 15.2%.

Die tweede gewildste keuse is om 'n **bywoordelike bysin** te gebruik. Indien al die tipes bywoordelike bysinne wat hier gevind word, bymekaar gereken word, verteenwoordig hierdie vertaalwyse 34 uit die moontlike 124, oftewel 27.4%. Verreweg die algemeenste tipe is die **bywoordelike bysin van tyd**, wat in 31 gevalle voorkom, dus 25%. Ook hier kom geen passiewe stelwyses voor nie. Die gevoel van gelyktydigheid wat sterk aanwesig is in die gebruik van die teenwoordige deelwoord tree hier na vore, soos opgemerk deur Nelson en Boonzaaiër (1993:145). Die **bywoordelike bysin van rede** is verantwoordelik vir 1.6% (2 uit 124) van die gevalle. Aangesien die Afrikaanse woord *terwyl* dikwels ook rede of toegewing kan aandui, is die verdeling tussen tipes bywoordelike bysinne myns insiens soms arbitrêr. Vir doeleindes van hierdie studie sal die verdeling tussen tipes bywoordelike bysinne nie die globale statistiek beïnvloed nie, aangesien beide tipes 'n bywoordelike funksie verrig. Verder was daar 1 geval van 'n **bywoordelike bysin van plek**, wat dus 0.8% van die totaal verteenwoordig.

Die gebruik van 'n **bywoord** om die teenwoordige deelwoord mee te vertaal verteenwoordig 4% van die totaal, dus 5 gevalle.

Die totale persentasie van teenwoordige deelwoorde wat met behulp van 'n bywoordelike funksie vertaal is, kom dus te staan op 31.5% (39 uit 124). Beide die byvoeglike en bywoordelike vertalings reflekteer die participium as verbale adjektief.

Nog 'n opsie is om die teenwoordige deelwoord te omvorm na 'n frase met 'n **substantiwiese funksie**. Hierdie kategorie verteenwoordig 12 van die 124 gevalle - dus

9.7%. Hiervan is die **selfstandige naamwoord** gebruik in ses uit 124 gevalle, dus 4.8%. Myns insiens is dit 'n baie interessante vertolking van die teenwoordige deelwoord, omdat dit 'n uiters idiomatiese weergawe in Afrikaans verseker. Ek sou byvoorbeeld voorstel dat die vertaler meer hiervan gebruikmaak juis ter wille van die bovermelde rede.

In vyf gevalle is 'n **voorsetsel plus gesubstantiveerde werkwoord** gebruik. Dit verteenwoordig 4% van die totaal.

Een geval is vertaal deur middel van 'n **voorwerpsin**. Dit maak 0.8% uit van die totaal.

Een geval (0.8%) behoort aan die **voorsetsel**.

Agtien uit die moontlike 124 teenwoordige deelwoorde is as **teenwoordige deelwoorde** vertaal. Dit is 'n persentasie van 14.5% van die totaal. Nelson en Boonzaaiër (1993:137) onderskei veral vier kategorieë van teenwoordige deelwoorde wat in die doelteks behoue gebly het op grond van hul grammatikale funksie in die vertaling. Hulle noem *die deelwoord vertaal as adjektief* as grootste kategorie, met *die deelwoord vertaal as adverbium* as tweede grootste, onderskeidelik gevolg deur *die deelwoord vertaal as selfstandige naamwoord* en as *adjektief gekombineer met 'n ingevoegde selfstandige naamwoord* as die vierde mees prominente opsie. Wanneer die teenwoordige deelwoorde wat in hierdie vertaling behoue gebly het gekategoriseer word, blyk dit dat die

teenwoordige deelwoord wat funksioneer as *byvoeglike naamwoord* die meeste plekke inneem, nl 13 uit 18.- nl *skeppend, versorgend, voleindigend, wetende, verwagende, groeiende, wandelende, woedende, treurende, kronkelende, welgeordende, omringende, volgende*. Dit toon dus dieselfde voorkeur as Nelson en Boonzaaier se resultate. Tweede plek word beklee deur die teenwoordige deelwoord wat funksioneer as *bywoord*, nl twee uit agtien - *al skreeuende, standhoudend*. Ook dit strook met Nelson en Boonzaaier se resultate. Die opsie wat hulle noem as vierde moontlikheid, nl die deelwoord as *adjektief in kombinasie met 'n ingevoegde selfstandige naamwoord* kom interessant genoeg meer dikwels voor in hierdie vertaling van die *Confessiones*, nl twee uit die agtien gevalle - *lewende (wesentjie)* en *lewende (wese)*. Die laagste frekwensie van vertaling van die deelwoord behoort aan die omstelling wat funksioneer as *selfstandige naamwoord*, in hierdie studie slegs een geval uit agtien. Hierdie getalle is egter so klein dat geen werklik betroubare statistiek daaruit afgelei kan word nie.

In drie uit die moontlike 124 gevalle (2.4%) word die teenwoordige deelwoord met 'n **werkwoord** vertaal. Hierdie moontlikheid word glad nie genoem in die ander navorsing nie (Nelson, 1991; Nelson & Boonzaaier, 1993).

Die verskille tussen die navorsingsresultate van Nelson en Boonzaaier en hierdie studie is moontlik te wyte aan die tipes tekste wat ontleed is. Nelson en Boonzaaier se navorsing is toegespits op die vertaling uit klassieke Latyn, in die vorm van poësie, terwyl die huidige studie fokus op 'n prosawerk in kerklatyn (vergelyk 1.4.1 hierbo). Individuele voorkeure

van vertalers moet waarskynlik ook in berekening gebring word by die verskille in navorsingsresultate. Inderdaad sou dit vrugbare navorsing tot gevolg kon hê indien vertalings deur een vertaler uit verskillende genres vergelyk kon word, of andersyds indien verskillende vertalings van dieselfde bronteks vergelyk sou word.

3.4.3 Frekwensie van vertaalwyses wat gebruik is

Die samevattende statistiek kan soos volg getabuleer word:

Tipe

%

Byvoeglike funksie	55.6
Bywoordelike funksie	31.4
Substantiewiese funksie	9.6
Werkwoordelike funksie	2.4
Teenwoordige deelwoorde behou uit Latyn (vervat onder bostaande)	14.5

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat 'n vertaler 'n hele aantal moontlikhede tot haar beskikking het om 'n Latynse teenwoordige deelwoord in Afrikaans weer te gee. Hierdie strategieë word in die volgende hoofstuk saamgevat.

HOOFSTUK 4

RESULTATE, GEVOLGTREKKINGS EN SLOT

4.1 Resultate van ondersoek

Die frekwensie van teenwoordige deelwoorde in die Afrikaanse vertaling van Augustinus se *Confessiones* (Boek 1) is beduidend laer as in die oorspronklike Latynse teks. Teenoor 124 in die bronteks het slegs agtien behoue gebly. Daar was ook 'n wins van agt nuwe teenwoordige deelwoorde in die Afrikaanse teks, wat die aantal teenwoordige deelwoorde in die vertaling op 26 te staan bring. Die meerderheid van die teenwoordige deelwoorde in die Afrikaanse teks kan as geykte vorme beskou word. Dus blyk dit dat die teenwoordige deelwoord as sulks nie in Afrikaans met dieselfde frekwensie as in Latyn gebruik word nie. Afrikaans se taalstruktuur maak eerder van ander opsies gebruik waar Latyn tipies die teenwoordige deelwoord sou aanwend.

4.2 Gevolgtrekkings

Van die vertaalopsies beskikbaar aan die vertaler was die gewildste keuse om die teenwoordige deelwoord deur middel van 'n betreklike bysin uit te druk. Hierin kan nog nie 'n beduidende tendens afgelei word nie, aangesien Nelson en Boonzaaiër (1993:145) in hul ondersoek na die vertaling van 'n epos 'n voorkeur vir die adverbiale bysin van tyd en 'n suiwer werkwoordelike omstelling aangedui het.

Indien hierdie navorsingresultate sowel as dié van Nelson en Boonzaaier as afdoende bewys beskou word, sou die afleiding gemaak kon word dat die vertaling van 'n prosawerk voorkeur gee aan die opsie om die teenwoordige deelwoord met 'n betreklike bysin uit te druk, terwyl die vertaling van 'n epiese gedig voorkeur gee aan die bywoordelike bysin van tyd en 'n suiwer werkwoordelike omstelling. Verdere navorsing wat fokus op die vertaling van prosawerke teenoor poëtiese werke sal waarskynlik meer lig hierop kan werp.

Die tweede voorkeur in hierdie studie was om die teenwoordige deelwoord deur middel van 'n bywoordelike bysin te vertaal. Die verdelings in die Afrikaanse bywoordelike bysinne van tyd ("*wanneer*", "*terwyl*") , rede ("*terwyl*") en plek ("*waar*") kom arbitrêr voor en daarom word die bywoordelike bysinne tesame met die wat bywoordelik vertaal is, as een groep beskou. Dan neem dit die tweede posisie in na die frekwensie waarteen die betreklike bysin gebruik is. Hierdie gevolgtrekking stem nie ooreen met dié van Nelson en Boonzaaier (1993:148) nie, aangesien hulle dit stel dat die (drie) groot voorkeure van vertalers is om die teenwoordige deelwoord weer te gee met strukture wat 'n werkwoordelike, adverbiale (of adjektiewiese) funksie het.

Soos reeds hierbo gestel, wil dit voorkom of die verskil tussen die vertaal van 'n prosateks en 'n poëtiese teks daadwerklike implikasies vir die vertaler het. Hierby moet in gedagte gehou word dat die stilistiese verskille tussen klassieke Latyn en kerklatyn

allerweë erken word en selfs as sodanig deur woordeboeke aangedui word (vergelyk Kramers' *Woordenboek Latijn*, 1967)

Die opsie wat in die derde meeste gevalle gebruik is, naamlik die selfstandige naamwoord, beklee 'n minderheidsposisie in Nelson en Boonzaaier se ondersoek (7% en 10% onderskeidelik in hul resultate).

Die genre waartoe die bronteks behoort, asook die teikenleser van die vertaling, sal waarskynlik 'n invloed hê op die tipe keuses wat gemaak word, omdat die register van die vertaling daardeur beïnvloed word. Dit verklaar waarskynlik die verskil in navorsingsresultate tussen hierdie studie en dié van Nelson en Boonzaaier, soos hierbo genoem.

Dit wil voorkom of die navorsing van Nelson en Boonzaaier nie as stawende materiaal vir die geldigheid van hierdie studie geneem kan word nie, aangesien die navorsingsresultate nie volkome ooreenstem nie. Die feit dat die brontekste in soveel opsigte verskil, gee myns insiens die eerste aanduiding dat die navorsingsresultate bykans onversoenbaar sal wees. Die opsigte waarin die brontekste van mekaar verskil, is die volgende:

- klassieke Latyn vs kerklatyn (met stilistiese verskille);
- twee verskillende outeurs;
- geskryf vir verskillende teikenlesers;
- persoonlike belydenis en geskiedenis vs epiëse heldedig; en

- prosa vs poësie.
- teikenlesers kom nie uit dieselfde tydvak nie
- twee verskillende vertalers

Samevattend gestel wil dit voorkom asof die verskil in navorsingsresultatel bewys dat daar wel verskille ten opsigte van vertaalvoorkeure kan wees. Indien brontekste gevind kan word wat 'n groter mate van ooreenkoms met mekaar toon (byvoorbeeld twee epiese gedigte uit dieselfde tydvak,) of verskillende werke van een vertaler vergelyk sou word, sou die navorsingsresultate myns insiens met groter sekerheid 'n tendens kon vasstel.

Verdere navorsing oor die vertaling van deelwoorde in die algemeen behoort vrugbaar te wees. Daar is nog min navorsing gedoen oor die vertaling van bepaalde grammatikale konstruksies in 'n taal wat nie in dieselfde mate van die bepaalde taalkonstruksie van die brontaal gebruik maak nie.

4.3 Vertaalstrategieë

Op grond van bogenoemde bevindings kan 'n vertaler as vertrekpunt neem dat die Afrikaanse vertaling van 'n Latynse bronteks beduidend minder teenwoordige deelwoorde sal bevat as die bronteks.

Wanneer daar na Afrikaans vertaal word, kan dankbare gebruik gemaak word van 'n beperkte aantal geykte teenwoordige deelwoorde. Soms is dit ook moontlik om in die

Afrikaanse teks teenwoordige deelwoorde te gebruik waar dit nie in die bronteks bestaan het nie. Ook hierdie gevalle sal hoofsaaklik beperk wees tot geykte vorme.

In die meerderheid van gevalle is dit nodig om 'n grammatikale omstelling te maak ten einde die betekenis en gevoelswaarde van die teenwoordige deelwoord uit te druk.

Daar is globaal gesien vier groepe omstellings, naamlik frases met

1. 'n byvoeglike funksie
2. 'n bywoordelike funksie
3. 'n substantiwiese funksie
4. 'n werkwoordelike funksie

Vertalers van tekste uit 'n brontaal wat dikwels gebruik maak van die teenwoordige deelwoord na 'n taal soos Afrikaans, kan dus in alle waarskynlikheid die teenwoordige deelwoorde vertaal deur grammatikale omstellings te maak wat gebaseer is op bogenoemde gegewens. Die meerderheid van gevalle sal waarskynlik omgestel kan word na 'n betreklike bysin, terwyl verskillende bywoordelike bysinne as 'n baie bruikbare tweede opsie beskou moet word. Alhoewel alle vertalers nie 'n hoë voorkeur daaraan sal gee nie, blyk dit dat die omstelling na 'n selfstandige naamwoord 'n idiomatiese Afrikaanse weergawe tot gevolg kan hê.

Die kommunikatiewe vertaalbenadering laat die weg oop vir die vertaler om die beste en mees idiomatiese omstelling te maak vir 'n grammatikale konstruksie wat in die meeste gevalle 'n onidiomatiese en derhalwe lomp Afrikaanse vertaling tot gevolg sou hê. Uiteraard moet die vertaler nie krampagtig slegs aan een vertaalbenadering vashou nie. Deur na gelang van die situasie buigsaam te wees met betrekking tot die eise van ekwivalensie op verskillende vlakke, is dit moontlik om 'n vertaling te verskaf wat die beste voorsien in die behoeftes van sy leser.

4.4 Ten slotte

Dit is raadsaam vir die vertaler om in gedagte te hou dat die ideaal van ekwivalensie juis dit is: 'n teoretiese ideaal wat in die praktyk gekniehalter word deur 'n magdom aansprake op die vertaler, die bronkultuur en die doelkultuur. Postma (1995:71) maan dat dit onmoontlik én onnodig vir die vertaalde teks is om op alle vlakke ekwivalent of gelyk aan die bronteks te wees. Myns insiens is dit geregverdig vir die vertaler om te konsentreer op die derde wyse waarin ekwivalensie volgens Kelly verkry kan word, naamlik ekwivalensie op die vlak van die affektiewe (Kelly, 1979:70). Dit blyk immers al duideliker dat formele ekwivalensie in sommige gevalle dinamiese ekwivalensie kan word (Tymoczko in Hermans, 1985:79), en die verstaan van die teks is uiteindelik die spil waarom alles draai.

Die vertaler het dus 'n tweeledige verantwoordelikheid in die daarstelling van 'n effektiewe kommunikasieproses: teenoor die bronteks, wat sy moet begryp, en teenoor die

doelteks, wat sy op haar beurt sò moet weergee dat die eindgebruiker die betekenis daarvan sal begryp. Newmark (1993:36) stel dit uiters treffend by wyse van 'n slotopmerking (en voltooi ons terselfdertyd die kringloop:

Translation is concerned with moral and with factual truth. This truth can only be effectively rendered if it is grasped by the reader, and that is the purpose and the end of translation.

VERWYSINGS

Hierdie lys verteenwoordig slegs die bronne waarna in die manuskrip verwys word.

BAKER, Mona. *Red.* 1998. Routledge Encyclopaedia of Translation Studies. London: Routledge.

BELL, R.T. 1991. Translation and translating. London: Longman.

BOSMAN, M.J. 1982. Die ontwerp van 'n metode vir die vertaling van deelwoorde in die Griekse Nuwe testament. (Skripsie: M.A., PU vir CHO.)

BOSMAN, H.S. & HEYNECKE, C.S. 1963. Leer Latyn. Deel II en III. Kaapstad: Nasou.

BROWN, P. 1979. Augustine of Hippo. London: Faber.

CHADWICK, H. 1991. Saint Augustine: Confessions. Oxford: University Press.

COETZEE, C.F.C. 1998. Jeugdag in 'n donker Afrika. *Die Kerkblad*, 101(3038):6-7.

CONRADIE, C.J. 1979. Die diachronie van die Afrikaanse voltooiide deelwoord. (Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Wits.)

DE LABRIOLLE, P. 1968. History and Literature of Christianity. London: Routledge & Kegan Paul.

DELISLE, J. & WOODSWORTH, J. *reds.* 1995. Translators through history. Amsterdam/ Philadelphia: John Benjamins.

DUSSÉ, C. 1995. The metaphors of **Song of Songs** and adolescents: a reception-theoretical investigation and a proposed translation. (Proefskrif: Ph.D., PU vir CHO.)

GENTZLER, E. 1993. Contemporary Translation Theories. London: Routledge.

- GILDERSLEEVE, B.L. & LODGE, G. 1963. Latin Grammar. London: Macmillan.
- GONIN, H.L. 1971. Latyn vir die Hoërskool. St. VII. Pretoria: Van Schaik.
- HAMMOND, M. 1976. Latin: A historical and linguistic handbook. Cambridge, Mass.: Harvard University Press.
- HAYES, B.J. & MASOM, W.F. 1924. The Latin Tutorial Grammar. London: W.B. Clive.
- HERMANS, T. *red.* 1985. The Manipulation of Literature – Studies in Literary Translation. London: Croom Helm.
- HOUSE, J. 1977. A model for translation quality assessment. Tübingen: Gunter Narr.
- KELLY, L.G. 1979. The True Interpreter. Oxford: Basil Blackwell.
- KENNEDY, B.H. 1981. Revised Latin Primer. Harlow: Longman.
- KRITZINGER, J.P.K. 1990. Hieronymus, Brief 57: 'n Literêr-strukturele analise. (Verhandeling: M.A., U.P.)
- LEDERER, Marianne. 1994. La traduction aujourd'hui. Vanves: Hachette.
- MOUNTFORD, J.F. 1955. *red.* Bradley's Arnold Latin Prose Composition. London: Longmans & Green.
- NELSON, M.E. & BOONZAAR, U. 1993. Die Afrikaanse vertaling van Latynse teenwoordige deelwoorde. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde, Supplement*, 19:132-151.
- NELSON, M.E. 1991. "Ze willen grieven eten": Teorie en praktyk van die vertaling van 'n Nederlandse kinderboek. (Proefskrif: D.Litt., PU vir CHO.)
- NEWMARK, P. 1981. Approaches to translation. Oxford: Pergamon.
- NEWMARK, P. 1993. Paragraphs on translation. Clevedon: Multilingual Matters.

- NIDA, E.A. & TABER, C. 1988. The theory and practice of translation. Leiden: Brill.
- ODENDAL, F.F. (*hoofred.*) 1991. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Johannesburg: Perskor.
- O'DONNELL, J.J. 1992. Augustine's Confessions: Introduction and Text. Oxford: Clarendon Press.
- PALMER, L.R. 1954. The Latin language. London: Faber & Faber.
- PATERSON, J. & MACNAUGHTON, E.G. 1973. The Approach to Latin. Second Part. Edinburgh: Oliver & Boyd.
- PONELIS, F.A. 1991. Afrikaanse Sintaksis. Pretoria: Van Schaik.
- POSTMA, Mariëtte. 1995. Bridging cultural differences in the translation of literature. (Verhandeling: M.A., PU vir CHO.)
- SIZOO, A. 1948.? Augustinus' Confessiones: Latijnsche tekst met vertaling. Delft: Meinema.
- SIZOO, A. 1948?. Toelichting op Augustinus' Belijdenissen. Delft: Meinema.
- SMUTS, F.J.1986. Die Confessiones van Augustinus as 'n nuwe verskynsel in die Latynse letterkunde. *Akroterion*, Jun-Sep:37-50.
- SNELL-HORNBY, Mary. 1988. Translation Studies: An Integrated Approach. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- THESAURUS LINGUAE LATINAE editus auctoritate et consilio academiarum quinque Germanicarum. 1900 - . Leipzig: Teubner. vol IV: 188-192.
- TOURY, G. 1993. (In: GENTZLER, E. 1993. Contemporary Translation Theories. London: Routledge.)

- TYMOCZKO, Maria. 1985. How distinct are formal and dynamic equivalence? (*In* Hermans, T. *red.* 1985. *The Manipulation of Literature*. London: Croom Helm. p 63-86.)
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. *red.* 1972. *Afrikaans - sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: Van Schaik.
- VAN DER WALT, C.P., VAN AARDT, C.P., EKSTEEN, L.C. 1969. *Taalkunde vir die Middelbare skool (st 9&10)*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- VAN SCHOOR, J.L. 1983. *Die Grammatika van Standaard-Afrikaans*. Kaapstad: Lex Patria.

AUGUSTINI CONFESSIONES

LIBER PRIMUS

Vertaling deur A.M. Grobler

Bylaag by verhandeling

Magnus es, domine, et laudabilis valde: magna virtus tua et sapientiae tuae non est numerus. Et laudare te vult homo, aliqua portio creaturae tuae, et homo circumferens mortalitem suam, circumferens testimonium peccati sui et testimonium, quia superbis resistis: et tamen laudare te vult homo, aliqua portio creaturae tuae. Tu excitas, ut laudare te delectet, quia fecisti nos ad te, et inquietum est cor nostrum, donec requiescat in te. Da mihi, domine, scire et intellegere, utrum sit prius invocare te an laudare te et scire te prius sit an invocare te. Sed quis te invocat nesciens te? Aliud enim pro alio potest invocare nesciens. An potius invocaris, ut sciaris? Quomodo autem invocabunt, in quem non crediderunt? Aut quomodo credunt sine praedicante? Et laudabunt dominum qui requirunt eum. Quaerentes enim inveniunt eum et invenientes laudabunt eum. Quaeram te, domine, invocans te et invocem te credens in te: praedicatus enim es nobis. Invocat te, domine, fides mea, quam dedisti mihi, quam inspirasti mihi per humanitatem filii tui, per ministerium praedicatoris tui.

U is groot, Here, en baie prysenswaardig; U krag is groot en U wysshede word nie getel nie. En die mens, 'n klein gedeelte van U skepping, wil U loof; die mens wat sy sterflikheid in homself ronddra, terwyl hy die erfenis van sy sonde ronddra, en die getuienis dat U die hoogmoediges teenstaan: en tog wil die mens, 'n klein deeltjie van U skepping, U loof. U roep (ons) daartoe op, sodat dit ons behaag om U te prys, omdat U ons geskape het vir U, en ons hart is onrustig totdat dit by U tot ruste kom. Skenk dit vir my, Here, om te weet en te verstaan: wat eerste kom: om U aan te roep of om U te prys en om te weet (of dit eerste kom) om U te ken of om U aan te roep. Maar wie roep U aan terwyl hy U nie ken nie? Want dit is moontlik om 'n ander een in U plek aan te roep wanneer hy U nie ken nie. Of word U eerder aangeroep, omdat U geken word? Op watter wyse sal hulle (hom) dan aanroep in wie hulle nie glo nie? Of op watter wyse glo hulle sonder een wat preek? En diegene wat God soek, sal Hom prys. Want die soekendes vind Hom en diegene wat Hom vind, sal Hom loof. Laat my U soek, Here, terwyl ek U aanroep, en laat my U aanroep terwyl ek in U glo; U is immers aan ons verkondig. My geloof roep U aan, Here, (die geloof) wat U aan my gegee het, wat U in my gewek het deur die menswording van U Seun, deur die diens van U verkondiger.

II.2

Et quomodo invocabo deum meum, deum et dominum meum, quoniam utique in me ipsum eum invocabo, cum invocabo eum? Et quis locus est in me, quo veniat in me deus meus? quo deus veniat in me, deus, qui fecit caelum et terram? Itane, domine deus meus, est quicquam in me, quod capiat te? An vero caelum et terra, quae fecisti et in quibus me fecisti capiunt te? An quia sine te non esset quidquid est, fit, ut quidquid est capiat te? Quoniam itaque et ego sum, quid peto, ut venias in me, qui non essem, nisi esses in me? Non enim ego iam inferi, et tamen etiam ibi es. Nam etsi descendero in infernum, ades. Non ergo essem, deus meus, non omnino essem, nisi esses in me. An potius non essem, nisi essem in te, ex quo omnia, per quem omnia, in quo omnia? Etiam sic, domine, etiam sic. Quo te invoco, cum in te sim? Aut unde venias in me? Quo enim recedam extra caelum et terram, ut inde in me veniat deus meus, qui dixit: caelum et terram ego impleo?

En op watter wyse sal ek my God aanroep, my God en Here, aangesien ek Hom immers in my sal aanroep wanneer ek Hom sal aanroep? En watter ruimte is daar in my, dat my Here in my sou kom? Dat God na my sou kom, die God wat hemel en aarde geskape het? Is daar dan enige iets in my wat U sou kon bevat? Of sou die hemel en die aarde, wat U geskape het en waarbinne U my geskape het, U kon bevat? Of is dit omdat sonder U niks sou bestaan nie, dat al wat is, U kan bevat? Aangesien ek dus ook is, waarom vra ek dit: dat U in my sou kom, ek wat nie sou wees nie as U nie in my was nie? Want ek (is) tog nie van die hel nie, en tog is U ook daar. Want as ek sou afdaal na die doderyk, is U daar. Ek sou dus nie wees nie, my Heer, ek sou geheel en al nie wees, as U nie in my was nie. Of sou ek eerder nie wees nie, as ek nie in U was nie, (U) uit wie, en deur wie, en tot wie alle dinge is? So is dit ook, Here, so is dit ook. Met watter doel roep ek U dan aan, aangesien ek in U is? Of waarvandaan sou U in my kom? Want waarheen sou ek wegtrek buite die hemel en die aarde, sodat my God daarvandaan in my sou kom, Hy wat gesê het: “Ek vervul hemel en aarde”?

III.3

Capiunt ergone te caelum et terra, quoniam tu imples ea? An imples et restat, quoniam non te capiunt? Et quo refundis quidquid impleto caelo et terra restat ex te? An non opus habes, ut quoquam continearis, qui contines omnia, quoniam quae imples continendo imples? Non enim vasa, quae te plena sunt, stabilem te faciunt, quia etsi frangantur non effunderis. Et cum effunderis super nos, non tu iaces, sed erigis nos, nec tu dissiparis, sed colligis nos. sed quae imples omnia, te toto imples omnia. An quia non possunt te totum capere omnia, partem tui capiunt et eandem partem simul omnia capiunt? An singulas singula et maiores maiora, minores minora capiunt? Ergo est aliqua pars tua maior, aliqua minor? An ubique totus es et res nulla te totum capit?

III.3

Dus bevat die hemel en die aarde U, aangesien U dit vervul? Of vervul U dit en daar bly iets oor, aangesien hulle U nie kan bevat nie? En waarheen vloei daardie deel van U terug wat oorbly nadat die aarde en die hemel vervul is met U? Of het U nie nodig dat U deur enigiets opgevang word nie; U wat alles omvat, aangesien U alles wat U vervul, vervul deur dit te omvat? Want dit is nie kruike wat van U vol is wat aan U vorm gee nie; want selfs al sou hulle gebreek word, sou U nie uitgegiet word nie. En wanneer U oor ons uitgegiet word, val U nie op die grond nie, maar U rig ons op, en U word nie verstrooi nie, maar U maak ons bymekaar. Want alle dinge wat U vervul, vul U almal met U hele wese. Of is dit omdat alle dinge nie U geheel kan bevat nie, dat hulle (maar) 'n gedeelte van U bevat en dat alle dinge tegelyk daardie deel van U bevat? Of bevat elkeen afsonderlik 'n afsonderlike deel van U, die groter dinge 'n groter deel, die kleineres 'n kleiner deel? Is enige deel van U dan groter, en ander kleiner? Of is U orals geheel en al en geen saak bevat U in geheel nie?

IV.4

Quid est ergo deus meus? Quid, rogo, nisi dominus deus? Quis enim dominus praeter dominum? Aut quis deus praeter deum nostrum? Summe, optime, potentissime, omnipotentissime, misericordissime et iustissime, secretissime et praesentissime, pulcherrime et fortissime, stabilis et inconprehensibilis, immutabilis, mutans omnia, numquam novus, numquam vetus, innovans omnia et in vetustatem perducens superbos et nesciunt; semper agens, semper quietus, colligans et non egens, portans et implens et protegens, creans et nutriens et perficiens, quaerens, cum nihil desit tibi. Amas nec aestuas, zelas et securus es, paenitet te et non doles, irasceris et tranquillus es, opera mutas nec mutas consilium; recipis quod invenis et numquam amisisti; numquam inops et gaudes lucris, numquam avarus et usuras exegis. Supererogatur tibi, ut debeas, et quis habet quicquam non tuum? Reddis debita nulli debens, donas debita nihil perdens. Et quid diximus, deus meus, vita mea, dulcedo mea sancta, aut quid dicit aliquis, cum de te dicit? Et vae tacentibus de te, quoniam loquaces muti sunt.

IV.4

Wat is dan my God? Wat, vra ek, anders as God, die Here? Want wie is die Here behalwe die Here? Of wie is God behalwe ons God? O hoogste, uitnemendste, magtigste en almagtigste, genadigste en regverdigste, mees verborge en alomteenwoordigste, skoonste en sterkste, standvastigste en ondeurgrondelike, onveranderlike, U wat alles verander, nooit nuut en nooit oud nie, (U wat)alles vernuwe en die hooghartiges voortlei na hul ouderdom in hul onkunde; altyd is U aan die beweeg, altyd rustig; (U wat) bymekaarmaak en geen gebrek het nie; (U wat) dra en volmaak en beskerm, skeppend en versorgend en voleindigend, terwyl U soek, hoewel U niks kortkom nie. U het lief, maar U is nie onrustig nie, U is jaloers maar kommerloos - U het berou en tog treur U nie, U is toornig, maar kalm, U verander U werke, maar nie U raadsplan nie; U aanvaar wat U vind, maar nooit verloor het nie; U het nooit 'n tekort nie en tog verheug U U oor die wins. U is nooit gierig nie en tog eis U rente. Meer as wat gevra word, (betaal) ons U, sodat U sou skuld, en tog, wat besit enigeen wat nie van U is nie? U betaal die skulde terug, terwyl U niks skuld nie, U skeld die skuld kwyd en U verloor niks. En wat het ons gesê, my Here, my lewe, my soete heilige begeerte, of wat sê enigeen, wanneer hy van U spreek? En tog: wee hulle wat swyg oor U, aangesien hulle pratende* stom is.

Quis mihi dabit adquiescere in te? Quis dabit mihi, ut venias in cor meum et inebries illud, ut obliviscar mala mea et unum bonum meum amplectar, te? Quid mihi es? Miserere, ut loquar. Quid tibi sum ipse, ut amari te iubeas a me et, nisi faciam, irascaris mihi et mineris ingentes misérias? Parvane ipsa est, si non amem te? Ei mihi! Dic mihi per miserationes tuas, domine deus meus, quid sis mihi. Dic animae meae: salus tua ego sum. Sic dic, ut audiam. Ecce aures cordis mei ante te, domine; aperi eas et dic animae meae: salus tua ego sum. Curram post vocem hanc et adprehendam te. Noli abscondere a me faciem tuam: moriar, ne moriar, ut eam videam.

Wie sal dit vir my gee om te rus in U? Wie sal dit vir my gee, dat U in my hart sou inkom en dit vervul, sodat ek my sondes vergeet en U - die een ware goed - sou omhels? Wat is U vir my? Wees my genadig, sodat ek mag praat. Wat is ek vir U, dat U my beveel om U lief te hê, en sou ek dit nalaat, dat U teenoor my vertoorn en my dreig met bittere pyne? Is dit 'n nietigheid op sigself as ek U nie sou bemin nie? Wee my! Sê my, deur U ontferminge, Here my God, wat sou U vir my wees. Sê aan my siel: Ek is jou heil. Sê dit, dat ek dit mag hoor. Kyk, die ore van my hart (is) voor U, Here; open hulle en sê vir my siel: Ek is jou heil. Ek sal hierdie stem najaag en U aangryp. Moenie U aangesig van my wegdraai nie: laat ek sterwe, sodat ek nie verlore gaan nie, maar U (aangesig) sal sien.

Angusta est domus animae meae, quo venias ad eam: dilatetur abs te. Ruinosa est: refice eam. Habet quae offendant oculos tuos: fateor et scio. Sed quis mundabit eam? Aut cui alteri praeter te clamabo: ab occultis meis munda me, domine, et ab alienis parce servo tuo? Credo, propter quod et loquor. Domine, tu scis. Nonne tibi prolocutus sum adversum me delicta mea, deus meus, et tu dimisisti impietatem cordis mei? Non iudicio contendo tecum, qui veritas es; et ego nolo fallere me ipsum, ne mentiatur iniquitas mea sibi. Non ergo iudicio contendo tecum, quia, si iniquitates observaveris, domine, domine, quis sustinebit?

Die woning van my siel is te klein vir U om daarin te kom: laat dit deur U verruim word. Dit is bouvallig: herbou (U) dit. Daar is dinge aan wat U oë afstootlik (vind): ek bely en weet dit. Maar wie sal dit skoonmaak? Of tot wie anders sal ek uitroep: reinig my van my verborge (sondes), o Here, en bewaar U kneg vir dié van ander! Ek glo, daarom spreek ek. Here, U weet dit. Dit is tog teenoor U wat ek tot my eie skaamte my sondes bekend gemaak het, my God, en het U nie die onreinheid van my hart vergewe nie? Ek stry nie teen U in die gerig nie, U wat die Waarheid is; en ek wil nie myself bedrieg nie, dat my ongeregtigheid teen my sou lieg nie. Daarom stry ek nie teen U in die gerig nie, want, as U die ongeregtighede in gedagte sou hou, Here Here, wie sal dit kan deurstaan?

VI.7

Sed tamen sine me loqui apud misericordiam tuam, me terram et cinerem, sine tamen loqui, quoniam ecce misericordia tua est, non homo, inrisor meus, cui loquor. Et tu fortasse inrides me, sed conversus misereberis mei. Quid enim est quod volo dicere, domine, nisi quia nescio, unde venerim huc, in istam dico vitam mortalem an mortem vitalem? Nescio. Et susceperunt me consolationes miserationum tuarum, sicut audivi a parentibus carnis meae, ex quo et in qua me formasti in tempore; non enim ego memini. Exceperunt ergo me consolationes lactis humani, nec mater mea vel nutrices meae sibi ubera implebant, sed tu mihi per eas dabas alimentum infantiae secundum institutionem tuam et divitias usque ad fundum rerum dispositas. Tu etiam mihi dabas nolle amplius, quam dabas: et nutrientibus me dare mihi velle quod eis dabas: dare enim mihi per ordinatum affectum volebant quo abundabant ex te. Nam bonum erat eis bonum meum ex eis, quod ex eis non, sed per eas erat: ex te quippe bona omnia, deus, et ex deo meo salus mihi universa. Quod animadverti postmodum clamante te mihi per haec ipsa, quae tribuis intus et foris. Nam tunc sugere noram et adquiescere delectationibus, flere autem offensiones carnis meae, nihil amplius.

VI.7

Maar laat my tog toe om te spreek in teenwoordigheid van U barmhartigheid; ek (wat maar) stof en as (is) - laat my tog toe om te spreek, want kyk, dit is U barmhartigheid tot wie ek spreek - nie 'n mens wat my sou bespot nie.

En as U my miskien sou uitlag, sou U omkeer en U oor my ontferm. Want wat is dit wat ek wil sê, Here, behalwe dit: dat ek nie weet waarvandaan ek hierheen gekom het nie, na hierdie lewende dood of dooie lewe, soos ek dit noem? Ek weet nie. Maar die vertroosting van u genade het my ondersteun, soos wat ek van my liggaamlike ouers gehoor het, (die vader) uit wie en (die moeder) in wie U my in tyd gevorm het. Ek (self) onthou dit egter nie. Dus het ek die vertroosting van moedersmelk ontvang, maar dit was nóg my moeder, nóg my voedsters wat self hulle borste gevul het, maar U wat deur hulle vir my die kos van 'n baba gegee het volgens U raad en (volgens) die rykdom (wat) U tot op die bodem van dinge gereël het. U het dit ook vir my gegee om nie meer te verlang as wat U gee nie, en aan my voedsters om te verkies om dit vir my te gee wat U vir hulle gee: want hulle het verlang deur 'n instinktiewe begeerte om aan my te gee wat hulle in oorvloed (ontvang het) van U. Want die goeie wat ek van hulle (ontvang het) was (ook) goed vir hulle; maar dit was nie van hulle nie, maar deur hulle - Uit U, inderdaad, (kom) alle goeie gawes, o God, en uit my God (kom) my volkome saligheid. Hiervan het ek heelwat later bewus geword, toe U tot my uitgeroep het deur hierdie innerlike en uiterlike (gawes) self wat U gegee het. Want toe het ek niks meer geken as om te suig en om rus te vind in genietinge, of om te huil weens fisieke ongemak, en niks meer nie.

VI.8

Post et ridere coepi, dormiens primo, deinde vigilans. Hoc enim de me mihi indicatum est et credidi, quoniam sic videmus alios infantes; nam ista mea non memini. Et ecce paulatim sentiebam, ubi essem, et voluntates meas volebam ostendere eis, per quos implerentur, et non poteram, quia illae intus erant, foris autem illi nec ullo suo sensu valebant introire in animam meam. Itaque iactabam membra et voces, signa similia voluntatibus meis, pauca quae poteram, qualia poteram: non enim erant veresimilia. Et cum mihi non obtemperabatur vel non intellecto vel ne obsesset, indignabar non subditis maioribus et liberis non servientibus et me de illis flendo vindicabam. Tales esse infantes didici, quos discere potui, et me talem fuisse magis mihi ipsi indicaverunt nescientes quam scientes nutritores mei.

VI.8

Later het ek begin om te lag, aanvanklik in my slaap en vervolgens ook wanneer ek wakker was. Hierdie dinge van myself is aan my uitgewys, en ek glo dit, aangesien ons dieselfde sien by ander babas; want ek onthou daarvan niks nie. En bietjies-bietjies het ek bewus geword van waar ek was, en wou ek my wil aan andere te kenne gee: (aan hulle) deur wie (my wense) vervul sou kon word, en ek kon nie, aangesien hulle innerlike (begeertes) was, en (volwassenes) as buitestaanders was nie by magte om deur hulle aanvoeling in my siel in te dring nie. Dus het ek die gewoonte gehad om my ledemate te beweeg en geluide te uiter - tekens wat ooreengestem het met my begeertes - die paar tekens waartoe ek in staat was volgens my begeertes - want hulle was nie regtig in ooreenstemming met mekaar nie. En wanneer dit nie vir my gegun is nie, hetsy omdat ek nie begryp is nie, of omdat dit vir my nadelig sou wees, was ek gewoond om my te vererg vir grootmense wat nie toegee nie, en was ek gewoond om my huilend* te wreek op vry mense wat my nie wou bedien nie. Ek kon leer dat klein kindertjies so is, van diegene wat ek kon dophou, en dat ek self ook so was, het hulle my beter aangetoon in hul onwetendheid as my wetende voedsters.

* Nie teenwoordige deelwoord in Latyn nie

Et ecce infantia mea olim mortua est et ego vivo. Tu autem, domine, qui et semper vivis et nihil moritur in te, quoniam ante primordia saeculorum et ante omne, quod vel ante dici potest, tu es et deus es dominusque omnium, quae creasti, et apud te rerum omnium instabilium stant causae et rerum omnium mutabilium inmutabiles manent origines et omnium irrationalium et temporalium sempiternae vivunt rationes, dic mihi supplici tuo, deus, et misericors misero tuo, dic mihi, utrum alicui iam aetati meae mortuae successerit infantia mea. An illa est, quam egi intra viscera matris meae? Nam et de illa mihi nonnihil indicatum est et praegnantem ipse vidi feminas. Quid ante hanc etiam, dulcedo mea, deus meus? Fuine alicubi aut aliquis? Nam quis mihi dicat ista, non habeo; nec pater nec mater potuerunt nec aliorum experimentum nec memoria mea. An irrides me ista quaerentem teque de hoc, quod novi, laudari a me iubes et confiteri me tibi?

VI.9

En kyk, my babadae is lankal verby - en ek lewe. Maar U Here, wat altyd leef en in wie niks tot niet gaan nie, aangesien U voor die aanvang van die eeue en voor alle dinge waarby ek sou kon praat van “voor”, God is en U Here is van alle dinge wat U geskape het, in U staan die oorsake van alle onstandvastige dinge vas en woon die onveranderlike oorsprong van alle veranderlike dinge, en die ewigdurende redes van alle onredelike en tydelike dinge woon (in U). Sê tog vir my op my smeking tot U, o God, en in barmhartigheid teenoor u ellendige (dienaar), sê my of een of ander tydperk - nou lankal verstreke - my babajare voorafgegaan het? Of is dit daardie (tyd), wat ek binne die skoot van my moeder deurgebring het? Want ook daarvan is ek die een en ander vertel, en self het ek verwagtende vroue gesien. Maar wat dan voor die tyd, my vreugde, my God? Was ek op een of ander plek, en was ek iemand? Want ek het niemand wat dit vir my sou kon vertel nie; nóg my vader, nóg my moeder, nóg die ervaring van ander, nóg my geheue kon dit doen. Of lag U my uit wanneer ek U vra oor hierdie dinge, en beveel U my om U te prys, oor wat ek weet, en om U te bely?

VI.10

Confiteor tibi, domine caeli et terrae, laudem dicens tibi de primordiis et infantia mea, quae non memini; et dedisti ea homini ex aliis de se conicere et auctoritatibus etiam muliercularum multa de se credere. Eram enim et vivebam etiam tunc et signa, quibus sensa mea nota aliis facerem, iam in fine infantiae quaerebam. Unde hoc tale animal nisi abs te, domine? An quisquam se faciendi erit artifex? Aut ulla vena trahitur aliunde, qua esse et vivere currat in nos, praeterquam quod tu facis nos, domine, cui esse et vivere non aliud atque aliud, quia summe esse ac summe vivere id ipsum est? summus enim es et non mutaris, neque peragitur in te hodiernus dies, et tamen in te peragitur, quia in te sunt et ista omnia: non enim haberent vias transeundi, nisi contineres ea. Et quoniam anni tui non deficiunt, anni tui hodiernus dies: et quam multi iam dies nostri et patrum nostrorum per hodiernum tuum transierunt et ex illo acceperunt modos et utcumque extiterunt, et transibunt adhuc alii et accipient et utcumque existent. Tu autem idem ipse es et omnia crastina atque ultra omniaque hesterna et retro hodie facies, hodie fecisti. Quid ad me, si quis non intellegat? Gaudeat et ipse dicens: quid est hoc? Gaudeat etiam sic et amet non inveniando invenire potius quam inveniando non invenire te.

VI.10

Ek bely U, Here van hemel en aarde, terwyl ek die lof besing voor U oor my ontstaan en my kleintyd, wat ek nie onthou nie; en U het dit gegee aan die mens om gevolgtrekkings te maak oor homself vanuit andere en om op grond van die getuienis van vroumensies baie dinge oor homself te glo. Dus was ek ook toe, en leef ek ook toe, en (aangesien) ek toe reeds aan die einde van my babajare was, het ek tekens gesoek waardeur ek my gevoelens aan andere sou kon bekend maak. Vanwaar kom so 'n lewende wesentjie* indien nie van U nie, Here? Of sou iemand homself kon formeer? Of ontstaan die bron van êrens elders, vanwaar ons bestaan en die lewe in ons vloei, behalwe dat U ons maak, Here, (U) vir wie om te bestaan en te lewe nie twee verskillende dinge is nie, omdat die hoogste bestaan en die hoogste lewe juis dít is? Want U is die hoogste en U word nie verander nie, en ook gaan die dag van vandag in U nie verby nie - en tog gaan dit in U verby - omdat al daardie dinge ook in U is: want hulle [= die tye] sou nie bane hê nie om in verby te gaan as U hulle nie sou beperk het nie. En aangesien U jare nie beëindig word nie, is U jare die dag van vandag: en hoevele van ons dae en van ons voorouers s'n het op U hede reeds verbygegaan en neem daaruit hul perke en aard, en hoevele sal tot dan nog verbygaan en (hul perke) daaruit ontvang en hul aard ontleen? Maar U is dieselfde en alles wat U môre en daarna sal maak - doen U vandag, en alles wat U gister en vantevore gemaak het, het U vandag gemaak. Wat is dit vir my, as iemand dit nie verstaan nie? Laat hy homself verbly terwyl hy sê: wat maak dit saak? Laat hy hom dan ook verbly en behae daaruit put om U te vind terwyl hy U nie vind nie, eerder as wat hy U nie vind nie terwyl hy U vind.

* Nie teenwoordige deelwoord in die Latyn nie

Exaudi, deus. Vae peccatis hominum! Et homo dicit haec, et misereris eius, quoniam tu fecisti eum et peccatum non fecisti in eo. Quis me commemorat peccatum infantiae meae, quoniam nemo mundus a peccato coram te, nec infans, cuius est unius diei vita super terram? Quis me commemorat? An quilibet tantillus nunc parvulus, in quo video quod non memini de me? Quid ergo tunc peccabam? An quia uberibus inhiabam plorans? Nam si nunc faciam, non quidem uberibus, sed escae congruenti annis meis ita inhians, deridebor atque reprehendar iustissime. Tunc ergo reprehendenda faciebam, sed quia reprehendentem intellegere non poteram, nec mos reprehendi me nec ratio sinebat. Nam extirpamus et eicimus ista crescentes, nec vidi quemquam scientem, cum aliquid purgat, bona proicere. An pro tempore etiam illa bona erant, flendo petere etiam quod noxie daretur, indignari acriter non subiectis hominibus liberis et maioribus hisque, a quibus genitus est, multisque praeterea prudenteribus non ad nutum voluntatis obtemperantibus feriendo nocere niti quantum potest, quia non oboeditur imperiis, quibus perniciose oboediretur? Ita inbecillitas membrorum infantilium innocens est, non animus infantium. Vidi ego et expertus sum zelantem parvulum: nondum loquebatur et intuebatur pallidus amaro aspectu conlactaneum suum. Quis hoc ignorat? Expiare se dicunt ista matres atque nutrices nescio quibus remediis. Nisi vero et ista innocentia est, in fonte lactis ubertim manante atque abundante opis egentissimum et illo adhuc uno alimento vitam ducentem consortem non pati. Sed blande tolerantur haec, non quia nulla vel parva, sed quia aetatis accessu peritura sunt. Quod licet probes, cum ferri aequo animo eadem ipsa non possunt, quando in aliquo annosiore deprehenduntur.

Verhoor my, o God. Wee die sondes van die mens! En dit is 'n mens wat hierdie dinge sê, en U ontferm U oor hom, aangesien U hom gemaak het, en U nie die sonde in hom gemaak het nie. Wie herinner my aan die sondes van my jeug, aangesien niemand rein van sondes is voor U aangesig nie, ook nie 'n suigeling wat nog maar een dag op die aarde is nie. Wie herinner my? Of is dit enige kindjie, nou nog so klein, in wie ek sien wat ek nie van myself onthou nie? Wat het ek immers toe gesondig? Was dit daarin dat ek, al skreeuende na die moederbors verlang het? Want as ek dit nou moes doen - dan (is dit)nie na die moederborste nie, maar na spyse volgens my ouderdom wat ek sou verlang - dan sal ek met reg uitgelag word en tereg gewys word. Dus het ek destyds iets gedoen wat teregwysing gevra het, maar omdat ek nie in staat was om een wat tereg gewys het te verstaan nie, het gewoonte en gesonde verstand weerhou dat ek tereg gewys word. Want in die groeiende (jare) roei en pluk ons sulke dinge uit, en ek het ook nie iemand gesien wat bewustelik, wanneer hy iets skoonmaak, die goeie weggooi nie. Of was ook dit goed vir daardie ouderdom, om al huilende* te vra om dit wat skadelik mag wees gegee te word; of om hewig ontsteld te word teenoor vrye mense wat hulleself nie onderdanig stel nie en teenoor daardie volwassenes, en die mense van wie hy gebore is, en (teenoor) baie mense wat wyser is wat nie aan sy wil wil toegee nie en om te probeer om hulle te slaan en soveel moontlik leed te berokken, omdat hulle nie gehoor gee aan sy eise wat tot skade sal wees om te gehoorsaam? Só onskuldig is die swakheid van die kinderledemate, maar nie die gees van die kind nie. Eksself het 'n jaloerse kleintjie gesien en ervaar: hy kon nog nie praat nie, en het bleek, met 'n nydige gesig, gestaar na sy broertjie wat die moedersmelk met hom deel. Wie ken dit nie? Moeders en voedsters sê dat hulle dit weer regstel met een of ander middel. Tensy ook dit onskuld is, naamlik wanneer die fontein van melk so standhoudend en oortruiedig vloei, om nie sy broer wat so uiters behoeftig (is) en tot hiertoe slegs met een voedsel aan die lewe bly, te verdra nie. Maar dit word geredelik verdra, nie omdat dit niks of klein is nie, maar omdat dit met die verloop van jare sal uitsterf. Dit kan hierdeur bewys word: dieselfde gedrag kan nie sonder meer verdra word wanneer dit aangetref word by (iemand van) meerdere jare nie.

* Nie teenwoordige deelwoord in Latyn nie

VII.12

Tu itaque, domine deus meus, qui dedisti vitam infanti et corpus, quod ita, ut videmus, instruxisti sensibus, conpegisti membris, figura decorasti proque eius universitate atque incolumitate omnes conatus animantis insinuasti, iubes me laudare te in istis et confiteri tibi et psallere nomini tuo, altissime, quia deus es omnipotens et bonus, etiamsi sola ista fecisses, quae nemo alius potest facere nisi tu, une, a quo est omnis modus, formosissime, qui formas omnia et lege tua ordinas omnia, hanc ergo aetatem, domine, qua me vixisse non memini, de qua aliis credidi et quam me egisse ex aliis infantibus conieci, quamquam ista multum fida coniectura sit, piget me adnumerare huic vitae meae, quam vivo in hoc saeculo. Quantum enim adtinet ad oblivionis meae tenebras, par illi est, quam vixi in matris utero. Quod si et iniquitate conceptus sum et in peccatis mater mea in utero aluit, ubi, oro te, deus meus, ubi, domine, ego, servus tuus, ubi aut quando innocens fui? Sed ecce omitto illud tempus: et quid mihi iam cum eo est, cuius nulla vestigia recolo?

VII.12

U dus, Here my God, wat aan die baba sowel die lewe as sy liggaam gegee het, U het soos ons sien, (hom) toegerus met sintuie; U het sy ledemate saamgevoeg, U het hom versier met 'n mooi voorkoms, en U het tot sy geheel en behoud al die neiginge van 'n lewende (wese) ingeplant. U beveel my om U te prys om daardie redes en om U te bely en U naam uit te sing, o Allerhoogste, omdat U, o God, almagtig en goed is, ook al sou dit die enigste wees wat U geskape het, wat niemand anders in staat is om te skep nie buiten U alleen, van wie elke vorm van bestaan is, o Allerskoonste, wat alles skoon formeer en wat alles volgens U wet orden. Hierdie ouderdom dus, o Heer, wat ek nie onthou dat ek geleef het nie, waarom ek ander mense glo en waarom ek vanuit ander kindertjies die gevolgtrekking gemaak het hoe ek opgetree het - alhoewel die projeksie baie waarskynlik - dit wil ek nie graag by my lewe reken wat ek nou in hierdie tyd leef nie. Want sover dit betrekking het op die duisternis van wat ek vergeet het, dit is op dieselfde vlak as (die tyd wat) ek in die moederskoot geleef het. Maar as ek in ongeregtigheid ontvang is en my moeder my in sonde in die moederskoot gevoed het; wáár, bid ek U, my God, wáár, Here, waar of wanneer was ek, U dienskneg, (ooit) onskuldig? Maar kyk, ek laat daardie tyd buite rekening; en watter erg het ek nog aan daardie tyd, waarvan ek geen spore herken nie?

Nonne ab infantia huc pergens veni in pueritiam? Vel potius ipsa in me venit et successerit infantiae? Nec discessit illa: quo enim abiit? Et tamen iam non erat. Non enim eram infans, qui non farer, sed iam puer loquens eram. Et memini hoc, et unde loqui didiceram, post adverti. Non enim docebant me maiores homines praeuentes mihi verba certo aliquo ordine doctrinae sicut paulo post litteras, sed ego ipse mente, quam dedisti mihi, deus meus, cum gemitibus et vocibus variis et variis membrorum motibus edere vellem sensa cordis mei, ut voluntati pareretur, nec valerem quae volebam omnia nec quibus volebam omnibus, pensabam memoria: cum ipsi appellabant rem aliquam et cum secundum eam vocem corpus ad aliquid movebant, videbam et tenebam hoc ab eis vocari rem illam, quod sonabant, cum eam vellent ostendere. Hoc autem eos velle ex motu corporis aperiebatur tamquam verbis naturalibus omnium gentium, quae fiunt vultu et nutu oculorum ceterorumque membrorum actu et sonitu vocis indicante affectionem animi in petendis, habendis, reiciendis fugiendisve rebus. Ita verba in variis sententiis locis suis posita et crebro audita quarum rerum signa essent paulatim colligebam measque iam voluntates edomito in eis signis ore per haec enuntiabam. Sic cum his, inter quos eram, voluntatum enuntiandarum signa communicavi et vitae humanae procellosam societatem altius ingressus sum pendens ex parentum auctoritate nutuque maiorum hominum.

Het ek nie, van my babajare onderweg hierheen, by die seunstyding aangekom nie? Of het dit eerder na my gekom en die babatyd opgevolg? Want dit het nie verdwyn nie; waarheen sou dit weg gegaan het? En tog was dit nie meer nie. Ek was dus nie meer 'n baba - wat nie kon praat nie - maar reeds 'n seun wat kon praat. Dit herinner ek my, (maar) hoe ek geleer het om te praat, het ek later uitgevind. Dit was nie grootmense wat my geleer het terwyl hulle vir my woorde voorhou in een of ander vasgestelde metode van onderwysing soos 'n bietjie later die alfabet nie, maar ek self met hierdie verstand - wat U vir my gegee het, my God. Wanneer ek deur kreune en verskillende* stembuigings en deur verskillende bewegings van die ledemate wou uiting gee aan die gevoelens van my hart, sodat hulle sou doen wat ek wou hê, en ek nie alles kon uiter wat ek wou nie, en ook nie aan almal wat ek wou nie, het ek gewoonlik gedink aan my vorige ondervinding: Wanneer hulle een of ander saak benoem het en ná daardie woord die liggaam na iets beweeg het, het ek gesien en onthou dat die saak deur hulle by hierdie naam genoem is soos hulle dit uitgespreek het wanneer hulle daardie ding wou aandui. En dat hulle dit bedoel, is vir my duidelik gemaak deur die beweging van die liggaam - as die natuurlike woorde van alle volke - wat hulle voortbring deur die gesigsuitdrukking en knip van die oë en die beweging van ander ledemate en deur die klank van die stem wat die gemoedstoestand te kenne gee wanneer sake gevra en verkry, of afgewys en vermy moet word. So is woorde in verskeie betekenis op hul plekke geplaas en met herhaalde aanhoor het ek geleidelik die sin van dinge begin verstaan. En ek het my begeertes deur daardie woorde uitgespreek nadat ek my mond onder bedwang gebring het. So het ek tekens van wilsuitinge gewissel met hulle tussen wie ek was, en het ek dieper ingedring in die woelige gemeenskap van die menslike lewe, terwyl ek afhanklik was van die gesag van my ouers en die goedkeuring van ouer mense.

* Nie teenwoordige deelwoord in Latyn nie

Deus, deus meus, quas ibi miseras expertus sum et ludificationes, quandoquidem recte mihi vivere puero proponebatur, obtemperare monentibus, ut in hoc saeculo florerem et excellerem linguosis artibus ad honorem hominum et falsas divitias famulantibus. Inde in scholam datus sum, ut discerem litteras, in quibus quid utilitatis esset ignorabam miser. Et tamen, si segnis in discendo essem, vapulabam. Laudabatur enim hoc a maioribus, et multi ante nos vitam istam agentes praestruxerant aerumnosas vias, per quas transire cogebamur multiplicato labore et dolore filiis Adam. Invenimus autem, domine, homines rogantes te et didicimus ab eis, sentientes te, ut poteramus, esse magnum aliquem, qui posses etiam non adparens sensibus nostris exaudire nos et subvenire nobis. Nam puer coepi rogare te, auxilium et refugium meum, et in tuam invocationem rumpebam nodos linguae meae et rogabam te parvus non parvo affectu, ne in schola vapularem. Et cum me non exaudiebas, quod non erat ad insipientiam mihi, ridebantur a maioribus hominibus usque ad ipsis parentibus, qui mihi accidere mali nihil volebant, plagae meae, magnum tunc et grave malum meum.

*H*ere, my Here, watter ongeluk en spotterny het ek toe verduur, aangesien dit as seun vir my voorgehou is om reg te lewe deur hulle te gehoorsaam wat (my) gewaarsku het, sodat ek in hierdie lewe sou vooruitgaan en ek sou uitblink in die kuns van welsprekendheid (wat 'n mens gebruik) tot die eer van mense en in die diens aan bedrieglike rykdomme. Toe is ek skool toe gestuur, sodat ek geleer sou word om te lees en skryf, waarvan ek, arme drommel, nie die nut kon insien nie. En tog, as ek traag was om te leer, het ek gewoonlik pak gekry. Want hierdie ding is aangeprys deur volwassenes en baie mense wat voor ons daardie lewe deurgemaak het, (wat) kommervolle paaie aangelê (het)waarop ons gedwing is om te gaan met vermenigvuldiging van die moeite en verdriet vir die seuns van Adam. Maar ons het mense ontmoet, Here, wat U aangeroop het, en ons het van hulle geleer en het begryp - vir soverre ons in staat was - dat U 'n groot Wese is wat ons kan verhoor en help - alhoewel nie sigbaar vir ons sintuie nie. Want as seun het ek begin om U aan te roep, my Hulp en Toevlug, en ek het my tong van sy belemmeringe bevry om U aan te roep en ek, 'n kleintjie, het U met 'n allermins klein begeerte gevra dat ek nie in die skool geslaan sou word nie. En toe U my nie verhoor het nie, wat nie tot my nadeel was nie, is my slae - wat toe vir my 'n groot en bittere leed was - deur die grootmense uitgelag, selfs deur my eie ouers, wat nie wou hê dat enige kwaad met my gebeur nie.

IX.15

Estne quisquam, domine, tam magnus animus, praegrandi affectu tibi cohaerens, estne, inquam, quisquam – facit enim hoc quaedam etiam stoliditas – est ergo, qui tibi pie cohaerendo ita sit affectus granditer, ut eculeos et ungulas atque huiuscemodi varia tormenta, pro quibus effugiendis tibi per universas terras cum timore magno supplicatur, ita parvi aestimet, diligens eos, qui haec acerbissime formidant, quemadmodum parentes nostri ridebant tormenta, quibus pueri a magistris affligebamur? non enim aut minus ea metuebamus aut minus te de his evadendis deprecabamur, et peccabamus tamen minus scribendo aut legendo aut cogitando de litteris, quam exigebatur a nobis. Non enim deerat, domine, memoria vel ingenium, quae nos habere voluisti pro illa aetate satis, sed delectabat ludere et vindicabatur in nos ab eis qui talia utique agebant. Sed maiorum nugae negotia vocantur, puerorum autem talia cum sint, puniuntur a maioribus, et nemo miseratur pueros vel illos vel utrosque. Nisi vero adprobat quisquam bonum rerum arbiter vapulasse me, quia ludebam pila puer et eo ludo inpediebar, quominus celeriter discerem litteras, quibus maior deformius luderem. Aut aliud faciebat idem ipse, a quo vapulabam, qui si in aliqua quaestiuncula a conductore suo victus esset, magis bile atque invidia torqueretur quam ego, cum in certamine pilae a conlusore meo superabar?

Is daar iemand, O Here, met so 'n groot gees, wat U met 'n buitengewone groot liefde aankleef, is daar, vra ek, iemand - want 'n sekere onbeholpenheid veroorsaak hierdie ding - is daar iemand wat met so 'n grootse liefde in vrome afhanklikheid teenoor u (staan) dat hy pynbanke en spykers en ook allerlei folterinstrumente van watter aard ookal, waarvan hulle regoor die aarde met groot vrees U smeek om gespaar te bly, só gering skat, terwyl hy (tog) dié liefhet wat hierdie dinge met die skerpste vrees bejeën, net soos ons ouers die pyniging belaglik gevind het waardeur ons as seuns deur die onderwysers geteister is? Want ons het daardie (pyniging)nie minder gevrees nie, of U minder gesoebat om hierdie dinge vry te spring nie, en tog het ons gesondig deur minder te skryf of te lees of die letterkunde te bestudeer, as wat van ons vereis is. Want dit het ons nie ontbreek nie, o Here, aan voldoende geheue of vindingrykheid wat U wou hê dat ons in voldoende mate sou besit vir daardie ouderdom nie, maar dit was (vir ons) onweerstandbaar om te speel - en ons is gestraf deur hulle wat ook soortgelyke dinge gedoen het. Die spel van grootmense word "besigheid" genoem, maar wanneer seuns dieselfde doen, word hulle gestraf deur die ouers, en niemand het enige simpatie met hulle nie, nóg met die ouers, nóg met die kinders. Tensy iemand - 'n goeie beoordelaar van sake - dit soms goedkeur dat ek pak gekry het, omdat ek as seun bal gespeel het en ek deur die spel verhinder is, om vinnig die werk te leer, waarmee ek as ouer geworde persoon op 'n minder oulike wyse sou speel. Het daardie man deur wie ek getug is, nie self net so opgetree nie, as hy in een of ander redetwis deur sy kollega verslaan sou word, dat hy meer deur toorn en jaloesie verteer word as ek, toe ek in 'n balspel deur my speelmaat verslaan is?

E^t tamen peccabam, domine deus, ordinator et creator rerum omnium naturalium, peccatorum autem tantum ordinator, domine deus meus, peccabam faciendo contra praecepta parentum et magistrorum illorum. Poteram enim postea bene uti litteris, quas volebant ut discerem quocumque animo illi mei. Non enim meliora eligens inoboediens eram, sed amore ludendi, amans in certaminibus superbas victorias et scalpi aures meas falsis fabellis, quo prurirent ardentius, eadem curiositate magis magisque per oculos emicante in spectacula, ludos maiorum; quos tamen qui edunt, ea dignitate praediti excellunt, ut hoc paene omnes optent parvulis suis, quos tamen caedi libenter patiuntur, si spectaculis talibus inpediantur ab studio, quo eos talia edenda cupiunt pervenire. Vide ista, domine, misericorditer et libera nos iam invocantes te, libera etiam eos qui nondum te invocant, ut invocent te et liberes eos.

En tog het ek gesondig, Here God, Bestuurder en Skepper van alle natuurlike dinge - maar van die sondaars net Bestuurder - o Here my God, ek het gesondig deur téén die voorskrifte van my ouers en daardie onderwysers op te tree. Want ek was later in staat om my kennis goed te gebruik -(die kennis) wat hulle, daardie mense van my, wou hê dat ek moes leer, met watter bedoeling ook al. Want ek was nie ongehoorsaam omdat ek (iets beters) verkies het nie, maar deur liefde vir speletjies, terwyl ek dit geniet het om in gevegte trotse oorwinnings (te behaal), en my ore laat prikkel deur valse stories, sodat hulle net meer daarvoor sou jeuk, terwyl (dieselfde nuuskierigheid) meer en meer uit (my oë) straal tydens die vertonings - die spele van grootmense. Maar hulle wat dit aanbied, blink so uit in hul waardigheid, dat byna almal dit ook begeer vir hulle kinders. En tog verduur hulle dit gewillig dat hulle (die kinders) getugtig word, as hulle deur sulke skouspele weggehou word van die studie waardeur hulle hoop dat hulle daarby sal aankom om sulke vertonings aan te bied. Sien tog, Here, daardie dinge met ontferming en verlos ons wat U reeds aanroep; verlos ook diegene wat U nog nie aanroep nie, sodat hulle U sal aanroep en U hulle verlos.

Audieram enim ego adhuc puer de vita aeterna promissa nobis per humilitatem domini dei nostri descendentis ad superbiam nostram et signabar iam signo crucis eius et condiebar eius sale iam inde ab utero matris meae, quae multum speravit in te. Vidisti, domine, cum adhuc puer essem et quodam die pressu stomachi repente aestuarem paene moriturus, vidisti, deus meus, quoniam custos meus iam eras, quo motu animi et qua fide baptismum Christi tui, dei et domini mei, flagitavi a pietate matris meae et matris omnium nostrum, ecclesiae tuae. Et conturbata mater carnis meae, quoniam et sempiternam salutem meam carius parturiebat corde casto in fide tua, iam curaret festinabunda, ut sacramentis salutaribus initiarer et abluerer, te, domine Iesu, confitens in remissionem peccatorum, nisi statim recreatus essem. Dilata est itaque mundatio mea, quasi necesse esset, ut adhuc sordidarer, si viverem, quia videlicet post lavacrum illud maior et periculosior in sordibus delictorum reatus foret. Ita iam credebam et illa et omnis domus, nisi pater solus, qui tamen non evicit in me ius maternae pietatis, quominus in Christum crederem, sicut ille nondum crediderat. Nam illa satagebat, ut tu mihi pater esses, deus meus, potius quam ille, et in hoc adiuvabas eam, ut superaret virum, cui melior serviebat, quia et in hoc tibi utique id iubenti serviebat.

XI.17

Ek het immers reeds as seun gehoor van die ewige lewe wat aan ons belowe is deur die lyding van ons Here God, wat neergedaal het tot ons hoogmoedigheid, en ek het myself reeds geteken met die teken van Sy kruis en ek is reeds gewy met sy sout vanaf die skoot van my moeder, wat baie van U verwag het. U het (dit) gesien, o Here, toe ek nog 'n seun was en op 'n sekere dag plotseling deur 'n maagkramp gekwel is en ek byna op sterwe was, U het gesien, o Here, aangesien U toe reeds my Bewaker was, met watter sielsverlange en watter geloof ek gepleit het by die vroomheid van my ma en die moeder van ons almal, die Kerk, om die doop van U (Seun) Christus, my God en Here. En my vleeslike moeder was ontsteld, aangesien sy liever in barensnood was vir my ewige saligheid in haar hart, wat geheilig was in die geloof in U. Sy sou juis haastig gesorg het dat ek gewy word deur die sakrament wat heil bring, en afgewas word, terwyl ek U, Here Jesus, bely tot die vergifnis van sondes, as ek nie dadelik herstel het nie.

So is my reiniging uitgestel, asof dit onvermydelik sou wees dat ek myself nog meer sou bevlek - as ek sou lewe - omdat die skuld natuurlik groter en gevaarliker sou wees ná die reiniging vanweë die vuilheid van die sondes. Dus het ek reeds geglo, en my moeder en ons hele huishouding, uitgesonder my vader alleen. Hy het tog nie sy reg teenoor my met

betrekking tot my moeder se vroomheid uitgeoefen nie om my te verhinder om in Christus te glo nie, soos hyself tot nog toe nie geglo het nie. Want sy het moeite gedoen dat U vir my 'n Vader sou wees, my God, meer as hy, en daarin het U haar gehelp, sodat sy haar man oorwin het, vir wie sy - 'n beter mens - gedien het, omdat sy ook daarin vir U gedien het wat haar immers daartoe beveel het.

Rogo te, deus meus, vellem scire, si tu etiam velles, quo consilio dilatus sum, ne tunc baptizarer, utrum bono meo mihi quasi laxata sint lora peccandi an non laxata sint. Unde ergo etiam nunc de aliis atque aliis sonat undique in auribus nostris: "sine illum, faciat; nondum enim baptizatus est". et tamen in salute corporis non dicimus: "sine vulneretur amplius; nondum enim sanatus est." quanto ergo melius et cito sanarer et id ageretur mecum meorum meaue diligentia, ut recepta salus animae meae tuta esset tutela tua, qui dedisses eam. Melius vero. Sed quot et quanti fluctus inpendere temptationem post pueritiam videbantur, noverat eos iam illa mater et terram per eos, unde postea formarer, quam ipsam iam effigiem committere volebat.

Ek vra U, my God, ek wil dit weet, as U dit ook wou hê, met watter raadsplan dit uitgestel is, dat ek nie tóé gedoop is nie, of tot my beswil die teuels van die sonde as't ware vir my verslap is, of nie verslap is nie. Waarvandaan hoor ons nou selfs ook verskillende mense sê: "Los hom, laat hom begaan, hy is immers nog nie gedoop nie." En tog, aangaande** die behoud van die liggaam sê ons nie: "Laat hom nog meer seerkry, want hy is nog nie gesond nie." Hoeveel te beter dus, as ek spoedig gesond geword het en daar so gehandel is met my deur my ywer en dié van my (mense), dat die saligheid van my siel veilig ontvang is onder u sorg, wat dit (voorheen al) gegee het. Voorwaar beter! Maar hoevele en watter groot golwe van versoeking het geblyk om my ná my kinderjare te bedreig. Dit het my moeder reeds geweet, en sy sou eerder deur hulle die stof prysgee waaruit ek later (na U beeld) gevorm sou word, as die beeld self.

In ipsa tamen pueritia, de qua mihi minus quam de adolescentia metuebatur, non amabam litteras et me in eas urgeri oderam; et urgebar tamen et bene mihi fiebat, nec faciebam ego bene: non enim discerem, nisi cogerer. Nemo enim invitus bene facit, etiamsi bonum est quod facit. Nec qui me urgebant, bene faciebant, sed bene mihi fiebat abs te, deus meus. Illi enim non intuebantur, quo referrem quod me discere cogeant praeterquam ad satiandas insatiabiles cupiditates copiosae inopiae et ignominiosae gloriae. Tu vero, cui numerati sunt capilli nostri, errore omnium, qui mihi instabant ut discerem, utebaris ad utilitatem meam, meo autem, qui discere nolebam, utebaris ad poenam meam, qua plecti non eram indignus tantillus puer et tantus peccator. Ita non de bene facientibus tu bene faciebas mihi et de peccante me ipso iuste retribuebas mihi. Iussisti enim et sic est, ut poena sua sibi sit omnis inordinatus animus.

Tog in daardie kleintyd, waarvoor daar minder vir my gevrees is as vir my tienerjare, het ek nie die letterkunde bemin nie en het ek dit gehaat dat ek daartoe gedwing is, en tog is ek gedwing en dit was vir my goed. Ek het ook nie goed gedoen nie: want ek het nie geleer nie, tensy ek gedwing is. Want niemand doen goed teen sy sin nie, al is dit ook goed wat hy doen. En hulle wat my gedwing het, het óók nie goed gedoen nie, maar dit het my ten goede gekom deur U, my Here. Want hulle het nie verstaan waarvoor ek dit wat hulle my gedwing het om te leer, sou aanwend nie, behalwe tot die versadiging van onversadigbare begeertes van oorvloedige armoede en smadelike roem. Maar U, deur wie die hare van my hoof getel is, U het die foute van hulle almal wat my gedryf het tot studie tot my voordeel aangewend. My dwaling aan die ander kant, dat ek nie wou leer nie, het U aangewend tot my eie straf wat ek, so 'n klein seuntjie en tog so 'n groot sondaar, verdien het. So het U aan my goed gedoen deur hulle wat nie goed gedoen het nie en het U my, wat sonde gedoen het, op 'n regverdige wyse vergeld. Want U het beveel en dit is so, dat elke ongeordende gees sy eie straf sal wees.

Quid autem erat causae, cur graecas litteras oderam, quibus puerulus imbuebar, ne nunc quidem mihi satis exploratum est. adamaveram enim latinas, non quas primi magistri, sed quas docent qui grammatici vocantur. Nam illas primas, ubi legere et scribere et numerare discitur, non minus onerosas poenalesque habebam quam omnes graecas. Unde tamen et hoc nisi de peccato et vanitate vitae, qua caro eram et spiritus ambulans et non revertens? Nam utique meliores, quia certiores, erant primae illae litterae, quibus fiebat in me et factum est et habeo illud, ut et legam, si quid scriptum invenio, et scribam ipse, si quid volo, quam illae, quibus tenere cogebar Aeneae nescio cuius errores oblitus errorum meorum et plorare Didonem mortuam, quia se occidit ab amore, cum interea me ipsum in his a te morientem, deus, vita mea, siccis oculis ferrem miserrimus.

Wat egter die rede was hoekom ek die Grieks - waarin ek as seuntjie onderrig is - gehaat het, is selfs nou nog nie vir myself heeltemal duidelik nie. Ek het Latyn immers bemin, nie dit wat die eerste onderwysers onderrig nie, maar hulle wat "grammatici" genoem word. Want daardie eerstes, deur wie geleer word om te lees en te skryf en somme te maak, was vir my nie 'n kleiner lastigheid en straf as al die Grieks nie. Want waarvandaan het ook dit gekom, behalwe deur die sondigheid en ydelheid van die lewe, waardeur ek vlees was en 'n wandelende gees wat nie weer terugkeer nie? Want daardie eerste aspekte van kennis was beter, omdat hulle sekerder is. Daardeur het dit tot stand gekom wat ek nou het, (die vaardigheid) om te kan lees, as ek iets geskrewe vind, en om self iets te skrywe, as ek wil. (Dit was beter) as daardie (studie) waardeur ek gedwing is om die omswerwinge van een of ander Aeneas te onthou, terwyl ek onbewus van my eie omswerwinge was, en om te huil oor die dood van Dido, wat haarself om die lewe gebring het weens liefde, terwyl ek - die rampsalige - dit ondertussen met droë oë verdra het, o Here, my Lewe, dat ek besig was om van u af te sterwe, terwyl ek met hierdie dinge besig was.

XIII.21

Quid enim miserius misero non miserante se ipsum et flente Didonis mortem, quae fiebat amando Aenean, non flente autem mortem suam, quae fiebat non amando te, deus, lumen cordis mei et panis oris intus animae meae et virtus maritans mentem meam et sinum cogitationis meae? Non te amabam et fornicabar abs te et fornicanti sonabat undique: “euge, euge”. Amicitia enim mundi huius fornicatio est abs te et “euge, euge” dicitur, ut pudeat, si non ita homo sit. Et haec non flebam et flebam Didonem extinctam ferroque extrema secutam sequens ipse extrema condita tua relicto te et terra iens in terram: et si prohiberer ea legere, dolerem, quia non legerem quod dolerem. Talis dementia honestiores et uberiores litterae putantur quam illae, quibus legere et scribere didici.

XIII.21

Want wat is ongelukkiger as 'n ellendeling wat nie huil oor homself nie, ook terwyl hy treur oor die dood van Dido, wat teweeg gebring is deur liefde vir Aeneas, terwyl hy daarenteen nie huil oor sy eie dood nie, wat teweeg gebring is deur U nie lief te hê nie, O God, Lig van my hart en Brood vir my binneste siel en die krag wat my gemoed en die skoot van my denke bevrug? Want ek het U nie liefgehad nie en ek het van u af weg gehoereer, en terwyl ek hoereer het, het dit van oraloor geklink: "hoor-hoor!" Want die vriendskap van hierdie wêreld is daardie hoerery weg van U af, en "hoor-hoor" word gesê, sodat hy hom sou skaam, as hy nie so 'n mens is nie. En hieroor het ek nie gehuil nie, maar ek het gehuil oor die gestorwe Dido wat haar einde met 'n swaard opgesoek het, terwyl ek self die geringste ding van U skepping opgesoek en U agtergelaat het, terwyl ek stof was wat tot stof terugkeer. En as ek verbied sou word om iets te lees, het ek getreur, omdat ek nie kon lees wat my laat treur het nie. So 'n waansinnigheid word beskou as 'n waardevoller en vrugbaarder studie as dáárdie, waardeur ek geleer het om te lees en te skryf.

XIII.22

Sed nunc in anima mea clamet deus meus, et veritas tua dicat mihi: non est ita, non est ita; melior est prorsus doctrina illa prior. Nam ecce paratior sum oblivisci errores Aeneae atque omnia eius modi quam scribere et legere. At enim vela pendent liminibus grammaticarum scholarum, sed non illa magis honorem secreti quam tegimentum erroris significant. Non clament adversus me quos iam non timeo, dum confiteor tibi quae vult anima mea, deus meus, et adquiesco in reprehensione malarum viarum mearum, ut diligam bonas vias tuas, non clament adversus me venditores grammaticae vel emptores, quia, si proponam eis interrogans, utrum verum sit quod Aeneas aliquando Carthaginem venisse poeta dicit, indoctiores nescire se respondebunt, doctiores autem etiam negabunt verum esse. At si quaeram, quibus litteris scribatur Aeneae nomen, omnes mihi, qui haec didicerunt, verum respondent secundum id pactum et placitum, quo inter se homines ista signa firmarunt. Item si quaeram, quid horum maiore vitae huius incommodo quisque obliviscatur, legere et scribere an poetica illa figmenta, quis non videat, quid responsurus sit, qui non est penitus oblitus sui? Peccabam ergo puer, cum illa inania istis utilioribus amore praeponerem vel potius ista oderam, illa amabam. Iam vero unum et unum duo, duo et duo quattuor odiosa cantio mihi erat et dulcissimum spectaculum vanitatis equus ligneus plenus armatis et Troiae incendium atque ipsius umbra Creusae.

XIII.22

Maar nou, mag my God in my siel uitroep en mag U waarheid vir my sê: Dis nie so nie, dis nie so nie, daardie eerste onderwysing is verreweg die beste. Want kyk, ek was meer gereed om die omwandeling van Aeneas en alle sulke dinge te vergeet as om te skryf en te lees. En waarlik, daar hang gordyne voor die deure van die grammatiese skool, maar dit beteken nie soseer verering van die geheimenis nie, as (eerder) bedekking van die dwaling. Laat hulle wat ek nie meer vrees nie, nie teen my uitroep nie, terwyl ek voor U nou bely wat my siel begeer, my God, en ek rus vind in die teregwyding van my sondige weë, sodat ek U goeie weë sal liefhê; laat hulle nie teen my uitroep nie, nóg die verkopers van die grammatika, nóg die kopers, want, as ek dit aan hulle sou voorlê, terwyl ek hulle ondervra, of dit waar is soos die digter sê dat Aeneas eenmaal na Kartago gekom het. (Dan) sal die ongeleerdes antwoord dat hulle nie weet nie, en die geleerdes aan die ander kant sal ontken dat dit waar is. Maar as ek sou vra met watter letters die naam "Aeneas" geskryf word, sal almal wat dit geleer het, reg antwoord volgens daardie afspraak en besluit waarmee mense tekens tussen hulle vasgestel het. Net so, as ek sou vra wat in die lewe die grootste ongerief sou veroorsaak om te vergeet: om te lees en te skryf, of daardie digterlike versinsels - wie sou nie insien wat hy sal antwoord nie, tensy hy van sy sinne beroof is? Dus het ek as seun gesondig, toe ek voorkeur gegee het aan daardie ydele dinge bo die veel nuttiger dinge, of eerder laasgenoemdes gehaat het en eersgenoemdes bemin het. Want "een plus een is twee, twee en twee is vier" was werklik vir my 'n gehate deuntjie, terwyl die houtperd vol gewapendes en die verbranding van Troje en die skim van Creusa self die soetste skouspel van ydelheid was.

Cur ergo graecam etiam grammaticam oderam talia cantantem? Nam et Homerus peritus texere tales fabellas et dulcissime vanus est et mihi tamen amarus erat puero. Credo etiam graecis pueris Vergilius ita sit, cum eum sic discere coguntur ut ego illum. Videlicet difficultas, difficultas omnino ediscendae linguae peregrinae quasi felle aspergebat omnes suavitates graecas fabulosarum narrationum. Nulla enim verba illa noveram et saevis terroribus ac poenis, ut nossem, instabatur mihi vehementer. Nam et latina aliquando infans utique nulla noveram et tamen advertendo didici sine ullo metu atque cruciatu inter etiam blandimenta nutricum et ioca adridentium et laetitas adludentium. Didici vero illa sine poenali onere urgentium, cum me urgeret cor meum ad parienda concepta sua, atque ea nata non essent, nisi aliqua verba didicissem non a docentibus, sed a loquentibus, in quorum et ego auribus parturiebam quidquid sentiebam. Hinc satis elucet maiorem habere vim ad discenda ista liberam curiositatem quam meticulosam necessitatem. Sed illius fluxum haec restringit legibus tuis, deus, legibus tuis a magistrorum ferulis usque ad temptationes martyrum, valentibus legibus tuis miscere salubres amaritudines revocantes nos ad te a iucunditate pestifera, qua recessimus a te.

XIV.23

Waarom dus het ek die Griekse letterkunde wat dergelike dinge besing, so gehaat? Want ook Homeros was knap met die dig van sulke fabels, en op verruklike wyse is hy ydel, en tog was hy bitter vir my as seuntjie. Ek glo selfs dat Vergilius vir Griekse seuns net so is, wanneer hulle gedwing word om hom te bestudeer, soos ek vir Homeros. Dit was natuurlik die moeite, die moeite van 'n vreemde taal wat van die begin af geleer moet word, wat as't ware al die Griekse lekkerte van die mitologiese verhale met gal besprinkel het. Ek het immers geen woorde van daardie taal geken nie, en deur vreeslike dreigings en strawwe is daar heftig by my aangedring dat ek dit moes leer. Want ook Latyn het ek eens op 'n tyd as kind glad nie geken nie, en tog het ek dit geleer deur op te let sonder enige vrees of kwellings, ja selfs onder die liefkosings van my voedsters en grappies van my toelagters en lawwigheide van hulle wat met my gespeel het. Só het ek dit geleer sonder die las van die straf van mense wat my dwing, aangesien my hart my aangespoor het tot die geboorte van dit wat ontvang is, en dit sou nie gebore gewees het nie, as ek nie sommige woorde geleer het nie, nie deur hulle wat onderwys het nie, maar deur hulle wat dit gepraat het, en ek het ook in hulle ore uitdrukking gegee aan wat ek gevoel het. Hieruit volg genoeg blyke dat vrye nuuskierigheid groter krag het om te leer as nougesette plig. Maar die dwang beperk die golf van daardie weetgierigheid deur U wette, o God; U wette vanaf die rottangs van die onderwysers tot by die versoekings van die martelare, U wette wat sterk maak deur heil te vermeng met smarte wat ons terugroep na U, weg van die verderflike genietings, waardeur ons weggegaan het van U.

Exaudi, domine, deprecationem meam, ne deficiat anima mea sub disciplina tua neque deficiam in confitendo tibi miserationes tuas, quibus eruisti me ab omnibus viis meis pessimis, ut dulcescas mihi super omnes seductiones, quas sequebar, et amem te validissime et amplexer manum tuam totis praecordiis meis et eruas me ab omni temptatione usque ad finem. Ecce enim tu, domine, rex meus et deus meus, tibi serviat quidquid utile puer didici, tibi serviat quod loquor et scribo et lego et numero, quoniam cum vana discerem, tu disciplinam dabas mihi et in eis vanis peccata delectationum mearum dimisisti mihi. Didici enim in eis multa verba utilia; sed et in rebus non vanis disci possunt, et ea via tuta est, in qua pueri ambularent.

Hoor, Here, my smeekgebed, sodat my siel nie versmag onder U tugtiging nie en ek ook nie tekort skiet in die belydenis voor U van U barmhartighede nie, waardeur U my weggeruk het van al my slegste weë, sodat U vir my liefliker sou word bo alle verleidinge wat ek gevolg het, en ek U sou liefhê en U hand sou vasgryp met my hele wese en U my sou wegruk van alle versoeking af tot aan die voleinding. Want U, Here,(is) my Koning en my God. Wat ek ook al as seun geleer het wat nuttig was, laat dit tot U diens wees, laat my woorde U dien, en wat ek skryf en lees en tel. Want aangesien ek ydele dinge geleer het, het U my straf gegee en U het my vergewe vir die ydele sondes van my begeertes in daardie dinge. Ek het immers baie nuttige woorde geleer; maar dit is ook moontlik om geleer te word in dinge wat nie ydel is nie, en dis 'n veilige weg daardie, waarop seuns sou kon gaan.

Sed vae tibi, flumen moris humani! Quis resistet tibi? Quamdiu non siccaberis? Quousque volves Evae filios in mare magnum et formidulosum, quod vix transeunt qui lignum conscenderint? Nonne ego in te legi et tonantem Iovem et aldulterantem? Et utique non posset haec duo, sed actum est, ut haberet auctoritatem imitandum verum adulterium lenocinante falso tonitru. Quis autem paenulatorum magistrorum audit aure sobria ex eodem pulvere hominem clamantem et dicentem: fingeat haec Homerus et humana ad deos transferebat; divina mallem ad nos? sed verius dicitur, quod fingeat haec quidem ille, sed hominibus flagitiosis divina tribuendo, ne flagitia flagitia putarentur et ut quisquis ea fecisset, non homines perditos, sed caelestes deos videretur imitatus.

Maar wee jou, rivier van menslike gebruike! Wie sal jou weerstaan? Hoe lank (nog) sal jy nie drooggelê word nie? Tot wanneer sal jy die seuns van Eva wegvoer na die groot en vreesaanjaende* see, wat nouliks bevaar kan word deur hulle wat op die Kruishout te skeep gegaan het? Want het ek nie in jou gelees van Jupiter nie, wat tegelyk donder en hoereer? Want dis mos nie moontlik dat hy beide kon wees nie, maar dis so voorgestel, sodat dit die gesag sou hê om die ware hoereerdery na te boots deur 'n valse donderaar, wat koppelaar speel. Maar wie van die gemantelde leermeesters hoor met onbevange ore 'n mens uit dieselfde stof wat uitroep en sê: Homerus het hierdie dinge uit sy duim gesuig en menslike eienskappe aan die gode oorgedra; ek sou verkies (dat hy) goddelikhede aan ons (oorgedra het)? Dit sou eerliker wees om te sê dat hy wel daardie dinge uit sy duim gesuig het, maar deur die goddelike dinge aan misdadige mense toe te dig, sodat sonde nie as sonde gereken word nie, en sodat wie dit ook al sou doen, nie beskou word dat hy verdorwe mense na-aap nie, maar hemelse gode.

* Nie teenwoordige deelwoord in Latyn nie

XVI.26

Et tamen, o flumen tartareum, iactantur in te fili hominum cum mercedibus, ut haec discant, et magna res agitur, cum hoc agitur publice in foro, in conspectu legum supra mercedem salaria decernentium, et saxa tua percutis et sonas dicens: “hinc verba discuntur, hinc acquiritur eloquentia rebus persuadendis sententiisque explicandis maxime necessaria”. Ita vero non cognosceremus verba haec, imbrem aureum et gremium et fucum et templa caeli et alia verba, quae in eo loco scripta sunt, nisi Terentius induceret nequam adolescentem proponentem sibi Iovem ad exemplum stupri, dum spectat tabulam quandam pictam in pariete, ubi inerat pictura haec, Iovem quo pacto Danaae misisse aiunt in gremium quondam imbrem aureum, fucum factum mulieri? Et vide, quemadmodum se concitat ad libidinem quasi caelesti magisterio:

at quem deum! inquit qui templa caeli

summo sonitu concutit.

Ego homuncio id non facerem? Ego vero

illud feci ac libens.

Non omnino, non omnino per hanc turpitudinem verba ista commodius discuntur, sed per haec verba turpitudine ista confidentius perpetratur. Non accuso verba quasi vasa lecta atque pretiosa, sed vinum erroris, quod in eis nobis propinabatur ab ebriis doctoribus, et nisi biberemus, caedebamur nec appellare ad aliquem iudicem sobrium licebat. Et tamen ego, deus meus, in cuius conspectu iam segura est recordatio mea, libenter haec didici et eis delectabar miser et ob hoc bonae spei puer appellabar.

En tog, o helse rivier, die seuns van die mens word in jou gewerp tesame met die betaling om hierdie dinge te kan leer, en dit word behandel as 'n groot saak, wanneer hierdie dinge publiek op die forum behandel word, in die aangesig van die wette, wat behalwe die fooi ook nog 'n verdienste [van die staat] toeken, en U slaan u rotse en u stem weerklink wanneer U sê: "Hier word woorde geleer, hier word welsprekendheid verkry wat baie noodsaaklik is om sake oortuigend te bepleit en menings uiteen te sit". Want ons sou werklik nie hierdie woorde - soos goue reën, moederskoot en bedrog en tempel van die hemel en dergelike woorde - geken het nie wat op daardie plek geskrywe staan, as Terentius nie 'n nikswerd jongman aan die woord gestel het nie terwyl hy Jupiter voorstel as voorbeeld van ontug, terwyl hy 'n muurskildery bekijk waar 'n voorstelling op is van die manier waarop Jupiter, eenmaal 'n goue reën in Danae se skoot gestuur het, (en so) owerspel gepleeg het met die vrou? En let op watter manier hy homself prikkel tot wellus asof deur hemelse onderwysing:

"Wat 'n god," sê hy, "wat die tempel van die hemel deur die hoogste donder geskud het. Sou ek, nietige mensie, dit dan nie doen nie? Inteendeel, ek het dit met graagte gedoen."

Waarlik, daardie woorde word nie makliker geleer as gevolg van hierdie skandelikheid nie, maar hierdie skandelikheid word deur die woorde met minder skaamte¹ gepleeg. Ek beskuldig nie die *woorde* nie, asof hulle uitgesoekte en kosbare houers (sou wees) nie, maar die *wyn* van dwaling, wat daarin aan ons voorgesit is deur dronk geleerdes. En as ons nie sou drink nie, is ons geslaan en daar was geen sobere regter op wie ons ons kon beroep nie. En tog, my God, in wie se aangesig my herinnering reeds veilig is, ek het graag hierdie dinge geleer en armsalige wat ek was, behae daaruit geput, en om hierdie rede is ek 'n belowende* jongman genoem.

¹ Letterlik in die Latyn: *met groter selfvertroue*. Die vertaler wil graag die aspek van *onbeskroomdheid* beklemtoon, en het daarom op 'n negatiewe trap van vergelyking besluit.

* Nie teenwoordige deelwoord in Latyn nie

Sine me, deus meus, dicere aliquid et de ingenio meo, munere tuo, in quibus a me deliramentis atterebatur. Proponebatur enim mihi negotium, animae meae satis inquietum praemio laudis et dedecoris vel plagarum metu, ut dicerem verba Iunonis irascentis et dolentis, quod non posset Italia Teucrorum avertere regem, quae numquam Iunonem dixisse audieram. Sed figmentorum poeticorum vestigia errantes sequi cogebamur et tale aliquid dicere solutis verbis, quale poeta dixisset versibus: et ille dicebat laudabilius, in quo pro dignitate adumbratae personae irae ac doloris similior affectus eminebat verbis sententias congruenter vestientibus. ut quid mihi illud, o vera vita, deus meus? Quid mihi recitanti adclamabatur prae multis coetaneis et conlectoribus meis? Nonne ecce illa omnia fumus et ventus? Itane aliud non erat, ubi exerceretur ingenium et lingua mea? Laudes tuae, domine, laudes tuae per scripturas tuas suspenderent palmitem cordis mei, et non raperetur per inania nugarum turpis praeda volatilibus. Non enim uno modo sacrificatur transgressoribus angelis.

XVII.27

Laat my toe, my God, om iets te sê ook oor my vindingrykheid, - u geskenk - en in watter afdwalinge dit deur my misbruik is. Want 'n opdrag is aan my gegee, wat my gees baie verontrus het deur die beloning van lof en verering - of vrees vir slae - dat ek die woorde van 'n woedende en treurende Juno wat nie in staat was om die koning van die Trojane uit Italië te hou nie, moes opsê; (woorde) wat ek Juno nog nooit hoor sê het nie. Maar ek is gedwing om die kronkelende spore van digterlike versinsels na te volg en iets te sê in prosa soortgelyk aan wat die digter in poësie gesê het. Hy wat die meeste lof gekry het vir sy voordrag was die een wat die beste die emosies van woede en smart weergegee het volgens die aansien van die gesketste persoon terwyl hy op getroue wyse die gevoelens met woorde inklee. Watter nut (was dit vir my) o ware Lewe, my God? Watter nut (was dit) dat ek toegejuig word terwyl ek opsê, meer as my tydgenote en mede-voordraers? Want kyk, was dit nie alles rook en wind nie? Was daar dan nie iets anders nie, waardeur die verstand en my tong geoefen sou kon word nie? U lof, o Here, U lof in die Woord sou die lootjie van my hart kon ondersteun, sodat dit nie deur ydele nietighede meegevoer word, as 'n smadelike buit van gevleueldes nie. Want daar word immers op meer as een wyse aan die gevalle engele geoffer.

XVIII.28

Quid autem mirum, quod in vanitates ita ferebar et a te, deus meus, ibam foras, quando mihi imitandi proponebantur homines, qui aliqua facta sua non mala si cum barbarismo aut soloecismo enuntiarent, reprehensi confundeantur, si autem libidines suas integris et rite consequentibus verbis copiose ornateque narrarent, laudati gloriabantur? Vides haec, domine, et taces longanimis et multum misericors et verax. Numquid semper tacebis? Et nunc eruis de hoc inmanissimo profundo quaerentem te animam et sitientem delectationes tuas, et cuius cor dicit tibi: quaesivi vultum tuum; vultum tuum, domine, requiram: nam longe a vultu tuo in affectu tenebroso. Non enim pedibus aut spatiis locorum itur abs te aut reditur ad te, aut vero filius ille tuus minor equos vel currus vel naves quaesivit aut avolavit pinna visibili aut moto poplite iter egit, ut in longinqua regione vivens prodige dissiparet quod dederas proficiscenti dulcis pater, quia dederas, et egeno redeunti dulcior: in affectu ergo libidinoso, id enim est tenebroso atque id est longe a vultu tuo.

XVIII.28

G'n wonder aan die ander kant, dat ek so van U af weggedra is deur ydelhede, my God,(en) ek weggedwaal het, toe mense aan my voorgehou is om as voorbeeld te volg, wat ontsteld geword het weens afkeur indien hulle hulle aanvaarbare dade wat gedoen is, sou beskryf met 'n barbarisme of 'n grammatikale fout. Aan die ander kant, as hulle onverbloemde barre begeertes op uitvoerige en kleurrike wyse sou oorvertel met welgeordende woorde, word hulle dan nie as prysenswaardig opgehemel nie? U sien dit, Here, en U swyg lankmoedig en baie barmhartig en betroubaar. Maar sal U altyd swyg? Selfs nou ontruk U uit die verskriklike diepte die siel wat tot U roep en wat dors na U genietinge, en die hart van hom wat vir U sê: "Ek het U aangesig gesoek, O Here; U aangesig sal ek weer soek": want ek was ver van U aangesig in die duisternis van begeerte. Dit is immers nie met die voete of werklike afstand dat van U af weggegaan word of na U toe terug gekeer word nie - net so min as wat daardie jonger seun van U perde of 'n wa of 'n skip gesoek het of weggevlieg het met sigbare vlerke of deur die beweging van sy knieë sy reis gemaak het, sodat hy terwyl hy spandabel lewe in 'n afgeleë land kon uitmors dit wat U aan hom as 'n liefdevolle vader gegee het by sy vertrek, omdat U dit nog liefdevoller gegee het, ook aan die behoeftige by sy terugkoms: so (was ek) in wellustige begeerte. Dit is immers donkerheid, en dit is ook ver van U aangesig.

XVIII.29

Vide, domine deus, et patienter, ut vides, vide, quomodo diligenter observent filii hominum pacta litterarum et syllabarum accepta a prioribus locutoribus et a te accepta aeterna pacta perpetuae salutis neglegant, ut qui illa sonorum vetera placita teneat aut doceat, si contra disciplinam grammaticam sine adspiratione primae syllabae hominem dixerit, magis displiceat hominibus, quam si contra tua praecepta hominem oderit, cum sit homo. Quasi vero quemlibet inimicum hominem perniciosius sentiat quam ipsum odium, quo in eum irritatur, aut vastet quisquam persequendo alium gravius, quam cor suum vastat inimicando. Et certe non est interior litterarum scientia quam scripta conscientia, id se alteri facere quod nolit pati. Quam tu secretus es, habitans in excelsis in silentio, deus solus magnus, lege infatigabili spargens poenales caecitates supra inlicitas cupiditates, cum homo eloquentiae famam quaeritans ante hominem iudicem circumstante hominum multitudine inimicum suum odio inmanissimo insectans vigilantissime cavet, ne per linguae errorem dicat: inter omnes, et ne per mentis furorem hominem auferat ex hominibus, non cavet.

XVIII.29

Kyk, Here God, en sien met geduld soos u altyd kyk, hoe die seuns van die mens yweriger die reëls van letters en lettergrepe in ag neem wat hulle ontvang het van vorige sprekers, en die ewige voorwaardes van voortgesette heil wat hulle van u ontvang het, in die wind slaan, sodat hy die ou-ou klankreëls onderhou en dit leer. As 'n mens téén die grammatikale reëls 'n eerste sillabe sonder aspirasie sou uitspreek, gee dit meer aanstoot aan mense as wanneer iemand 'n mens téén u wette in sou haat, hoewel hy 'n mens is. Dit is asof hy een of ander vyand as skadeliker sou ervaar as daardie einste haat wat in hom woed, en of iemand 'n ander mens groter skade sou kon aandoen deur hom te vervolg as wat hy sy eie hart vernietig deur te haat. En sekerlik is die wetenskap van geletterdheid nie dieper ingeskryf as die gewete nie, wat verbied dat aan 'n ander gedoen word wat jy nie self sou verduur nie. Hoe misterieus is U, o God, waar U woon in die hemele in stilte, U alleen is groot, wanneer U volgens U onverganklike wet die straf van blindheid uitstrooi op ongeoorloofde begeertes. Soos wanneer 'n man die roem van welsprekendheid najaag, voor 'n menslike regter en voor 'n omringende skare van mense sy vyand met onmenslike haat beskuldig, hy uiters oplettend (is) daaroor om nie deur 'n uitspraakfout te sê: "inter omnes" nie. En tog pas hy nie op dat 'n mens nie weggeruk word tussen mense deur die woede van die gees nie.

Horum ego puer morum in limine iacebam miser, et huius harenae palaestra erat illa, ubi magis timebam barbarismum facere quam cavebam, si facerem, non facientibus invidere. Dico haec et confiteor tibi, deus meus, in quibus laudabar ab eis, quibus placere tunc mihi erat honeste vivere. Non enim videbam voraginem turpitudinis, in quam proiectus eram ab oculis tuis. Nam in illis iam quid me foedius fuit, ubi etiam talibus displicebam fallendo innumerabilibus mendaciis et paedagogum et magistros et parentes amore ludendi, studio spectandi nugatoria et imitandi ludicra inquietudine? Furta etiam faciebam de cellario parentum et de mensa vel gula imperitante vel ut haberem quod darem pueris ludum suum mihi quo pariter utique delectabuntur, tamen vendentibus. In quo etiam ludo fraudulentas victorias ipse vana excellentiae cupiditate victus saepe aucupabar. Quid autem tam nolebam pati atque atrociter, si deprehenderem, arguebam, quam id quod aliis faciebam? Et, si deprehensus arguerer, saevire magis quam cedere libebat. Istane est innocentia puerilis? Non est, domine, non est, oro te, deus meus. Nam haec ipsa sunt, quae a paedagogis et magistris, a nucibus et pilulis et passeribus, ad praefectos et reges, aurum, praedia, mancipia, haec ipsa omnino succedentibus maioribus aetatibus transeunt, sicuti ferulis maiora supplicia succedunt. Humilitatis ergo signum in statura pueritiae, rex noster, probasti, cum aisti: talium est regnum caelorum.

Ek, ongelukkige kind, het gelê op die drumpel waar daardie gewoontes (geheers het) en dit was 'n skool van worsteling, toe ek meer gevrees het om 'n barbarisme te begaan as wat ek versigtig was, om as ek een begaan het, nie diegene wat dit nie gedoen het, te beny nie. Ek sê hierdie dinge en ek bely dit voor U, my God, (dinge) waarin ek geprys is, deur mense wat ek toe gereken het dat as ek hulle behaag, dat dit was om deugszaam te leef. Want ek het nie die afgrond van die skande gesien nie, waarin ek gegooi is, ver van U oë af. Want in daardie sake, wat was meer veragtelik as ek, toe ek selfs sulke mense mishag het deur die slaaf wat my skool toe geneem het, leermeesters en my ouers te bedrieg met ontelbare leuens, vanweë my liefde vir speletjies, die lus om ydele spele te aanskou en deur die rusteloosheid om klugspele na te boots. Want ek het ook diefstal gepleeg uit my ouers se spens en van die tafel, hetsy omdat my gulsigheid my daartoe aangepor het, hetsy sodat ek iets sou hê om aan die seuns te gee wat hulle daardeur laat omkoop het om met my te speel, al het hulle eweveel genot daaruit geput. Ook in daardie spel het ek dit dikwels nagejaag om bedrieglike oorwinnings te behaal omdat ek oorwin is deur die ydele begeerte om uit te blink. Maar wat was daar wat ek so bitterlik geweier het om te verdra, en waaroor ek so geprotesteer het, as wanneer ek iemand sou betrap op wat ek self aan ander gedoen het. En as ek betrap is en verwyt is, het ek liever baklei as om toe te gee. Is dit nou kinderlike onskuld? Nee, dit is nie, o Heer, dit is nie, ek smeeek voor U, my God. Want hierdie selfde dinge is dit wanneer 'n mens by 'n volgende ouderdom aangekom het; maar dan nie meer ten opsigte van begeleiers en leermeesters, neute en balletjies en mossies nie, maar dan (oor) stadhouers en konings, goud, landgoedere en slawe; net soos erger strawwe die rottang opvolg. Ons Koning, U het dus die teken van nederigheid in die gestalte van kinders goedgekeur toe U gesê het: aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele.

Sed tamen, domine, tibi excellentissimo atque optimo conditori et rectori universitatis, deo nostro gratias, etiamsi me puerum tantum esse voluisses. Eram enim etiam tunc, vivebam atque sentiebam meamque incolumitatem, vestigium secretissimae unitatis, ex qua eram, curae habebam, custodiebam interiore sensu integritatem sensuum meorum inque ipsis parvis parvarumque rerum cogitationibus veritate delectabar. Falli nolebam, memoria vigebam, locutione instruebar, amicitia mulcebar, fugiebam dolorem, abiectionem, ignorantiam. Quid in tali animante non mirabile atque laudabile? At ista omnia dei mei dona sunt. Non mihi ego dedi haec: et bona sunt et haec omnia ego. Bonus ergo est qui fecit me, et ipse est bonum meum et illi exulto bonis omnibus, quibus etiam puer eram. Hoc enim peccabam, quod non in ipso, sed in creaturis eius me atque ceteris voluptates, sublimitates, veritates quaerebam, atque ita inruebam in dolores, confusiones, errores. Gratias tibi, dulcedo mea et honor meus et fiducia mea, deus meus, gratias tibi de donis tuis; sed tu mihi ea conserva. Ita enim servabis me, et augebuntur et perficientur quae dedisti mihi, et ero ipse tecum, quia et ut sim tu dedisti mihi.

Maar tog, Here, ons God, sou ek U bedank, U as mees verhewe en allerbeste Skepper en Bestuurder van die heelal, selfs al sou U dit wou hê dat ek slegs maar 'n knapie gebly het. Want ook toe het ek bestaan, het ek geleef, het ek gevoel en het ek sorg gedra vir my veiligheid – die teken van die verborge eenheid waaruit ek gekom het, en het ek in my binneste wese die ongeskondenheid van my bestaan opgepas. Selfs in my klein gedagtetjies wat hulle besig gehou het met kleine dingetjies, het ek behae geput uit die waarheid. Ek wou nie om die bos gelei word nie; my geheue was sterk; ek was toegerus met die vermoë om te praat; vriendskap was vir my aangenaam; ek het pyn, neerslagtigheid en onkunde ontvlug. Wat in so 'n lewende wese is nie wonderbaar en prysenswaardig nie? Maar al dié dinge is aan my geskenk deur my God. Dit is nie ek wat dit vir myself gegee het nie; en dit was goeie dinge en dit alles was ek. Daarom is Hy goed wat my gescape het, en Hyself is my goed en ek loof Hom vir al die goeie dinge, waardeur ek as seun bestaan het. Want hierin het ek gesondig: dat ek nie in Hom nie, maar in sy skepsele – myself en andere – genietinge, verhewenheid en waarhede gesoek het, waardeur ek in smarte, verwarringe en dwalinge ingestorm het.

Ek dank U, my Vreugde en my Eer en my Geloof, my God, ek dank U vanweë u gawes: maar bewaar U hulle vir my. Want so sal U my bewaar, en so sal dit wat U my gegee het, vermeerder en vervolmaak word, en ek self sal by U wees, omdat U selfs aan my geskenk het dat ek bestaan.

